

**This document consists of two (2) parts:**

**Part A: Thesis**

**Part B: Portfolio**

Part A: Thesis

**Hierdie keer gaan nie maklik wees nie**

Submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree of

**Master of Arts in Creative Writing**

of

Rhodes University

by

**Deon Claudius Visser**

November 2020

Titel: Hierdie keer gaan nie maklik wees nie

Prosa versameling

Deon Claudius Visser

Afrikaans studieleier: Mnr. Paul Wessels; Mede-studieleier: Me Henali Kuit

Abstract:

My tesis bestaan uit twee versamelings van prosa wat verwant en in noue verband met mekaar tree. Die prosa is fragmentaries en kort maar verbind met 'n oorkoepelende storie wat in beide Afrikaans en Engels voorgelê word. Die Afrikaanse deel van my tesis ondersoek die verlede, en die Engels die toekoms. My algemene bron van inspirasie vir die struktuur en voorlegging van die tesis word verkry vanaf die klassieke raamverteller konvensie soos gebruik in *One Thousand and One Nights*, hierdie konvensie maak gebruik van raamfragmente wat binne 'n groter geheel gevind kan word. Dit is juis hierdie komplekse struktuur wat dit moontlik maak om tyd, hede en verlede asook die toekoms, te kan ondersoek en uit te beeld. Verder maak dit dit ook moontlik om gekoppelde herinneringe, gedagteneigings, en fantasieverhale te kan gebruik as die dryfkrag van die oorkoepelende storie. Met betrekking tot kontemporêre fiksie vind ek die meeste aanklank en invloed by Sandra Cisneros se boek *House on Mango Street*. Ek het by hierdie verhaal geleer hoe om vignette en kortverhale onafhanklik maar met 'n motief-verbinding aan mekaar te koppel. Tematies gesproke handel my tesis oor herinneringe, nostalgie, familieverhoudings, die dood asook afsluiting en aanbeweging. In terme van hierdie temas vind ek dat Nathan Trantraal se *Chokers* en *Survivors*, en Noudat Slapende Honde deur Ronelda S. Kamfer my die meeste insae gee oor die verhouding tussen Afrikaans en Engels in die literatuur. Verder is Loftus Marais se taalgebruik en die vermenging van taal in *Staan in die Algemeen Nader aan Vensters* ook insiggewend.

## Inhoudsopgawe

Huis op ‘n Heuwel .....	5
Gistergeel .....	8
Skoen.....	9
Ouma Joefie se Melkkos.....	10
Kombuis Kas.....	13
Oop-toe .....	14
Kakker-jakkers.....	15
Hospitaalbed .....	17
Klein Klont.....	17
Twee weke gelede.....	18
Die oggend voor ouma se gil oggend .....	21
Die aand voor ouma se gil oggend.....	22
Tussen Tyd.....	24
Job interview .....	26
Die Groeba .....	27
Timbuk se Mou.....	30
Vloer matras.....	33
Duiwel kont.....	34
Gesigte in die Wind .....	35
Tannie Lus-let .....	36
Slaphoeke.....	42
Nat Swembad.....	44
Jags-brakke .....	46
Praat straight ... ..	47
Teverneefs.....	48
Rak pakker .....	49
Vettie-Hush.....	51
Moederbaar .....	52
Helder Oë.....	54
33 Abelia.....	55

## Huis op 'n Heuwel

Daar's 'n huis op 'n heuwel, en ek het as kind daar gebly. Ek het daar grootgeword. Ek het daar leer stap en val en praat en lag. Ek het 'n deel van myself in die matte en mure en tuin agtergelos toe my ouers die een jaar begin skei het. Toe my ma oornag besluit het ons moet uittrek; my ma het nog altyd haar emosies ontvlug en sodoende het sy my deur haar moedering die tegnieke van onderdrukking en weghardloop geleer.

Die ou huis is die enigste plek waar ek al ooit tuis gevoel het, die meeste soos myself gevoel het. Dit is die plek waar my oupa doodgegaan het. Waar ek rondgehardloop het en as kind gespeel het. Waar ek TV gekyk het. En met my mannetjies in die voorste sitkamer gespeel het. Dit was grootword en seerkry. Dit was huil en lag.

Dis die plek waar ek weggekruip het in die geel kombuiskas in die hoek en deur die gleufies die wêreld daarbuite in stilte aanskou het.

Waar my honde, Ounooi en Husky, en toe Buddi en Husky en toe Buddi en Merlot in die agterplaas gespeel het. Twee honde. Daar was altyd twee op 'n slag.

My voete het die modder van die winter deurtrap op die agterste grasperk waar die honde die gras weggehardloop en uitgetrap het.

Ek het saam met my nefies, Gerrit en Jacques en Beau en en en en geswem, gelag en gekuier en Playstation gespeel en Desemberavakansies gehad.

Desemblers was die beste omdat almal altyd by ons huis kom kuier en bly het. Ons groot huis wat almal omhels het. Ons groot huis wat almal wou beskerm het.

Ons het Strand toe gegaan en sandkastele gebou, wat in hindsight ons geleer het oor transience en die lewe, dis nou wanneer die branders stadig maar seker als wat ons gebou het gebreek het. Hooggety, laaggety. Slakkies wat uit die sand uit borrel en met hulle groen skulpies en wapper-rok pluus-pote die oseaan invaar. Die koue see van die Kaap.

Winters en somers. Tyd. Onbekampete en ongedefineerde tyd. Boundaryless soos die drome van kinders, soos my eie, wat soos kites in die wind vlieg.

Hierdie was 'n plek waar ek nooit alleen gevoel het nie.

Dit was hemel. Dit was heiligdom. Dit was myne, maar ook almal wat daar kom kuier het s'n.

Buite in die tuin het ek die sade van my lewe geplant. Daar is 'n boom wat so oud soos ek is. Onthou hy my? Het hy al kinders gekry? Ek het die boom geklim, in sy arms gesit, en die wilde wêreld van my agterplaas aanskou.

“Kom Buddi, kom Husky, kom Ounooi, kom Merlot.”

Kom. Terug. Huistoe.

Dit het my sewentien jaar gevat om te besef wat ek daar agtergelos het. Dit het my tyd gevat om te besef dat die trauma van die sudden departure my toe laat slaan het. En dat ek op my laaste aand daar 'n tipe spell gedoen het.

Harry Potter het my geleer van die Room of Requirement. En spells. En die mag van kinders en verbeeldings. My kamer was my eie Room of Requirement. Dit was die kamer waar ek die

meeste tyd spandeer het, waar ek met my hamsters en mannetjies gespeel het. En waar ek vir skoolvakke prober leer het, maar meeste op die kaste rondgeklim het. Waar die hanswors onder die bed gebly het – die een wat my onder die bed wou intrek. My vrese kweek verlange.

Die jaar net voor die storm begin het, het ek in Harry Potter se wêreld ingespring, 'n tydelike ontvlugting van die storm op die horison. Ek het hierdie boeke op my suster se pienk, opblaasswembad-Barbie-stoel gelees, in die voorste sitkamer wat op die Helderberg uitkyk. Die dae was lank. Die lug was warm. My broek was nat. My vingers klam.

“Mr and Mrs Dursley of number four Privet Drive ...”

“Kom ons gaan na die huis toe ...” het ek vir my nefie gesê daardie aand. Die laaste aand. Ek het in my kamer gaan sit wat presies was soos wat dit altyd was. Die hele huis was leeg. Maar my kamer het die langste agtergebly. Ek het geweier om my goed te pak. Dalk as ek lank genoeg uitgehou het sou my ma haar mind verander. En dalk sou ek nie hoef die plek wat my styf bewaar het te laat gaan nie.

“Dis reg, let's go.”

Die huis is donker en leeg. Daar is niemand of niks nie. Die ligte en kamers wat altyd so helder gebrand het is dof en dood. Dis net oupa wat nog deur die gange loop en uit sy kamer uitstap en op die drumpel kom staan en vir my kyk terwyl ek TV kyk. Oupa wat 'n swart bol energie geraak het wat lank na sy dood my nogsteeds opgepas het. Hoe kan my ma verwag dat ek al hierdie moet agterlos? My tuiste. My oupa. My geel, soete herinneringe wat die mure soos was bedek.

Ek en my nefie stap deur die huis van buikholte tot in die slaapkamerskouers. Tone: die tuin, buik: die garage. En die donker kamers van die onderste gedeelte van die huis. Maag en pens: kombuis. Borskas: die braaikamers. Skouers: die slaapkapers. Kop: die dak en uitkykpunt wat my toelaat om vry te wees en alles wat altyd in die huis aangegaan het te vergeet.

Ons het eenslag 'n video gemaak waar ons 'n fêke sang kompetisie gehou het. Ons het mekaar bang gemaak in die sonbedkamer. En ons het vir die eerste keer dagga gerook in Jennifer, ons bediende, se kamer. Ons het hotel-hotel in die gymkamer gespeel met geld wat ek by ToyJoy gekoop het. Soveel tyd. Soveel verbeelding. “Ek gaan nooit vergeet wat dit is om te verbeel nie!” het ek myself eendag lank lank gelede belowe.

Ek maak die garagedeure oop en hulle kraak en steun soos moeg mense. Oumense wat nie meer op hulle eie kan staan nie. Ek onthou die tafeltennis toernooie wat ons hier gespeel het.

“Wat dink jy aan?” vra my nefie my.

“Ek weet nie. Niks.” Die trane wat in my oogbanke en traankliere vassit, brand. Ek mag nie huil nie. Ek kan nie huil nie. Ek is uit oefening, want ek het dit te lanklaas gedoen. En wie huil nou oor 'n huis anyway.

Die laaste aand wat ons in die ou huis rondgewarrel het, het ek aan die mure geraak en hulle verfkloppe soos braille gelees. Elke donker oomblik swem vol herinneringe voor my. Deur die garage en by die trappe op. Deur die kombuis waar ek weggekruip het in die kas en verby die sitkamer waar ek met my mannetjies gespeel het. Verby die braaikamer waar my gans Petrus voorheen op die oop blad gebly het.

Verby die TV-kamer, waar ek soveel van my tyd spandeer het op hoërskool, en op by die twee trappies waar Oupa se swart spooklyf my kort-kort dopgehou het.

Trap stilletjies verby Ouma en Oupa se ou slaapkamer waar ek tussen hulle gelê het en stories geluister het op die radio, of by Ouma, of selfs uit boeke.

In my kamer in, vir die laaste keer.

“Kom ons rook ‘n bietjie dagga” sê ek meer as wat ek vra.

My nefie knik en ek vat ‘n joint en steek dit aan. Een trek.

Die mat in my kamer begin helder te brand en ‘n sirkel word uit die vloer gekerf. Helder kleure en wat blyk soos die diepste energieke dele van die huis en my childhood, speel voor my oë af.

“Wat sien jy?” vra my nefie.

“Presies wat ek vanaand moes...”

Dit was in daardie oomblik wat ek besef het dat ek nie deur my hardkoppigheid en wyering om my bokse te pak die inevitable kan vermy nie. My ma en almal anders is klaar uit. Ek is die laaste een wat oorbly in die huis. Die guardian van die huisgeraamte.

My oë glinster met die moontlikheid van die magiese gat. Ek het op daardie selfde plek soveel ure gesit en meditate. Ek het op ‘n punt so goed geraak dat ek myself vir ure lank in ‘n beswyming kon vasvang.

“Is jy oraait?”

Ek knik en onthou die laaste keer wat my nefie daai gevra het, “Onthou jy daai slag toe ons gemeditate en ons daai weird vrou langs die forest en die rivier gesien het?”

“Ja daai was freaky.”

“Die luslet ... ek sien nou ‘n gat voor my ... ek wonder wat dit is”

My geestesliggaam tree van die bruin kis af waarin ek al my speelgoed gestoor het en waar ek al my Playstation, nat-swembroek, Desemberdae saam met nefies deurgebring het.

“Ek gaan vir ‘n tydjie weird wees. Afswitch. Dis nou als net te veel vir my. Kom jy saam?” menende gaan jy saam met my in die magiese droomwêreldgat klim?

“Nee, is jy mal?”

Maar voor ek kan antwoord, raak ek ‘n zombie. Dissociate. Disintegrate. En stoor ek die belangrikste deel van my in die belangrikste plek vir my. Abeliastraat se huis.

Ek het aan die begin gedink dat ek terug gaan kom in die toekoms en die huis weer gaan koop en alles gaan normaal wees. Of dat ek dalk vir oulaas op die dak gaan klim, of blaai en briefies agter my lessenaar gaan uitvis.

Maar ek besef nou dat ek in die toekoms gaan terugkom, al klaar teruggekom het om iets op te tel wat ek vyftien jaar terug in die huis agtergelos het. Myself.

## **Gistergeel**

Agter die skerm van vandag. Kruip daar 'n verlede weg. Tussen woorde se stiltes sien ek myself as kind. Bang. Myself as hond. 'n Ding wat deur ouers se skerp klanke gesny was.

Daar is meubels in 'n ou huis en die jare se terugdink het hulle met vormlose denk-doeke bedek. Die oomblik wat ek die herinnering betree, verruil hulle stofstories en amberglinster verhale.

Ek gaan sit voor die spleet van nou en dan en lok die beelde uit die stowwerige skaduwees uit. Die huis begint raas met skellende ouerlike stemme uit die duisternis stap 'n amper-iemand mens-ding nader. En ek besef vandag se onseker-angs was gister se nodige skuilplek.



## **Skoen**

Rooi leer. Harde rubber sool. Vuil. Ek ruik jou voet vir 'n oomblik in dit. Die reuk, én jy, pis my af. Ek haat jou. Soos 'n pappegaai wat in 'n sekonde sy pupil kan verklein en 'n mens pik, besluit ek so. Emosionele wipplankryer. Dis ek. Vergrotende pupilman. 'n Kalm pappegaai. 'n Kwaad vol-nikke naai.

Jou skoen lê in die ou oom met die verhoringde vingers se yard. Ek lag. Jy huil.

## **Ouma Joefie se Melkkos**

Ek haat my ouma se melkkos.

Twee koppies papgekookte macaroni wat nes dooie uitgeholde sigaretstompies in “n sop van melk en maizena dryf, doen dit net nie vir my nie. As jy dit eet, kleef dit nes houtlym aan jou verhemelte vas en as jy soos ek, dit soos “n honger hond op een slag insluk, verskroei dit die sensitiewe mondmembrane.

Daar is “n sagte, formele klop aan die deur. Ek weet omdat my ore fyn geoefen is. Ek weet dis either: “n dominee, boemelaar of verlangse familielid wat iets nodig het.

“Maak die blerrie deur oop!” skree my ma uit een van die holtehoekies van ons huis.

Die stoom borrel en blaas uit die kombuis uit soos wat my ouma werskaf en macaroni proe: „Mmm ... te hard“, en dan nog papper kook. “n Houtlepel word hard getik op “n pot se rand, drie tikke meen „Not die damn ek nie!“

Die invisible oog van responsibility skaats deur die gang en bollemakiesie oor die bank op my. „Not die blêriewil ekke nie“ dink ek soos wat my lamsakkigheid deur tierlantynjies soos verantwoordelikeheidsin, skuldegevoelens en pligsgetroutheid disrupt word.

Die klop is nou harder, en die skaam timid klop van tevore word vervang met “n „Ek ruik die fokken pypkaneel, maak die donnerse deur oop“ intensie. Die resep vra vir “n kwartlepel sout, maar my ouma meet nie met lepels of koppies nie. Sy meet met palms en die akkuraatheid van “n semi-verwasemde oog. Sy kook op gevoel. En dit is seker hoekom sy twee koppies suiker moet byvoeg om die klier-pekelende soutsmaak te versier.

Tok-tok-tokkelok

My pa is missing in action. Hy slaan imaginary gholfballe en droom van vryheid en visvang. Hy droom van “n lewe sonder kinders. Hy dink aan die pa wat hy nooit gehad het nie. Die enigste vriend wat my ma hom toegelaat het, ons African grey papagaai Wally. En sy broer wat altyd alles gekry het terwyl hy, my pa, ou onderbroke moes dra.

Die skemer verskroei die lug buite. Die lug bloei pomelo. Die televisie ritsel advertensieklanke en knaag deuntjies met visuele flikker-stimulasie wat veronderstel is om jou, die voyeuristiese kyker, se aandag te trek, of dalk breinaanvalle te induce. Oopkyktyd is “n oefening in patience en selfbeheersing, dis waar mense begin leer om hulself in te hou en te straightjacket, en woede vas te byt en klem in “n „Als is okei, glo my!“ fashion.

“Boeta, daar’s iemand by die verdomde deur, waar is jy!” ek wurm myself onder die groot kussings in en gaan lê in die gleuf agter dit sitvlakkussings, met die rugkussings voor my. Nou is ek “n bank.

Die macaroni dryf en kook en simmer in die sout-suiker maizena sop.

“Pis dun” hoor ek my ouma met haarself praat en ek verbeel my dat sy die resep in the moment verander en nog “n eetlepel maizena in water oplos en byvoeg. Na dit moet sy vir volroommelk kompensate en 200 ml by die huidige 1 liter voeg. Koskook is “n balancing act. Dis bietjie van die, bietjie van daai, en „Oh shit“ té veel van daai.

My ma spring finally op en haar tree verstewig die teëls in hulle fondasie in.

“Seker nou weer “n klomp beddaars” brom sy.

Die bank is lekker. Dis warm. Dis soos ons kombuiskas se skuiling, maar net meer gemaklik.

Ons groot voordeur vlieg oop. En die reënboogkleurige gekerfde pelikaan skrik en vlieg vir “n oomblik deur die kleurvolle, verniste reënwood. Die oom wat dit vir ons gemaak het was “n weirdo. Die blonde poniestert oom met sy oorbelle en sweetpakbroek.

“Naandsê mevrou ...” hoor ek die dominee se stem.

Ek boor myself dieper in die bank in. Gaan die dominee my ma vertel dat ek te veel vrae vra? Dat ek geweet het die Bybel 66 boeke in het? Of dat ek Sondagskool al vir twee weke skip?

My ma se stem bloos en sy versoet van “n norsjors na “n kondensmelkfonteintjie van vrolikheid.

“Net “n oomblik dominee ...” wasem my ma se stem oor, dan is sy weg omdat sy die deur saggies toedruk en op my ouma gil.

“Ma ... ma ... die dominee is hier!”

My ouma se gehoor is soos haar sig. Sy hoor soms goed, ander tye, as die wind te kwaai waai, hoor sy niks nie.

“Hoe nou?” roep sy met die houtlepel in haar mond.

Ek hoor hoe sy die houtlepel langs die plaat neersit en dit beteken al die bestanddele het saamgesmelt en Ouma Joef se melkkos is klaar. Die ontrafelde macaroni dryf nou op die gewenste manier in die kaneel-besproete melk en maizena mengsel rond.

“Die dominee ... is hier!” sê my ma weer, sy maak die deur oop en glimlag vinnig vir die dominee.

“Verskoon tog dominee, my ma is “n bietjie ... hardhorend”.

“Nou wat die hel moet ek daaraan doen!” roep my ouma van die kombuis af, en dan onthou sy, en roep my pa wat lug slaan in die garage, die twee loop reg agter die bank waar ek lê en verpapie.

Ek voel “n melkerige hand wat vir my voel en soek.

“Jy ook jou klein bogger!”

Die hele familie loop op die tempo van “n begrafnis optog na die sitkamer.

“Hoe kan ons help, dominee?” vra my ma as die leier en mondstuk van die familie.

My ouma speel met haar valstande, my pa grip nogsteeds “n gholfstok en ek aanskou my vlindervlerke.

Die dominee gee “n onsekere kuggie wat beteken hierdie is nie official business nie. Sy vrou glimlag met pienk deegwangetjies en haar beste floral rok.

“Ek en Magriet wou weet of julle sal belangstel in “n reeks *Wêreldspektrums* vir Boeta?”

Ons almal gee “n verligte sug en belowe ons sal altyd ons Bybel lees en kerk toe gaan.

“Is dit dan so stil by die kerk?” vra my ouma, “verskoon tog die melkkos kort nog so paar tittels kaneel!”

Ek vra natuurlik dadelik “wat’s *Wêreldspektrums?*” en my ma knyp my linkerboud wat beteken dat ek my „bek moet hou“.

Sy sien ’n plaas se geld wat op die Suidooster dans, ’n plaas in die middel van nêrens met geen aanvraag nie, maar nogsteeds.

Later die aand sit ons familie om die tafel, ons bid, en ons eet die melkkos wat dik gekook het met die skaars sigbare macaroni wat al lankal ontbind het. In die sitkamer staan daar ’n nuwe boks ensiklopedieë half-oop op die tafel. Die prys van skuld en ’n paar Sondag se afwesigheid van die kerk af.

## **Kombuiskas**

Daar's 'n balletjie op my tong. Hy sal seker later afbeweeg na my vingerpunte toe. Dalk as ek my oë toemaak, kan ek 'n mot wees, dan sou ek kon wegvlieg, en die familieskeiding sou my nie spin nie.

My ouers hardloop heen-en-weer en skree op mekaar agter 'n geslote kamer deur. Alles is onderstebo. My last refuge is die kombuiskas. Die plek tussen plekke. Die plek waar stilte druis en grits-grits en waar die wêreld reduced word na dit wat ek deur die horisontale gleuf in die kas kan sien.

Ek sien niks. Ek hoor niks. Ek hoor eintlik meer as niks. Ek hoor die geluid wat jy hoor as jy te lank na niks luister. Die geluid wat party mense bang maak en dryf na die blêrende skougronde toe.

Die sagte suig van fokol, 'n self-generated sonbesie sirene.

Die stilte fluister in my oor. Ek hoor nie wat sy sê nie, maar ek weet as sy lank genoeg fluister, en ek noukeurig luister, dat ek 'n sekere gevoel gaan begin kry. Grits-grits, beweeg ek rond in die kas. My asemhaling clutch af van vinnig na stadig.

Gaan my pa my hierdie keer kom soek soos wat hy altyd doen as ek weghardloop en wegkruipertjie in die huis speel. Gaan my ma op my kom skel en my gat kom warm maak, soos wat sy altyd doen as ek nie haar sin volg nie? Of gaan ek net hier staan en voel asof ek 'n klein precious pêrel op my tong balanseer. Dalk, of miskien, beide.

Die blikkieskos en ou spaghetti leer my van stilword. Hulle leer my van meditation en enlightenment. Hulle invite my om na die stilte se lullaby te luister en om daardie gevoel te kry dat ek 'n invisible BB-gun koeël tussen my duim en vinger kan rol en vasvang. Die ding wat ek doen as goed begin ontrafel.

Die ding wat ek doen as angstigheid haar suur asem in my gesig begint blaas.

### **Oop-toe**

Jy loop op en af. Iets pla jou. Die yskas maak oop. Die yskas maak toe. Fok. Die yskas se deur staan al vir 2 ure oop. Jy hoor die borrel van karre buite. Jy hoor 'n homeless wat met homself praat "Ghala ma ghala. MA GHALA MA GHAL. Ghala ma ghala ghamma ghalla maghal!"

## **Kakker-jakkers**

Dis te vroeg en ek raak koud en nat wakker; ek swem en verdrink in liggaamswaters. Die lakens en kussings is besweet.

„Haat sweet, haat bed, haat hierdie huis,“ dink ek terwyl my kop soek-soek vir ’n dryspot op die kussing.

My morsige bure het ’n paar weke terug sak en pak gespat en net ná dit het ek begin middernagtelike visitors onthaal.

Grrrts grrrts, hoor ek klanke wat uit die kombuis uit kom „...dis daai kontlike kakkerlakke wat my wakkerjaag met hulle stokpote en soekende baarde.“ Nes ek dink aan „stokpote“ voel ek hoe iets rondom my tone kriewel. Ek begint gril van voet se hak tot vingernael se hoek.

Ek dink elke aand wat my yskas lewe kry, en beginne brom, aan hulle. Hoofletter Hulle. Die hulle wat in daardie gleuf langs die kombuiskas bly. Ek weet hulle is daar, maar het vir „hulle“ nog nooit self gesien nie. Dalk karjakker hulle buite omdat hulle se slaapskreef volle okkupasie bereik het. „Sies ... kots“

Noudie aand het ek ’n veererige voet in my slaap gevoel. ’n Dwalende herfsmot dalk. Dis either dit, óf my eie fokken verbeelding. Ek kan nie my gedagtes besig hou nie, ek wonder „hoe lyk daai nes van hulle? Dalk is dit ,n hoop stront en eksogeraamtes wat netjies op ’n hokie gepak is?“

My foon lê langs my, ek kan nie my vingers van Google af weerhou nie “How does a cockroach nest look” tik ek net gou, net vinnig, net vir interest-sake in. Hulle wys nie hoe die ding lyk nie maar hulle praat van ’n reuk. My neus replicate die bedompige nat, poef kakkerlak-sweetreuk, en nou ruik my hele kamer (en neus) soos bedompige bedelaar.

“Slaap jy lekker?” fluister ’n papierritsel stem. “n Glimlag kriewel oor my mond en ek wil-wil antwoord “Ja, nogal!” Maar ek raak skielik wakker en ek proe nogsteeds bedompigheid.

Teen die muur flits-vlieg daar iets. Ek spotlight die muur met my foon. „Nie kakkerlak. Nie muggie. Maar mot. Harmless.“ Klik en calculate my brein. Ek het nie ’n probleem met motte of muggies nie, hulle is net sagte veervoete en stofvlerkies.

Grrts grrts, hoor ek weer iets tussen die Pick ,n Pay sakke rond griessel en gritsel. Ek staan op en sit die kombuis lig aan.

“GOEIE GOD!”

Die kitchensink het drie medium-groot ligbruin fokkers wat met mekaar staan en kak bak (dalk naai) om ’n waterdruppel. Langs die rommelsak is daar ’n moerse main-konyn ma ene. Sy kyk op en dan ... onder die sak in.

Ek gryp die *Mortein* en spuit die lewende fok uit dit uit. Als. Die drie dose wat geklets en ouhoer het, spat uitmekaar. Een duik in die drein af. Die ander grrts tussen die Pick ,n Pay sakke in. Die een wat seker die dom een in die groepie is draai onderstebo en maak of hy dood is.

“FOKKEN IDIOT!” gil ek op die bruin blerts. Ek gryp die blikkie en crush die nozzle totdat die bottel uit asem is.

“MOENIE WORRY NIE EK‘T ‘N BACKUP ... BITCH!”

My oë scan en soek alle oppervlakke. Ek gryp die mes op die klam vatdoek en kap die slapende klein stront in die helfde. Middeldeer. „Lekker, jy wou mos!“ Die gewig van die mes voel aangenaam. Sterk. Dodelik. My tong vinger my bo-lip en ek proe insek-inwandige ammoniak.

“Sien julle die fokken mes, ek sny julle van kop tot kont!”

My hard klop en ek suig gifwolke soos “n guppy vis in “n vuil tenk in. Die gif gaan deur my longe, in my are in, dis euphoric. „Te veel asem, te veel gif. Te veel petrol in my diff,” ek dink aan petroldoeke en tequila. My bek raak nat en ek kwyl hongerhond drade.

Dalk praat hulle met mekaar. “En nogal in my plek julle klein wetters! NOU KAK JULLE EERS!” My stem klink bekend, dalk “n tannie of “n kwaai ma wat my nou so possess.

Die kakkerlak wat in die drein afgeduik het, loer op na my. Ek sien in my peripheral sy klein antennas wat scan.

“FOKOF JOU LOERHOER POES!” skree ek soos wat ek die plastieksakke (opsoek na die koningin) met die mes aanval.

Ek kry “n ander verettering en hy doen sy maaitjie se onderstebo-voete-wat-lug-trap technique.

“Nie vandag nie, tjommie!”

Ek kap en spuit wat in die blikkie oor is.

Die donner hardloop sirkels en dan kry hy sy sinne weer terug. Hy duik onder die sakke in, hy lyk soos “n heining-hond. Ek ruk die sakke meteens weg en sien die gat in die drein waarna hy warrel.

Daar is „n koerant net langsaan en ek wil-wil dit druk maar dan maak die ding sy vlerke oop. “Jissis!” skree ek soos „n bang baba bitch uit die kombuis uit.

Stilte.

10 minute later is daar nogsteeds niks. Ek verwag “n army. Ek verwag retaliation. Ek loop terug in die kombuis in en sien my handewerk. Drie dooie kakkerlakke. Ek los hulle net daar. „Dis wat hier gebeur! Laat dit “n les wees“.

“Een – nul, julle dose!” skree ek in die algemene rigting van die dreinpyp in.

Saggies en buite die bereik van my eie ore antwoord die koningin-ma terug, “vir nou, jou tweebeen-soogdier-slet!”



## Hospitaalbed

Ek stap in 'n gang af en kyk na die occupants van 'n kamer. Ek verbeel my ek verstaan wat dit beteken om kanker te hê. Wanneer jou eie liggaam teen jou draai en kak doen wat jy nie kan beheer nie (soos jou eie maag vreet en jou bene laat opblaas soos waterbalonne, kan ek dié bedbeboeideliggaam nog my Oom noem?).

Ek verbeel my ek verstaan hoe dit voel wanneer sekere goed teer en sekere goed pis-geel vergeel, wanneer jy op die precipice van dood is. Dis wat ek verbeel. Want sonder my verbeelding sou ek nie na jou kon staar nie. Ek sou jou nie sonder dit meer as 'n mens kon sien nie. Jy maak my ongemaklik. Jy maak my naar.

“Hello Oom ...”

Jy is die persoon wat eens op 'n tyd lank terug my jou op jou knieg laat spring het. Wat my vertel het van die en daai en wat my hand vasgehou het as ons oor die straat moet stap.

Of was daai Oupa?

Klein Klont.

“Magda ... kom gou!” hoor ek my ouma se stem van die kamer langsaan myne. Dit was die eerste keer in my lewe wat ek my ouma so hoor skree het. Dit was asof sy van haar voete tot haar verhemelte gil. 'n Klank wat my wakker gemaak het en dadelik laat weet het dat daar iets „fokken verkeerd“ was. Dit is wat my oom Daan, en my oom Bennie, sou gesê het as hulle nou hier was. My ma se reaksie was net „agge nee, agee nee, net nie dit nie“ en my pa het dadelik opgespring toe hy my ouma se stem gehoor het. Hy het seker weer niks geslaap nie,

“Wat is dit ma? Wat is fout?” roep hy uit.

Ek het deur die slaapsand my ouma in haar lang, witterige, groen nagrok die gang sien afdwaal. Sy het soos 'n spook gelyk. Dit was die dag wat iets baie erg gebeur het.

## Twee weke gelede

Monica was “n vrou wat daardie Lente daaglik na ons huis gekom het. Sy het elke dag “n ou verfgfekte broek aangehad. Sy het ook haar kwaste in “n mooi ou houtkissie by ons trappe op en af gedra.

“Ek soek “n mural wat my dadelik na Italië toe vat as ek na hom kyk. En ek soek dit net hier in die eetkamer!” het my ma hard aangekondig en met haar vinger uitgewys.

Ek het die dag onder die tafel weggekruip terwyl my ma vir Monica beduie het presies wat sy soek.

“Majestic, duursaam, akkuraat ... hier is “n paar idees!” het my ma vinnig vir die skaam vrou Monica gesê en uitgewys op haar vision board.

Ek het elke dag onder die tafel ingekruip en op Monica gespy. Dit was my duty om seker te maak dat sy niks gesteel het of onnodige tyd gemors het nie. Ek was amptelik hierdie duty gegee toe Georgy-porgy, ons vorige painter, amper drie maande aan ons nuwe braaikamer geverf het. Ons huis het die hele winter soos verf en paint thinners geruik.

Monica het van “n foto af gewerk wat ek kon sien twee pilare en “n laning bome met “n berg in die agtergrond in gehad het. Ek kon sien dat sy met die pilare gaan begin omdat sy hulle eerste met potlood afgeteken het.

“Jy cheat!” roep ek die eerste dag onder die tafel uit.

“Who’s there?!” vra sy soos wat die leer waarop sy staan kreun en steun. Toe sy dit sê toe kry ek dadelik daardie angs gevoel wat mens soms kry as jy wegkruipertjie speel. Dis soos excited wees vir presente maar ook meer soos asof jy uit jou eie vel wil klim. Partymaal voel dit soos miere wat op en af oor jou vel marsjeer en ander tye voel dit soos “n groot gat in jou maag.

Ek het later daardie eerste dag wat Monica begin verf het, my ouers hoor baklei. Hulle het altyd hulle deur toegemaak en eers saggies begin hard praat. En dan na “n ruk het hulle regtig „begin“. Die keer was die geveg oor die mural, “Dis “n verrassing vir my verjaarsdag!”

“Jou pa like nie eers van Italië nie, Magda!” het my pa teruggekap. My ma en my pa het dikwels mekaar met woorde gekap, en ek het dikwels deur die slaapkamerdeur afgeluister met “n plastiek koeldrankkoppie teen my oor. Die koppie maak die klank harder, ek’t dit op die TV geleer by *Harriet the Spy*.

Die tweede dag wat Monica daar was, het ek besluit om “n ander trick op haar te speel. Ek het invisible ink gehad wat ek by ToyJoy gekoop het. ToyJoy is seker die beste plek op aarde. Dit is “n winkel in die Somerset Mall wat alles verkoop wat mens van kan droom. Ek gaan elke Sondag wanneer ons Wimpy toe gaan daantoe. Ek loop letterlik nooit uit ToyJoy uit sonder dat ek nie “n „manneljie“ koop nie.

“Julle moet blêrie ophou vir die kind sakgeld gee, hy’s te jonk, en hy koop dêmwil net mannetjies!” het my ouma een Sondag vir my ma-hulle gesê toe ons by die Wimpy was en ek mannetjies wou gaan koop het. Ek het toe “n lewendige tantrum gegooi.

My ma en pa het natuurlik, omdat hulle nie 'n skrouende kind in die Wimpy wou hê nie, vir my R50 gegee. My ouma het haar „gat weer gewip“ soos my ma altyd sê as Ouma stilstuipe kry. En ek? Ek het ToyJoy toe gehardloop en my nie veel aan hulle verder gesteur nie.

My oupa was op daardie oomblik met 'n besigheidsaak in die Kaap, en hy het beplan om 'n blok grond aan die Strand-kuslyn te koop. Hulle het daarom baie vir ons kom kuier terwyl Oupa onderhandel het.

Anyway. Ek het die invisible ink daardie Sondag gekoop saam met albasters en 'n nuwe ding wat se naam *Puppy in my Pocket* was. Ek het genoeg mannetjies gehad, so ek wou vir 'n slag ander goed hê.

Ek het onder die groot eetkamer tafel, wat ons nooit gebruik het nie, gesit en gereed maak om vir Monica te trick. My plan was om die ink op die mat uit te spuit en dan te maak asof die ink haar skuld was. Maar dit sou obviously stadig verdwyn terwyl mens na dit kyk. Ek kon haar hoor klouter en kriewil op haar leer by die tyd.

Die sagte, eentonige hale van die kwaste wat die muur kam, was eintlik gerusstellend. Ek kon seker heeldag net onder die tafel sit en verf ruik en met my mannetjies speel terwyl ek na die borsel luister en Monica se sagte „hmmmm hmmmm“ deuntjie wat sy onder haar asem gesing terwyl sy gewerk het.

“Oh no look at what you’ve done!” gil ek soos ‘n malvark wat in ‘n slagyster getrap het.

“Oh my gawd, oh my gohd!” sê sy oor-en-oor soos wat sy die blou ink op ons duur mat sien.

“God won’t help you, he doesn’t like material things,” antwoord ek haar terug.

Ek weet sy’t nie vir ‘n antwoord gesoek nie, maar sy het nou maar ene gekry.

“You little fucking shit!” skree sy op my toe sy die ink stadig sien verdamp en verdwyn.

“You’re wasting my time with this stupid mural!”

“You can’t speak to me like that you know, I’m a child. That will get you fired” antwoord ek haar terug.

Ek’t nie op daai oomblik presies geweet wat „fired“ beteken nie. Maar my ma en pa het dit baie gebruik as hulle van ‘n werker praat wat „nou weer kak aangejaag het“.

Dis altyd vir my snaaks as mense daai sê. Wie sal nou poef wil aanjaag. Dit klink stupid.

“What did you just say, you little shit?”

“You heard me” antwoord ek vir Monica.

Ek het net daar en dan besluit dat ek nie van haar hou nie en dat sy ‘n „bitch“ is. My ma het dikwels die vrouens van wie sy nie gehou het nie „bitches“ agter hulle rûe genoem. Monica was ook ‘n bitch.

Sy het my in my eie huis laat ongemaklik voel. Sy’t my ook laat voel asof iemand my in die gesig vat. Letterlik. En ek hou nie eers daarvan as tannies waarvan ek wel hou my in die gesig vat nie. So, sy is ‘n „bitch“.

Ek het later die aand vir my ma vertel van Monica en wat sy vir my gesê het. Monica was toe gefire en my ma het 'n ander oom gekry om haar Italiaanse droommural klaar te maak. Die oom se naam was Guiseppi Luziano en hy het nie gelyk soos die tipe mens waarmee jy sal „stront soek nie“ soos wat my een tannie met die harde stem altyd sê.

## Die oggend voor Ouma se gil-oggend

My oupa hulle het die oggend vroeg by ons huis aangekom. My oupa is nie die tipe mens wat op hom laat wag nie. So. Hy sal altyd voor die son die mis kon wegbrand by sy bestemming opdaag. My ouma het dit seker by hom geleer. Dit kan dalk wees hoekom sy altyd so “n big deal maak van mense wat laat is. Dit nou omdat Oupa dit so verpes.

“Hoe het julle gery, Pa?” vra my ma nuuskierig vir my oupa.

As ek moet sê, sou ek sê my ma is altyd anders wanneer Oupa hier is. Dis amper asof ek haar vir “n oomblik kan sien toe sy jonger was.

Ek hou ook daarvan as Oupa hier is en ek dieselfde voel. Oupa bederf my gewoonlik. Hy hou daarvan om my buite in die tuin rond te vat en al die blomme en plante uit te wys. Ek het toe Oupa laas by ons was, “n klein groentetuin geplant.

“Ek is ingenome met jou groentetuin!” het hy vir my gesê.

Dit was nou nie “n massiewe groente tuin nie, maar dit het darem die nodigste, soos tamaties en pietersielie, chillies en so aan gehad. Dis eintlik al wat dit gehad het.

My ma-hulle het gou klaargemaak en aangetrek en my ma het gesê:

“Ek het vir Pa “n klein verassing as ons terugkom van die Wimpy”.

Ons is toe af mall toe om na die Wimpy toe te gaan. My oupa het gekla dat hy moeg was en dat hy “n steekpyn in sy been het van al die sit. Oupa het “n paar weke terug “n „toon verloor“. Dit moet horrible wees as jy nie jou toon kan vind nie. Dit klink altyd snaaks as mense sê jy“t „jou toon verloor“. Gaan jy hom ooit weer kan vind? En hoekom het jy jou toon „afgesit“. Ek gaan definitief nie te lank sit as jy so jou tone kan verloor nie.

“I would like a coffee with cold milk,” bestel my ma soos wat ons daar sit.

“Tea for me, thank you,” sê my pa.

My ouma en oupa bestel net water.

“I would like some water” bestel ek saam met hulle.

Ek wil soos Oupa en Ouma wees.

Ek besluit toe om nie na ToyJoy toe te gaan nie. Dit sou sleg wees as Oupa moes sien ek spandeer soveel geld op gemors. Ek wou nie hê Oupa moes dink date ek “n slegte boer sal maak wat sy geld op „stront“ spandeer nie.

Ons kom die middag van die mall af by die huis en Oupa sê:

“Ek gaan gou “n rukkie lê”

“Shame, julle het vêr gery, julle moet nie dat ons julle ophou nie” sê my pa vir hulle soos wat hulle na hulle kamer toe verkas.

## Die aand voor Ouma se gil-oggend

My ander ouma en haar nuwe boyfriend, Russell, het by ons kom kuier. Russell het “n rooi gesig. My ma sê dis van „al die drink“. Ek dink nie my pa hou daarvan dat my ma so praat nie, maar hy bly doodstil en my ma kom nie agter dit onstel hom nie.

“Hy het maar „n moeilike lewe gehad,” vertel my Ouma vir ons van Russell terwyl sy aan sy been raak en vir ons gerusstellend aanskou.

Ek steur my nie juis veel aan oom Russell nie omdat hy net Engels kan praat. En my oupa en ouma kan amper glad nie Engels praat nie. Maar Oupa het die vermoë, selfs al kan hy niks sê nie, om jou te laat voel asof jy in goeie geselskap is. Ek weet nie hoe hy dit doen nie. Dis asof hy op “n ander manier kommunikeer. Ek dink dis omdat hy “n boer is dat hy hierdie talent het.

Ek staan en kam oupa se hare. Hy hou daarvan as ek dit doen. Ek kam en kam en kam. En Oupa raak so aan die slaap.

“Nee Pa, jy kan nie so slaap voor die mense nie,” sê my ma, “Ek’t nog nie eers “n kans gehad om vir jou die mural te wys nie!”

My oupa staan op en volg my ma na die eetkamer wat net agter die sitkamer is. “n Mens kan altwee vertrekke duidelik sien omdat ons huis baie oop gebou is. My ma noem dit „open plan.“

“My heiland, Magda, dit lyk wonderlik, is dit die hemel?” vra my oupa soos wat hy nader en nader aan die mural stap.

“Nee man, Pa! Dis Italië,” maak-maak sy asof sy kwaad is.

“Wat dink pa?”

“Dit is baie besonders...”

Oupa raak stil en hy kom weer terug dat ek sy hare verder kan kam. Maar die keer is dit anders. Oupa se gesig is spierwit.

“Looks like you’ve seen a ghost, mate!” sê Russell met sy tamatierooi gesig. Wie’s hy nou om te praat en wat het hy gesien?

Ek gaan staan voor Oupa en ek sien die water loop sy gesig af en hy lyk verlep. My ouma begin die horries te kry en sy sê ons moet dadelik vir Dr. Roux bel.

Dr. Roux is “n baie ou oom wat “n wit jas dra. Hy het my as kind „gevang“.

Oupa val net daar vorentoe soos “n sak patats. My pa en Russell dra hom op kamer toe. En my begin vir Oupa met water af te was.

“Waar is daai fokken dokter?” hoor ek my ouma vir die eerste keer vloek.

“Boeta, kom jy onder ons voete uit, gaan speel in jou kamer of iets!”

Ek gaan toe na my kamer toe en my pa maak my deur saggies toe laat ek dink daar gaan niks aan nie. Maar ek weet dat iets aangaan. Almal lyk asof hulle op spikes rondhardloop, dis asof hulle voor die tyd op nul was en nou is hulle op 'n honderd. Ek kyk altyd vir mense so ek weet wanneer hulle begin snaaks raak.

Ek vat my koeldrankkoppie en druk dit teen my kamerdeur. Ek kan Dr. Roux se stem uitmaak.

“Bloedklont” hoor ek hom sê.

My ma gil en my ouma huil.

En ek wou nog so graag weer met Oupa gepraat het.

## Tussen Tyd

Die TV rits in die agtergrond. Vir “n oomblik word die trauma te veel. Vir “n oomblik verloor ek die naelstring van realiteit en ek verloor myself in die TV se breinbranders.

Clutch uit. Clock af. Daar’s ander ways om realiteit te escape – nie net drank en dwelms en depressie nie.

//

Mense stroom by die klein boks van “n kamer in en uit. Links sit daar twee rye van holle wat wipplank ry uit frustrasie. Die lug is gevul met stofdonse en die klank van ou asem wat dreig om in neuse in, in te slurp en sinusse te lek. Daar is “n foon wat lui. Trieng. Dis altyd so in “n regeringskantoor.

### „VERWAGTE WAGTYD: DRIE URE“

Die „Departement van Samesyn“ is onder die mandaat van die die nuwe regering gestig. Hulle manifesto verplig elke Suid-Afrikaner om “n sekere hoeveelheid tyd in “n diverse Samesyn-kantoor deur te bring. Dis al vyf en twintig jaar later, en party mense wat in die kantoor gebore was weet nogsteeds nie wat die punt van die daaglikse ritueel is nie.

Die foon lui nogsteeds. Trieng-Trieng. (Wag). Trieng-Trieng.

“Tel die fokken foon op,” kners een van die ou tannies wie se blou en pienk curlers net-net vasvloei; hulle hang nes “n melktand wat dringend besigheid wil doen met die tandmuis.

Die lug is dik. Nie net omdat daar geen ventilasie is nie. Dis dik want daar’s ook haat in die lug. Dis dik want mense wat mekaar nie kan verdra nie, word geforseer om langs mekaar te sit. „Die nuwe Suid-Afrika ...“ rol “n wit ou oom sy oë smekend vir “n wit tiener. Dis die geheime ou taal wat hulle altyd gebruik om frustrasie met mekaar te kommunikeer; *onse oogtaal*.

Estelle, wat net so agter die wit omie sit, se Siberian Husky was uit haar voorplaas gesteel, „Fokkers“ suis haar ore soos wat hulle rooi gloei. Langs haar sit “n skraal man wat “n droom onthou.

„Daar is “n slang in “n bos. Daar is eers die geritsel van blare en iets wat soek-soek stilletjies probeer beweeg. Logika sê hy moet weghardloop, maar hy beweeg liewers nader. Die slang is opgekrul. Hy of sy lê en slaap. Pofadder, dis eerste woord wat opkom in sy gedagtes. Sy hand vat nou styf om sy gholfstok, die rubber maak daai klank wat rubber maak (wat hy nie nou kan hoor nie). Dit maak hom naar en laat hom voel asof iemand tandestokkies in sy rugwerwels indruk. Hoekom probeer hy slapende slange wakker slat?.“

“I dreamt of scary snakes,” tik hy “n boodskap soos wat sy eie hol nou wipplank begin ry. Hy stuur die boodskap aan sy boyfriend wat iewers besig is om “n vrou te spyker, nie net enige vrou nie ... sy geliefde trou-vrou. Die boodskap gaan deur, maar niemand antwoord nie.

„Where’s Johan?“ dink hy soos wat die diep donker pit van doubt en despair oopmaak en hy in die blackhole ingesuij word. Hy gaan nou weer vassit in die pit vir “n week. Hy onthou dat die slange hom gejaag het. Ja. Hulle het hom gejaag en hy het die hele aand lank gehardloop, dis presies hoe dit gebeur het. Hy het toe wakker geraak in “n kouesweet net na die pofadder



hom gebyt het. Drome het gewoonlik nie klank nie, maar hulle het baie kere ‘n betekenis. „This dream has meaning“ dink hy. Hy besluit dadelik om sy persoonlike psychic ‘n boodskap te stuur, terloops loop sy presies op daardie oomblik verby die klein regeringskantoor. Sy kyk nie eers in die gebou in nie. Mense mis soms plekke. Jy ry dieselfde pad en dan sien jy na die twintigste keer ‘n boom of ‘n huis vir die eerste keer eers raak.

Die man langs Estelle-die-husky-tannie stuur dan nog ‘n boodskap.

„Wow“ dink Janien wat op daardie oomblik vir die negentiende keer die pad tussen Somerset en Stellenbosch ry. Sy wil haarself oor die kop moer omdat die besef van die nuwe draai in die Stellenboschpad haar bewus maak van hoeveel sy eintlik miskyk. Maar sy ontvang op daardie oomblik ‘n boodskap van haar beste vriend af wat sê, “I think Johan is cheating”. Wat haar ore warm maak, omdat sy die trou-vrou is wat vir Johan gebruik om op ‘n weird manier by haar beste vriend uit te kom. „Sick bitches word gevang“ sing haar engelike jonger self op haar linker skouer. Op haar regte skouer is daar ‘n duiwel wat draad trek en fantaseer oor ‘n engel.

Mense sien wat hulle moet sien, jou filter skakel aan en af en laat jou toe om op daardie oomblik te ervaar wat jy wil ervaar. Dis tyd om die Departement van Samesyn se deure vir die dag te sluit en die daaglikse inwoners uit te jaag. ‘n Klok kondig toemaak tyd aan. Dieng-dieng. Vir eers sit hulle en staar mekaar aan soos diere in ‘n zoo, dan staan hulle voorbeeldig op en probeer op een slag by die deur uit te bees.

Op die TV is daar ‘n foto van ‘n man wat missing is, die ou lyk soos een of ander regeringsgrootkop. Die man agter die toonbank, Pieter Jantjies, wat heeldag gesit en besig lyk het, staan nou op, sit die TV af, en onthou dat hy sy ouma vir haar verjaarsdag ‘n boodskap moet stuur. Hy besluit om haar liewers te bel. Die oomblik wat hy uit die kantoor stap en die sleutel in die slot draai kom daar ‘n man na hom toe aangestap. Die man skiet hom in die kop, sonder om eers „Hallo“ te sê. Hy vat die twintig rand uit Pieter se linkerhand. Hy jaws of life ook die selfoon. Die foon is nogsteeds aan die lui en na twintig luie antwoord Pieter se ouma wat negentig is:

“Uiteindelik, ek wag al heeldag vir jou ... ek’t gedag jy’t vergeet”

Pieter lê op die grond, hy hoor sy ouma se stem dofweg en wonder of sy hier is. Hy onthou die slag toe hy by die Grand West yskaatsbaan geval het. Die bloed het oor die oppervlak van die ys gehardloop soos bang jellybabies. Hy onthou die droom wat hy gehad het die vorige aand, dit was van ‘n slang of iets wat hom op sy kop gepik het. Die straat raak donker en Pieter begin te stres. Hy wonder wie die kantoor gaan kom oopsluit. Hy wonder gaan ons ooit „samesyn“ hê. Hy wonder hoe dit gaan lyk as sy ouma hom so moet sien, „Dankie fok sy’s blind,“ lag hy op die koue sement.

En dan wonder hy nie meer nie.

## **Job interview**

My synapse cauterize soos hulle skiet en straal deur my skull.

„Hoekom kyk hulle my skeef aan en fluister kak met hulle oë vir mekaar?“ dink ek.

Ek muse verder, „Hoekom draai hulle neuse op hemel toe asof my aura Chanel No.5 is?“ lag ek soos wat ek partially realize dat ek dalk mag vrot na laasnag-alkohol scent.

„Hoekom raas my ore soos Sparkles-lekkerpapiere?“Grrts, grrtss, grrrtss. Die fokken allewige gegritsery pis my af.

„Hoekom is die bloed wat by my neus afdrip warm en vriendelik?“ die familiar hitte is seemingly die enigste ding aan my kant.

Hierdie is die sewende keer wat ek steke kry. Die vierde keer wat ek in ‘n kar ongeluk was. Die tweede keer wat ek ‘n concussion kry. En die eerste keer wat ek so kalm voel oor als. Ek is die geskiedenis van my liggaam. Ek was deur elke ander fokop voorberei vir hierdie spesifieke een. Ek is elke liewe mens wat ek al ooit teë gekom het, asook elke liewe pynlike liggaamlike herinnering. Ek is die memories van dronk aande wat my force om vir vergifnis by die mure te smee. Wat my unsexually laat moan sodat ek nie die kak kan herhoor wat uit my bek uitgekom het die vorige aand nie. Delayed dronkverdriet.

Ek is befok maar in beheer.

But dalk is die broken reflection van my in hulle oë nie te ver weg van die waarheid af nie.

## Die Groeba

Ouma weet nou nie so mooi asof sy vir jou al die storie van die Groeba vertel het nie ...  
Ouma verander hoe sy sit in die stoel en vat "n slukkie van haar loutwarm Five Roses.

"Wat's die Groeba, Ouma?"

"Nou ja toe, kom skuif nader!"

//

Eendag lank, lank gelede was daar 'n lelike ou heks wat in die bosse net so duskant die Helderberg gebly het. Jy was al seker saam met jou pa daar, so jy behoort goed te weet hoe dit daar lyk. Die bome is groot en die grond is vol ou, bruin dennenaelde. Die grond knits en kners as jy oor dit loop.

Ouma vat haar hand en kriel die vel agter haar kleinseun se nek.

Julle was nou seker nie in die deel waar die Groeba bly nie, maar laat ek jou bietjie vertel wat drie seuns oorgekom het eendag toe hulle daar gaan stap het.

Dit was eendag lank gelede voor jy gebore was, wat daar drie seuns so na skool in die woud gaan stap het. Willie was lank en maer, Kobus was kort en stewig gebou en die derde, wel die derde was baie soos jy gebou.

Hulle was lus vir avontuur en vir katterkwaad, so toe het hulle in daardie woud gaan stap.

"Kom, ons gaan loop kyk of die ou stories waar is ..." het Willie, die oudste van die drie begin. En hulle het geja en amen soos kinders in 'n boksombende maar maak.

Ouma kan jou nie vertel hoe gevaarlik dit is om so blindelings agter vriende aan te hardloop nie, jy sal tog nooit so simpel wees nie, sal jy?

Die drie het gaan stap in die bos en oral waar hulle getrap het, was daar net 'n gekners van dennenaelde en 'n getjirp van bosvoëls.

Nou, Willie het by sy ouma afgeluister dat daar 'n vrou in die woud bly. Party mense het altyd gesê sy's die Groeba. Maar laat ek jou nou vertel hulle weet nie 'n doilie wat hulle van praat nie. Nog minder 'n dinges van wat of wie die Groeba is.

//

"Maar Ouma ... wat is 'n Groeba?" die kleinseun het by die tyd nou al styf teen sy ouma kom sit. Heeltemal verwonderd deur die storie.

"Man, wag jy nou, ek kom nog daar..."

//

Nou baie mense sê die Groeba is 'n vrou-heks. Baie mense sê sy's 'n boom-ding.

Maar wat die drie seuns die dag gesien het, was nie heks of vrou of boom nie. En glo my, so waar as vet, hulle het haar gesien, hoor!

Hulle het so 'n entjie ingestap en toe vra Kobus:

"Moet ons nie dalk iets agter ons gooi sodat ons nie verdwaal nie?"

Nou dis heel goeie advies om jou pad te merk, soos wat meeste mense weet, kan 'n mens baie maklik verdwaal in 'n woud. En 'n woud! 'n Woud is 'n baie gevaarlike plek. Daar is Bosselosse en Lus-lette en alwatse ander gediertes en gedaantes.

//

Ouma se kleinseun gaap en sy sien hoe die slaapsand hom dieper en dieper en dieper intrek. Hy't nooit verder as die begin van die Groeba-storie kon kom nie.

Sy trek die lakens hoog tot by sy ken en vou die dit onder hom in sodat hy mooi gemaklik kan sluimer.

//

Hulle sê daar was eendag 'n ryk man se vrou wat vanaf Spanish Farm die Helderbergwoud se bome ingewandel het. Dié wat haar met haar kaalvoete en deurmekaar hare uit hulle kombuisvensters uit gesien het, het geweet 'n rykmansvrou wat so verwaarloos is, beplan nie om weer uit die bos uit te kom nie. Dit was ook nie die eerste keer wat sy so in die bos ingewandel het nie.

Daar was sprake, soos wat daar maar altyd is, by Bybelkringe en oueraande, dat haar man ander vrouens agter haar rug gesien het. En dit was waar. En sy het dit geweet. Sy kon laat aande wanneer hy van sy meetings af kom, die sigarette en parfuum ruik. Hy kon nie. Hy was teen daai tyd al te gewoond daaraan.

Sy was eens op 'n tyd 'n laerskoolonderwyser. Haar ouers, lank reeds dood, was haar hele lewe. Dit was alleen in die groot, glas huis waar sy as 'n pragtige tierlantyntjie en trofee uitgestal moes word.

Aan die begin het sy gedink dit was ware liefde. Maar die leemte in haar hart het al hoe groter geraak. Sy't besef dat hy haar nie liefhet nie en dat sy mettertyd 'n hol skulp geraak het.

Die woud het altyd geroep as dit so stil in die huis is en die wind teen die berg rante af gewaai het. Haar oop sitkamervensters het uitgekyk op 'n plantasie en die ritselende wind het haar gesoek. Sy was teen die tyd klaar reeds 'n spook. Sy kon maar netsowel doen wat sy moes doen.

Die kners en maal van die dennenaelde onder haar voete en die steek van die dennepunte het haar vreeslik in die oomblik ingebring. Dit het haar ook meer bewus gemaak daarvan dat sy moes suffer. Dat dit haar lot in die lewe is.

Deur die woud en in 'n oopte in. Die stilte van die oopte het die stemme uit haar kop gelok. Die feit dat daar nie huisgoed en glasgoed en mensgemaakte goed was om die instink te bedemp nie, was goed. En ook sleg.

Uit desperasie het sy op die grond ineengestort. Haar slaap teen 'n rotskerf gekap en 'n druppel of so bloed het op die steen geval.

“Ek wil nie meer alleen wees nie. Ek wil nie meer ongesond wees nie. Ek wil nie meer 'n spook in my eie lewe wees nie! Ek wil nie meer iets voel nie,” het sy uit die diepste deel van haar voetsole die aarde en die lug bemin.

Stilte.

Niks.

En toe is daar 'n kleingotlike bidsprinkaan wat oor die oppervlak van die growwe klip begint hardloop. Sy twee voorarms tas en trek die lug soos snare spinnekopdrade wat gespeel word. Sy kop draai links en regs en op en af soos wat hy die treurende en lêende liggaam van die vrou sien en deeglig aanskou.

Hulle sê as jy werklikwaar in nood is en as jy werklikwaar 'n wens het, dan sal daar 'n bidsprinkaan verskyn wat jou jou eerste wens sal gee. Maar versigtig nou, want bidsprinkane hou van kattedwaad en flousery.

Sy kyk na die sprinkaan en sonder dat sy twee keer dink en sonder dat sy weet van wense en drome en die outannieverhale van die Helderberg en Spookheuwel, wens sy vanaf haar diepste waarste self af.

“Ek wil niks meer voel nie!”

Die sprinkaan gaan staan toe reg voor haar bloeiende voorkop wat lyk soos 'n spatsel rooi drade wat haar gesig oorgroei. Sy twee voorkloue raak aanmekaar en hy vlieg weg sonder 'n woord.

Nou vandag as jy deur die Spookheuwelwoud stap, sal jy iets heel aardig sien. 'n Berg wat op sy sy lê met 'n stroom water wat iewers uit die grond uitspruit en 'n vallende waterval vorm. 'n Nimmereindige tranedal. Hulle sê as jy skemeraand op die regte plek gaan staan voor die Helderberg, dan sien jy 'n vrou wat lê en huil met rooi spatsels oor haar gesig. En dis snaaks want hulle het nooit daai rykmansvrou gevind nie. En daar waar sy gaan lê het, is nou 'n niksvoelende berg van klip ... wat as die wind so oor die Helderberg beginne waai en die dennebome se naelde te begin streel, dit laat klink of iemand trane trek en treuer.

Maar wie sal nou weet of dit waar is, miskien dalk net die vrouheks wat net so aan die woud se sy bly in 'n klein kothuis. Sy sê tog self sy pas die Groeba op, maar gaan kyk maar self, dis hoeka skemer.

## **Timbuk se Mou**

Ek dink baie aan my ou huis. Dit haunt my onderbewussyn. Dalk aspris. Ek pine en pyn vir die ou dae. Ek sit in “n vreemde land en besluit dat die humid lug my laat dink aan somers. Aan die slag wat my nefie aan my piel gevat het in die blou skulpswembad. Aan die tyd wat ek gemaak het asof ek “n pregnant vrou was in “n oranje aerobics broek. Aan die tyd wat ek van die rotswaterval by die ou swembad afgebellyflop het en net daarna soos “n meerman dolfynding geswem het.

Ek is lief vir my ou huis. Ek is 9595 km weg. Ek is 16 jaar weg.

Die doedelsak van drome en herinneringe druk my al hoe nader. Ek dink. Ek droom. Ek praat. Die hele fokken tyd oor 33 Abelia. My ouma sal sê jy’t dit nou van kop tot gat (“as jy mos “n ding in jou kop kry, dan kry jy hom tot in jou gat”).

Ek val rond tussen beddens en broeke maar ek weet dat daar een plek is wat vir my huis is. Tuis is. Sanctuary is. Dis Abelia.

“Ek dink ek wil “n nuwe storie skryf ... ek wil nie meer oor hierdie gay kak, wat nie vir my saak maak, skryf nie!”

“Nou doen dit!” sê my vriendin rondom 5:59 AM my tyd.

Voor ek begin, besluit ek om myself te vermom as Claudius Kruger. My ouma se nooiensvan en my tweede naam. Ek kyk vir myself in die spieël. Wie is ek? Wat is ek? Ek smeer my ou gesig weg en raak “n volvertroude skrywer. Ek trapseer kaal bolyf deur my kamer en met elke tree sit ek nog “n laag van gedragtelike drag op.

Finally is ek klaar. Ek is confident en in touch en my kundalini skiet uit my achilles tendons en verbind met “n oerlike energie.

Ek gaan sit op my groen plastiekstoel, die stoel kou in my rug in ... En dan begin ek.

*Iewers in “n drp in die vange van die Hottentots-Holland bergreeks is daar twee seuns, nefies, wat woorde wissel en kwaad raak oor klein goed.*

Fok. My ou huis kom deur. My kinderdae slaan soos groenspaan aan. Dit wat binne is span oor my oppervlak. Die groen-geel aanpaksel van die verlede groei op my vel. Almal kan dit sien.

Ek raak verlore in “n maniese skryfperiode. Dit het als begin met my wat in my imagination op my ou huis se dak gaan sit en gevra het, “Wat die fok was ooit agter daai gat in die muur wat ons gemaak het met die hammers en beitels daai een jaar?”

Ek skryf totdat my rug kromtrek en ek carpal tunnel dooie pinkies het. Ek eet nie. Ek stort nie. Ek skryf. Net skryf. My oë brand asof ek die hele aand kak gespeel het op my PlayStation. Die hele storie download in “n flurry. Ek kan nie bybly nie.

Die regte wêreld weet dat ek besig is met iets belangriks. Daar is diere wat my herinner om aan te gaan. “n Naaldekoker stamp sy kop oor en oor op my gaasdeur. Hy wil in. Ek het nog nooit “n naaldekoker dit sien doen nie.

“n Week later is daar nog ene wat net teen die mure loop binne my hotel. Ek’s in Malaysia in-transito.

“n Dag later is ek in Cambodia en daar is “n dooie naaldekokker in “n laai waar ek sit en skryf.

Dis snaaks hoe die heelal met jou kan praat deur tekens van toevallighede. Of toevallige tekens.

Ek kom terug na “n maand van travel en trein en toerboer. My stoep is deurtrek met die shongololos, ek het writer“s block en ek steek vas. Die oomblik wat ek die infinite krul van die shongololos sien op die vyfde verdieping van my twee-by-drie stoep, weet ek iets is verkeerd. Ek’t nog nooit “n shongololo hier gesien nie. Nooit.

*Nou shongololos is goed wat niks veel skade r rig kan doen nie, hulle is ook nie wesens wat wit of swart, of lig of donker, of goed of sleg kies nie ...*

Soos wat ek die woorde skryf verdwyn hulle dag na dag. Daar is nie eers “n geraamte wat oorbly nie. Hulle is net gone.

Ek skryf nog meer en meer en eendag kom daar “n jong childhood-ekke in my kop in en vra die ouma-karakter in my boek.

*„Waar“s mypa, Ouma?“ ...„Hy“s in ‘n ander w reld, my kind.“*

Ek hoor die stem en ek huil oor en oor. My pa was nooit daar nie. Sy pa was ook nooit daar nie. Sy pa is dood toe hy vyf was. En my pa het nie geweet hoe om “n goeie pa te wees wat die spasio op die bank met honger ore kon vul nie.

Ek snik en ek treur en ek rook. Ek besef dat ek daddy issues het. Ek besef dat ek na my ou huis verlang en dat ek goeters daar moet gaan doen. Ek moet:

1. op die ou huis se dak klim en “n foto van die Helderberg neem. Daar“s iets in daai klim wat ek as kind so baie gedoen het, wat my gaan help en my dalk iets gaan laat sien.
2. agter my lessenaar krap as dit nog daar is. Ek het altyd gehou van kak wegsteek en treasure hunts. Daar is iets wat vir my gaan sin maak en iets beteken agter die kas.

My ma bel my en vertel my dat my ouma “n noodoperasie gaan moet kry. Hulle gaan haar bene moet afsit. Die persoon wat my leer praat het en resiteer het. Wat my in die huis langsaan 33 Abelia, ek dink nommer 35, leer stap het in daardie nou gang. Sy gaan nou nie meer kan stap nie. Ek wat haar geroep het:

“Ouma Joef, maak vir my kaas-en-tamatie broodjies en nana-koelies.”

Daai persoon gaan binnekort dalk die aarde verlaat. Of dalk net nooit weer kan stap nie. Ou mense gaan maklik dood tydens operasies.

My vingers druk gate in my keyboard. Al hoe vinniger daddy longleg trippe-trappe-trone hulle oor die keyboard. Ek huil en tik en luister Coldplay se Amsterdam. Die liedjie speel seker 10, 20, 100 keer in my ore. Ek huil wanneer ek die woorde “my star is fading” hoor. Dit maak seer om te dink die persoon wat nog altyd daar was, is besig om te fade. Dat hulle so ephemeral en transient soos “n verskietende ster is. Dis sleg. Dis waar ... maar ook baie swaar.

Ek maak my boek klaar, „sy moet dit lees, dit gaan oor haar, dit is vir haar,“ ek vergeet dat ek dit ook vir myself gedoen het. Ek word magneties teruggetrek deur familie en dit wat ek kan verloor. Die boek is die sleutel wat my laat besef ek moet na my ou huis teruggaan. Die boek

is die sleutel wat my laat besef ek moet my verhouding met my pa verbeter en die trans-generational trauma wat soos rippels op die water repeat, gaan regmaak. Dis tyd om my pa te gaan haal in die ander wêreld. Dalk was dit nog altyd my purpose om hom terug te bring na die land van die lewendes toe. En nie syne om vir my te verstaan nie. My purpose is dan om beide my ouers uit die familial trauma se spinnerak te free. Ek kan dit doen. Want as ek dit kan doen, dan kan ek myself ook free. Want ons is saam stuck.

Ek pak my tasse, maak die mure skoon. Gooi alles weg wat ek soos "n muis in my laaie vergader en opgegaar het die afgelope paar jaar. Dis tyd.

My boek se einde speel af in Grahamstown, so ek besluit dis waantoe ek moet gaan. Dit gaan die plek wees wat ek vanaf die ander wêreld myself af gaan losmaak, sal kan vind, waar ek die drumpel gaan oorsteek en die journey na die ou huis toe vanaf moet begin.

*In 'n plek tussen plekke, 'n land tussen lande, is die ie-Kliega-Koninkryk, en daar woon die Santu-sani, die behouers van die balans tussen lig en donker. Hierso en daarso. Die Hede-Wese en die Wissel-ryk.*

Ek weet die plek tussen plekke is Lesotho. Ek weet dat daar "n plek Grahamstown in is wat deur "n waterval lei na "n ander wêreld. Hogsback. En as jy deur daardie waterval stap dan kom jy uit by Semonkong. Die plek van rook. Dis nie waar nie. Maar in my persoonlike fantasie is dit hoe dit werk. Dis ook waar die gat in die muur by 33 Abelia lei. Dit verbind met Hogsback. Daar is "n huis in Hogsback wat in "n woud is. Die huis is verbind met my ou kombuiskas. Daar's "n waterval waar die kleurboogkinders speel en die waterval is by "n rivier. In my delusions word ek na 33 Abelia getrek via fantasie en die magiese moontlikhede en simboliek van beswymings en my eie geestesoog, wat nou vir die eerste keer in jare oopskeur en alles helderder as Heldervue sien.

Ek pak my tasse en ek vat die pad, ek is oppad huistoe, en dit voor Ouma haar bene verloor.



## Vloermatras

“Dis nou klaar, dis nou tyd,” sê hy hardop omdat hy nog nie “n mensstem sedert die dokter se spreekkamer gehoor het nie.

Die dokter. Daai doos. „Hy“t maar net sy werk gedoen,” probeer sy sense of self en hom sus. „Hy“s nogsteeds “n doos,” dink hy verder.

„Wat gaan van my word?”“ Hy dink aan wie hy was en wie hy nog wil wees.

Hy lê op die vloermatras en skuif en skoffel weens maagkrampe en ander liggaamlike cries for help. Drank en sigarette in plaas van kos los hom in agony. Hy dink compulsively aan die toekoms en dan die verlede. Gedagtes wipplank en kinders huil-lag. Die hede is skerp. Dit sny en cannabalize hom.

Die reis vanaf die hospitaal tot by die flat was “n menslike miernes. “n Plek waar motorfietse en karre en bakkies heen en weer jaag. Waar mense bou en afbreek en van plek tot plek hardloop. Die daaglikse vlegsel van goed wat realiteit uitmaak. “n Soet koeksister wat nou vir hom begin vrot en oud raak.

„Raak koeksisters ooit oud?”“ fluister “n stil stem deur die drank en sigaret-as.

Een sigaret kry babas en raak tien. Die babas kry babas en die familie raak dertigsterk. Die klienkinders kry agterkleinkinders en die nikotienstamboom is volmaak. Hy lê en wonder hardop, „... wat doen mense wat stage-4 kanker het met hulle lewens?” Hy weet nie. Die antwoord is drowned in goue whisky poppies gekleed met rookjaste.

Hulle verdrink of verdwyn seker net.

## **Duiwelkont**

Jou glimlag sny soos ‘n Transvaaldiamant. Ek kyk na jou en wonder of hierdie ‘n goeie besluit is, gaan wees, was. My lewe sou makliker gewees het as ek nooit links geswipe het nie. Maar nou ja.

“Die duiwel is lustig,” hoor ek my ouma se spookstem weergalm.

Vir nou fladder my maag en my hart klop. Dis altyd so die eerste keer wat ek iemand ontmoet; my hart spring en my maag verander in ‘n black hole in. Maar jou glimlag bring my terug na die oomblik toe. Ek voel asof als gaan fine wees. ‘n Vriendin bring die balans in hierdie oomblik in. Ons drink. Ek raak dronk. Ek is dronk. Daar is ‘n sekere punt waar ek nie meer my liggaam kan vertrou nie. Wat dronkenskap my vakmanskap raak. Waar die ander „EK“ oorvat en doen wat gedoen moet word.

“I don’t trust this guy,” is die warning wat my vriendin gee. Ek moes na haar geluister het.

Maar ek is hardkoppig en rammetjie uitnek. Ek het ‘n ego wat bragpunte wil wen. Ek besef amper dadelik ek maak ‘n fout, ‘n fout na wat ek vir altyd in die boomringe van my siel en liggaam gaan moet kyk.

## Gesigte in die Wind

Die Croxley-blaaie is imprinted met pendrukbraille. Die huis is deurweek met koffiereuk en eletroniese heater-oksidase. Blou pen. Swart pen. Afrikaans en Engels. Engele en Aliens. Die keer wat jy 'n masker sien kraak het in Amerika; toe jy die gesig agter die gesig gesien het vir die eerste keer.

Die 68 ure op die Greyhound-bus was skrikwekkend. Ek kon vir die eerste keer onder die glans veneer van Amerika se PR sien. Die ware kleure wat so desperately deur Hollywood versteek word.

Die ou brood wat in die ventilation shaft ingedruk is, is barbaars. Die kommen whitetrash Amerikaners wat dagga buite innie Mississippi Bayou rook is witgam-vuilgoed wat my laat goed voel oor my eie land; selfs ons armstes sal nie daal tot dié vlak nie, die vlak waar mense met krokodille en hul trille speel.

„You an angel, you's good!“ praat iemand met my terwyl ek my toersakboekie oor „SOUTH AFRICA“ uithaal en wys. Haar oë glinster „freedom“ en „homeland“.

„What's so good about sOUth Á-frica!“ gil een van die trilspelers van voor af. Die borderpatrol stop die bus, ek word amper uit die land uitgesmyt en gestempel A-L-I-E-N.

Die holruggeryde bus breek 'n entjie verder, daar is 'n groot vet African-American vroumens wat flou val in die bus omdat sy nie water, of asem, kan kry nie.

My kontaklense is al vir twee dae in my oë. Plastiek sandkorrels krap my retinas. Ek het nie 'n bril nie. Sonder hulle is ek blind. Verlore. Gefok. Meer gefok as die hoer wat agter my kom sit en met die man wat soos oom Johan lyk se tril beginne speel het.

New York is groot. Daar is klomp geboue wat die bloue hemel soos sletvingers stukkend try krap. Daar is viskoppe en ou kondome wat bo oorvol dreinpype lê. Alicia Keys sing in Central Park oor concrete jungles. En immigrantse-drome.

Johanna kyk vir my met haar plastiektop oë. Ek sien haar blou eyeshadow. Ek sien haar rooi lippe. Ek sien die swart demoon wat onder haar velmasker wriemel en wraak. Wat wag. Vir my.

## Tannie Lus-let

“Wil jy na my verjaarsdag toe kom, Tannie Anne?”

Dit het my nie lank gevat om vir Tannie Anne na my verjaarsdag toe te nooi nie. Sy was die tipe tannie wat mens kan laat lag. Haar rooi krulhare en haar goue juwele wat gijngle jangle het terwyl sy mens se hare gesny het, was iets wat ek weet my ma sou irriteer. Ek is moeg vir verjaarsdae met my ma se vriendinne en hul mans. Dit was my way om te rebel.

“Sê net waar, dan is ek daar!”

My ma was besig om haar pille by die apteek op te tel terwyl ek vir tannie Anne genooi het, so sy het nie geweet dat ek vreemdelinge of haarkappers na my verjaarsdag toe nooi nie.

“Moet net niks vir my ma sê nie, dis ‘n surprise!”

Nou dit was ‘n leuen. Ek’t geweet as my ma geweet het dat ek mense na my eie verjaardag toe nooi dat my gat in die sop sou wees.

Tannie Anne sou seker die enigste persoon wees wat ek daar wou hê. Niggies en nefies is lekker, maar my ma het hulle ook genooi, „Om nice te wees!”

///

My kind jy moet nooit te lank in ‘n woud bly nie. Daar is goed wat daar binne bly wat ek jou amper nie eers van wil vertel.

Hulle sê as jy jouself in ‘n woud vind, moet jy twee keer kyk, want jy weet nooit of jy in ‘n lus gevang word nie.

“Wat’s dit, Ouma?”

Ouma het haar kleinkind doodgepraat en met vatdoek verder beduie.

Ek was eenslag amper in so ‘n lus gevang. En dis daardie blêrrie Lus-let ve wat jy moet versigtig wees!

Kort, opgedoende hare, vel so bleek soos ‘n spook sin, ‘n gesig met krake en die donkerste vloeistof wat onder die oppervlak bruis. Daai’s ‘n Lus-let.

Nou dit is waar dat hulle almal nie dieselfde lyk nie, maar jy moet versigtig wees as jy iets hoor praat in ‘n woud. Hulle sê die Lus-lette is vrouens wat te veel na hulself gekyk het. Mense wie se siel lankal verlore geraak het. As jy nou deur ‘n woud moet stap, maak net seker jy dra ‘n klein spieëltjie by jou. ‘n Lus-let haat dit om hul eie weerkatsing te sien. Of gaan staan naby water, verkieslik stilstaande water wat ‘n weerkaatsing sal gee. Dit sal jou darem genoeg tyd gee om weg te hardloop.

“Kry mense hulle net in die woud, Ouma?”

My kind daai is ‘n moeilik vraag. Maar onthou jy maar net wat ouma vir jou nou sê: as jy ‘n vrou sien wie se stem soos suiker klink wat jou woord-vir-woord aan die slaap praat of ‘n vrou wat te veel lag selfs al is daar nie ‘n grap nie – hardloop. Maak net seker haar vel is bleek voor jy dit doen, netnou lyk jy ongeskik. Ouma het mos nie ‘n ongeskikte ding grootgemaak nie.

//

My ma het vir my klere uitgepak wat ek móét dra vir my verjaarsdag. Tannie Stiena het “n swart leerbaadjie gemaak spesiaal vir die groot verjaar. En my hare moes ook nog gebloudraai word daarby. Die gedagte van aantrek wat ek nie wil nie, die warm hitte van “n bloudraaier wat in my nek blaas, en die spul mense wat ek nie “n hel ken nie, maak my porseleinpopperig en kwaad.

“Jy beter aantrek en klaarmaak, mannetjie, die mense kom nou!”

In die voorste kamer waar ek altyd met my groen Kiddo-huishemp gespeel het, is daar kerse aangesteek en die hele huis is vol platters en bottels drank. Ek wens ek kon dronk raak soos die grootmense en vergeet van verjaar. Darem gaan ek klomp geld by al die ryk ooms en tannies kry.

Die eerste kar trek by die driveway in en die ligte skyn teen die plafon reg bo die TV. Ek is op deur-duty terwyl my ma haar blonde hare in ‘n byekorfbal in vastrek en mousse en spuit. Haar hare is gewoonlik versteen as sy daar klaar is.

Die eerste batch wat aankom is my nefie en sy ouers, my ma se broer. Ons wil-wil gaan speel en ek hoor my ma wat roep van die boonste trappe af:

“Waarheen dink jy gaan jy, mannetjie?”

My nefie dra sy Sondagskoolklere en sy hare is gegel. Hy lyk net so snaaks soos ek. Twee poppe vir ‘n pop-parade.

Net na hulle kom daar meer en meer mense en ons huis is binnekort “n besige restaurant van mense wat lag en praat en vir my presente gee. Ek versamel die koeverte en gaan sit hulle almal in my laai. Ek lees nooit die kaartjies nie, want ek weet al klaar goed wat hulle sê „Veels geluk, mag daar nog baie jare wees!“ Mens sou dink dat grootmense iets meer kreatief as “n holruggerde deuntjie se woorde kon gebruik, maar nou ja.

My ouma is op die plaas en ek mis die verjaardagkoekies wat sy gewoonlik bak. Dis nou nie asof my ma of ons bediende Jenna die resep sou kry en actually sou maak wat ek wou gehad het nie. Maar darem is daar baie mense in die groot huis.

My pa speel musiek en hy en die manne drink by die huiskroeg en speel pool.

Ek hardloop kort-kort uit op die voorstoep en wonder, „Waar is sy, gaan sy kom?“

Die mense binne klink glase en praat, “Ja dit gaan goed by die skoonheidsalon”

“Ons het sopas ‘n nuwe kernkragmetode vir vuurpyle ondersoek en dit lyk belowend.”

Wat maak mense by skoonheidsalonne? Ek was een keer daar en het my hand in die was gedruk op te kyk hoeveel lae ek kan op my hand kry. Dit het later gelyk of ek Batman is soos wat die trane op mekaar begin bou het.

My oog vang die skoonheidsalontannie soos wat ek onder deur die tafels klouter.

“Kom onder die tafel uit my seun, wat op aarde maak jy daar!” buk my ma af en kners deur “n glimlag.

Die salontannie se gesig glinster beeldglad en spookwit. Ek besef dat sy al heelaand ons huis se doolhof van spieëls vermy.

„Kan sy dalk een wees?“ wonder ek.

“Weet jy wat “n Lus-let is? Het Ouma jou ooit vertel?” vra ek my nefie wat agteraan my kruip.

“Kyk na daardie tannie, lyk sy nie weird of dalk soos “n heks nie?”

Ek besef die tannie kyk vir ons en dis asof sy weet waarvan ons praat. Haar gesig kraak effens en ek sien die swart spookasem wat borrel onder die vel.

“Sy“s definitief een!”

Die voordeurklokkie lui en ek hardloop rats en vinnig want ek is seker dit is Tannie Anne. Dit is.

Sy“t ‘n reusagtige treinkoek saambring.

“Vir jou, happy birthday, krulkopkind!” sê Tannie Anne.

Dis asof die verjaarsdag van “n leë dop na “n vol speelgoedboks verander het. Finally. Iemand wat ek kan sê ek self genooi het.

Ek vat vir Tannie Anne deur die huis en wys haar alles. My kamer. My speelgoed. Ons kombuis. Alles.

“Wat maak sy hier?” vra my ma.

“Ek het haar genooi!”

“Hy het, en toe bring ek sommer koek!”

Van my ma se kant af is die aand suur omdat ek iemand self genooi het. Ek kom agter dat die skoonheidsalon tannie my heelyd dophou en glimlag. Sy freak my uit.

“Weet Tannie Anne iets van Lus-lette?” Ek het seker heelaand die moed try bymekaar skraap om haar te vra, want ek was bang dat sy sou dog ek is mal as ek oor kinderstories praat.

“Bedoel jy nou van die klomp vrouens wat met hulle bleek, gekraakte gesigte so om die kinders by jou partytjie hang ... as dit is wat jy bedoel, dan ja ... jy moet pasop vir hulle!”

//

Daar was eens op “n tyd twee seuns wat verdwaal het in “n woud, Ouma hoef seker nie vir jou te vertel wat hulle daar gekry het nie....

*Gideon en Kobus stap verby die bergie-boom en onderlangs die stormtak verby, “Hierdie boom freak my heavy uit!” sê Kobus.*

*“Ek hou self nie van hierdie boom nie. Dit laat dink my altyd aan “n bouse, krom toewenaarstaf wat uit die grond uitsteek... ons kom stap altyd hier met Ounooi en Husky, Husky hou daarvan om hier op en af te hardloop”*

*Hulle stap toe verder af oor die oop grasperk. Voor hulle is daar nou “n heining en langs die heining is daar “n klein woud. Die twee seuns stap in die woud in. Als lyk*

*normaal. Dis presies soos wat die damwoud altyd lyk. Die swaai. Die boom. Die oopte. Die swaai. Die boom. Die oopte.*

*“Kobus, waar’s die dam?”*

*“Hoe bedoel jy? Hou op my try bangmaak, die dam is net daar.” steek Gideon sy vinger reguit voor hom uit in die rigting van ’n boom in.*

*“Wag, hoe het die boom daar gekom? Dan moet die dam net, uhm, hier wees,” sy kop draai in die presiese ander rigting as wat die boom was.*

*En daar is daar nou ’n swaai*

*“Gideon, ek hou nie van hierdie game nie, kan ons nou ophou, asseblief?”*

*“Kobus ek speel nie ’n game nie, ek weet nie waar ons is nie, daar’s net dieselfde drie plekke om ons maak nie saak waar ons kyk nie. Dis asof ons vasgevang is in ’n lus.”*

*“M-m-m-m-Mooi gedaan seuntjie .... mh-mmmm, honger,” op die swaai is daar ’n vrou met peike vir hare en uitgeholde, donker, swart oë.*

*“Ag toe nou, moet nie vir my sê julle twee het al die pad vir my kom kuier en nie beseef wat ’n Lus-let is nie... skandelik... gruwelik... mh-mh-hahaha... wonderlik!” eindig die Lus-let in ’n opgewonde bese lag.*

*Die Lus-let jaag van die swaai af, en hoe vinniger die seuns probeer weg hardloop, hoe vinniger hardloop hulle oor en oor deur dieselfde drie plekke. Swaai.Boom.Oopte.Oopte.Swaai.Boom.*

*“Nowhere to run, nowhere to hide... toe nou, kom ons speel julle... ag toe.... asseblief ek versmul my aan kinderpride!”*

*Die Lus-let lag vir haar eie rympte asook vir die feit dat die seuns nog probeer weg hardloop.*

*“Uhm, kom ons try gou ...”*

*“Wat nou, julle?” eweskielik is haar gesig reg langs Kobus se ’n, hykan haar vel ruik.*

*Dit ruik soos leer of klein nat brakkies. Dalk ’n mengsel van die twee. Sy haal diep asem en druk haar neus teenaan syne en teug die lug uit sy longe uit. Hy voel hoe iets binne hom uitgesuig word.*

*“Delicious.. .trots... ahhh, ek gaan myself lekker aan julle twee mannetjies verslurp!” suig sy die laaste letters terug in haar verwaarlose mond in en kèkkellag die woud vol.*

*“Vat so, jou vieslike ding!”*

*Gideon tel ’n klip op een gooi dit in die rigting van die Lus-let in en val plat op die aarde.*

*“Eina my fok, daai’s seer!” skree sy.*

*“Kobus kom weg hierso. Gaan terug na die tuig toe!”*

*Met dié, draai hy om en hardloop. Maar hy's nogsteeds vasgevang in die eindelose doolhofagtige lus.*

*"Ek kan nie, ons is trapped hierbinne!"*

*"Onthou jy daai slag wat ons na daai ding in die middel van die Huisgenoot gestaar het, daardie 3D-bladsy ding, hierdie is soos daai. Die enigste manier om dit te sien, is om nie te kyk nie. Ontspan net jou oë!"*

*"Hoe weet jy dit?"*

*"Het jy rêrig nou tyd om dit vir my te vra, kom net hier flippenwil weg!"*

*Kobus ontspan sy oë, hy was altyd goed met daai magic eye stereogram-goed. En dit was nie eers "n paar oomblikke later nie en hy kon die lus-net om hulle sien. En soos wat hy die lus-net sien smelt dit weg en raak deel van wat net 'n illusie was.*

*"Sien jy dit?"*

*"Ja, duidelik, die dam is net daar," Kobus wys met sy vinger en hy voel hoe die bekende greepsarm van Gideon se gedagtes na hom uitreik.*

*"Wys my die pad ek kan dit nie sien nie, ek suck met daai verdomde goed."*

*Kobus wil lag, want dis so waar, Gideon kon nooit die stereogramme sien nie en dit het hom altyd so kwaad gemaak. Maar voor hy kon lag, is die Lus-let op haar voete.*

*"Dis hier, kom ons gaan"*

*Kobus lei vir Gideon deur die bos. Totdat hy self ook die breek in die lus in sy geestesoog kan sien.*

*"Kom hierso julle klein kakkerlakkies!"*

*Die Lus-let spoeg in haar kwaadheid nog lusse in alle rigtings, daar waar sy trap vou tyd en spasie op mekaar in sakkies van drie. Haar hakke klik-klik-klik, maar dis "n dowwe klikgeluid op die klippe en bruin, klam aarde.*

*Voordat sy vir Kobus kan vang, is hy buite die lus. Die skerp son wat nou deur die oopte in die takke skyn is helder. Skoop. Binne die bos is dit donker en dit lyk soos iets wat jy in "n rillerflek sou sien. Die dennehoutsap wat altyd "n deurskynende of barnsteen-kleurige skynsel het, is nou swart en donker en vuil. Dit lyk vir Kobus asof sy eintlik die son en die lig vermy.*

*"Gideon, ek dink nie sy kan in die lig kom nie, kyk, dis asof sy dit ten alle koste vermy!"*

*Hy draai sy kop en staan op.*

*"Ok, bly jy net buite die lus, ek sal nou hier uitkom, gaan solank na die astraaltuig toe!"*

*Gideon hardloop in die rigting van die oopte, hy sien duidelik waar Kobus nou omdraai en by die klein heuwel ophardloop voordat hy by die dam kan uitkom.*

*"Seuntjie, jy gaan beslis nêrens vandag nie, o lekker, lekker trotsheidscracker!"*



*En soos wat sy lag en vorentoe stoot van haar hakke af, val Gideon uit die lus uit. Hy staan nou op die grysgedeelte tussen die woud en waar daar 'n biësvlei is.*

*“Kom hier!” haar naels groei meteens langer en sy gryp 'n skoen.*

*Sy skoen.*

*“Eina, dooie donner, die son brand my moer toe!” skrou sy soos wat sy hom nader trek, sy skoen is nou weer in die Lus-let se skaduwees.*

*“Los my,” hy skop, maar hy skop niks raak nie, die skoen val van sy voet af en die Lus-let se mond raak nou 'n skeursel van 'nbek met klein prikkelnal tande.*

*“Het jou, maatjie!”*

## Slaphoeke

Ek weet nie actually waar ek staan met hierdie nie. Ek voel hoe die rook in my longe ingaan en die whispers van my kundalini demp. Ek voel hoe my gedagtes na mense en na attachment toe sweef en dan rook ek om die desire en die attraction te demp. Te dood. Te vries en dan te ontvries.

Daar is “n sletstring van naaiverhale waaraan ek elke nou en dan raak. Ek rol hulle tussen my vingers en wonder of daardie mense nog aan my dink. My sien. Van my droom. Droom ek dan ooit van hulle, of nie? Ek dink nie ek doen nie. My drome is te intellectual en te complicated.

Maar ek het nou die aand “n droom gehad waar ek in die berg stap met iemand wat ek onlangs ontmoet het. Hoekom droom ek nie meer van jou nie? Hoekom is ek nie meer naby aan jou nie? Is dit die afstand, of is dit, soos wat jy op “n tyd gesê het, dat ons soms verder voel as die fisiese afstand tussen my en jou? Fok weet.

Ek rol nog “n sletpêrel tussen my voorvinger, voorvel, en sluk dit deur die gaping van my piel in. Hoekom het ek nooit met ouens genaai nie? Hoekom stop ek altyd op “n sekere punt? Wat is dit wat my voorkom om in te duik sonder om te wonder hoe warm of koud, of hoe mooi of lelik, die water mag wees?

Ek kry boodskappe van mense af van die jare toet. “Hoe ganit?” “How goes?” “I miss you ... I love you”. Maar dit beteken fokol vir my omdat ek dit nie van hulle af wil hoor nie.

Ek’t gedog dat ek van iemand hou. Maar ek weet nie meer nie. Ek is deurmekaar. Ek is 10 op “n grasperk en ek is besig om in sirkels te draai en te draai totdat ek wil braak. Ek kots die waarheid uit en proe die suur smaak van realization. Van weet. Van besef.

Waar ek nou staan voel ek asof ek fokol soek. Ek voel nie empty nie. Ek voel nie, nie reg, of normaal nie. Ek voel net nie lus nie. Is dit die rook wat in my longe afsak en my diafragma verslap, of is dit die kundalini wat uit my anus uit lek? Is dit die kouete van winter, of is dit dat ek net vir te lank myself forseer het om van mense te hou? Gedruk het. Gepush het. Is ek soos my suster? Is ek ook een wat in verhoudings inspring voordat ek „hallo“ kon gesê het? En waar die donner het ek dit geleer? Ek blameer my ma en my pa en my ouma en my oupa. Ek blameer die wind wat nie genoeg gewaai het toe ek as kind by die gange van ons ou huis op en af gehardloop het nie. Ek blameer myself. En vir jou. Die klein kind wat ophou glo het in homself, wat gesê het „Ek gaan try straight wees“ en sy eie sexuality en identiteit gefracture het.

Klein doos wat jy is. Nou moet ek jare later sit en die ontrafelde tou weer aanmekaar vasvleg. Maar is “n ontrafelde tou nie dalk “n goeie geleentheid om te kies en keur wat jy in jou nuwe tou wil inbind nie?

//

Die deur van die kas slaan toe agter my gat. My knieë raak aan my ore. My asem wasem my balsak nat. Ek wonder of hulle, julle, vir my gaan kom soek. Ek kruip weg omdat ek weet dat dit julle survival instinct gaan laat inskop. Omdat julle dan gaan ophou baklei. Ek is die wedge, ek is die lig, ek is die broken boy wat in kaste wegkruip sodat my familie nuclear mag bly.

“As hulle my kry, het hulle my lief,” proe die souterige woorde een vir een, vokaal vir vokaal.

Familiekak is cross-generational. My pa is absent want sy pa het gedood toe hy vyf was. My ma kannie sê sy's lief vir mense nie omdat haar ouers agt-se-infinity van kinders gehad het.

Dis hoekom ek in kaste wegkruip.

## Nat Swembad

Ek sukkel om in die spieël te kyk. Ek's 'n perverse poes wat maak asof ek aan niks behalwe blokkies dink nie. Fokol van sirkels. Fokol van driehoëke. Net die vanilla. Soos die dekadente gelato van Italië.

In die aande voor ek gaan slaap, dan speel daar 'n drive-through se verhale deur my kop. Ek raak naar. Ek raak kwaad. Ek raak skaam en ek bloos vanaf my wange tot my anus. Jy weet wanneer jy stres tot in jou poephol in, dit double-clutch mos so. Dis daai gevoel wat ek nou voel.

Vanaand speel die swembaddens in my lewe in my kop af. Ek't myself fakdup altyd gebrand omdat ek heeldag in die son rondgespeel het. Dis waar al die vlekke op my nek vandaan kom. Dis hoekom ek lelik is. Dis hoekom ek van mense met mooi skoon, bruin velle hou. Dis hoekom ek daarvan hou om te slaap met mans wat Asian of Latino is. Dis erg. Waar's die tipex dat ek die kak uit my gedagtes kan uitverwit? Kan ek nie net vervel soos 'n slang en heeltemal my demons agterlos nie?

Ek hoor my eie stem. Dis ek wat die een was wat die kaalgatkompetisie begin het. Die een wat oor en oor gevra het as die ander seuns kom kuier, „wat kan ons doen?“ asof ek nou nie geweet het wat die donner ek actually mee besig was nie. Ek's manipulative. Ek's sexual. Ek's verkeerd. Oupa kyk vir my uit die hemel uit en kots op wieokal daar saam met hom is se skoot.

Die seuns het altyd soos curious konyne die broodkrummels gevolg. „Wat van ... dié?“ of „Wat van ... daai?“ Soms het dit lank gevat om hulle op die regte punt te kry dat hulle enige game sal aanvaar. Ek's patient. Ek wag. Dis dalk hoekom ek 'n goeie onderwyser is omdat ek kan wag vir goed om te gebeur.

- i. Die cul-de-sac-seuns het altyd sonder my in die straat gespeel. Leon se vel het altyd gestink. Dis asof sy ma nie omgee het dat hy soos rugby en gras en hondepis ruik nie. Ons hoë mure het hulle uitgehou en my ingehou. Karel en Reinhard het kom swem. Reinhard het sy swembroek uitgetrek en na die anderkantse wal toe gegooi. „Kom ons race vir swembroeke,“ het hy opgewonde gesê.
- ii. Matriek het Reinhard volpunte en sewe A's gekry. Hy het die aand voor die punte en rapporte uit is by Irene afgejaag in sy ma se ou rooi kar. Hy het die kar om die dunste boompie by die straatlampoog omgevou. Hy het op die agterste sitplek gaan lê en verdwyn.
- iii. Hy het daai dag by die swembad heel eerste sy swembroek gekry, as dit saakmaak.

//

Jy weet natuurlik van die kleurboogkinders my kind, of hoe nou?

Agter elke waterval is daar 'n plek waar kinders naak en vry rond dans. Dis moeilik om te dink dat daar 'n plek vol kinders alleen is, kaal is, vir altyd jonk is. Maar dit bestaan! Ek wil jou nie te veel vertel nie, maar dis iets wat jy moet weet.

Jy sal soms hoor as jy gaan swem, dit nou by julle einste swembad, hoe die kinders lag en jou al hoe nader aan hulle Kleurboog roep. Maar pasop, jy moenie na hulle luister nie. Tensy jy kaalgat tussen die gras in “n land ver weg van jou ouers en my af wil opeindig.

Hulle sing en roep jou en voor jy jou oë kom uitvee, is jy uit jou broek uit, deur die gleuf, en vir altyd vasgevang in “n land van gras en water. En al wat jou dae gaan raak, is om seuns deur die gleuf te trek tot in die Kleurboog en dit omdat jy nie meer alleen wil wees nie.

//

Ek onthou die dae wat ons langs die swembad lê en bak het. En wat ek na die tyd Harry Potter op my suster se pienk, opblaas Barbie-stoel sit en lees het. Maak dit my “n moffie?

Regardless, dit was my gunsteling dae. Hemelse swembad-Sondae. Dis nou nie asof ek net Sondae langs die swembad spandeer het nie. Dit was actually “n elke-somer-middag-na-skool storie. Daar’s dieper stories in die blou waters van die swembad. Maar ek wil jou nie vertel nie.

Die ritueel van swembad skoonmaak was iets wat ek altyd saam met my pa gedoen het. Wat ek geniet het. Dis nou moeilik tussen my en hom. Dit kners. Dit druk. Dis kak.

Ek hou van skoon swembaddens wat blou blink. My pa, via my ma, het my seker hierdie obsession laat ontwikkel. Toe ek jonk was, het ek leer swem en verdrink met “n rooi pollyotter. Rooi. Die kleur van bloed as jy jou bek oopval teen die swembadtrap omdat jou tand te gulsig is om die hok van die tande-bazaar wil ontsnap.

Ek en my pa sal altyd kaalbolyf na die woonstel se kant toe stap. Ek sal met my polyotter in die water inspring en teëls skrop. My pa sal dan sout in die water ingooi. Ek skree en skree en skree onder die water, dis die enigste plek waar niemand my kan hoor nie.

“Kom ons skok hom net so bietjie!” sal my pa bylas soos wat hy acid in die water ingooi. Dis die geheim. Of dis een van die geheime van blou waters.

Dis hoe jy jou water mooi blou kry. Acid. Vreet. Skrop en skuur. Stap vir stap:

1. Staan vroeg op en vertel jou ma dat jy en jou pa in die tuin gaan werk. (My ma sou uitfok as sy weet die swembad is groen.)
2. Trek jou ou blou speedo aan. (Wat styf oor jou pubic region span, is dit te klein, ek praat van my piel en nie die speedo nie?)
3. Hardloop verby die honde oor die klippe en stene. (Die twee mansbrakke naai mekaar altyd in die Lente.)
4. Bom in die swembad in. (En hoop sorgvrylik jy verloor jou swembroek.)
5. Praat en bond met jou pa. (“Ja pa. Regso pa. Dadelik pa.” Dis diep en meaningful bonding.)
6. Waardeer dit as hy op jou vloek omdat jy te veel speel. (Vloek is liefde. Stoei is drukkies. “n Klap in die gesig is “n trotse-prestasie soen.)
7. Skrop die teëls met “n ou naelborsel. (Hoe meer jy skrop, hoe minder pla jou piel jou.)
8. Gaan onder die water in elke keer wat jou pa jou roep. (Skree. Vermy die wêreld se verantwoordelikheid. Hoe voel dit om te verdrink?)
9. Beoog en bekyk die Kreepy Krawley en wonder hoe dit sou voel as die Kreepy jou vel suig. (Jou piel in die pyp.)
10. Lag saam met jou pa. Braai saam met familie. En bewaar die geheim van skoon swembaddens. (Stille waters, diepe donkers.)

## **Jags-brakke**

Ek verstaar my aan die roekelose vryheid van honde. Hulle loop na mekaar toe snuif-snuif en fokof as hulle nie like wat hulle ruik nie. Ek wonder of hulle voel soos ek voel as hulle rejected word. Ek wonder asof hulle ook voel asof daar rekkies om hulle balsak gedraai word as hulle die snuif-test fail.

Dalk nie. Omdat hulle met nat snoete en opgekrulde mondhoeke net klaarblyklik verder soek. Hulle is unapologetic en voel nie 'n fok nie. Daar is geen guilt trips en skaamte nie. Daar's nie 'n Adam en Eva ancestral sin nie. Daar is nie volumes van love poems en sulke kak nie.

Daar's net die volgende plek om te lek.

### **Praat straight ...**

“Jou ma wou jou nooit gehad het nie!” het my ouma my inform die dag toe sy 67 singels met die teelepels in die koppie uitgeklingel het. Sy glo 67 is die optimale roertotaal vir tee.

As dit nou my ma se ma was, sou dit my gepla het, maar dis my pa se ma, my pa se distant proxy-papier-poses van “n ma. En ek’t minder ooghare vir haar as wat sy wenkbroue oorhet. Want sy het fokol meer oor nie. Dis al jare lank wat sy hulle aanteken. Sies, ek’s seker nou lelik. Maar ek dink liever „Druk jou gemmerkoekies in jou fokken gat op, man!”

My pa en ek aarsel en sukkel. Ons huppel soos twee drie-been brakkies om mekaar in sirkels. Daar is goed wat ek oor wil praat. Daar is goed wat hy wil vermy om oor te praat. Daar is die waarheid in my mond. En die verdigsel wat hy in sy kop het. Dis die twee goed wat ons aanmekaar vasstring en verstrengel. Maar goed gaan nou beter. Ek moet nou nie weer loop kak opskop just for the sake of speaking nie. Ek doen daai. Ek rehash ou kak net om die silence te fill. Dis snaaks hoe my pa se legacy van awkward silence in my voortleef. Dis snaaks hoe my ouma praat oor familieleden wat ons nooit gaan ontmoet nie, want hulle is dood. Lankal. Fokken gone-zo. Dis seker “n haarkapper gap-fill technique.

My pa praat oor sy besigheid om die spasie te vul. My ma praat oor wat sy vir ander mense doen. Ek praat oor intellektuele kak. Wag. Eintlik praat ek oor planne en drome wat nooit gaan realize nie omdat ek te bang is vir die stilte. My suster praat oor haar leegheid. En almal anders om my praat oor hulle eie version van silence fill. Party mense fill die silence met nog silence. Dis “n goeie manier om iemand anders hulle ingewande op “n tafel te laat uitstort. Bly stil. Kyk diep. Hulle sal praat.

„Ek voel nie “n fok nie.“ Blaker ek tussen sigaretstompies en bierbotteltjies uit. Maar daai’s ook “n laai, “n leeg laai wat fokol inheti, want eintlik gee ek om. Hoekom is dit dat ek en my pa in stilte sit en met mekaar oor die plastiekoppervlak van die lewe praat? Hoekom is dit dat my ma begin huil as dit als net te real raak? Hoekom is dit dat ek mense wegstoot en wil weghardloop? En hoekom is dit dat sekere mense net hulle piele orals wil indruk?

Ek wens ek het rugby gespeel. Dat ek kon glimlag van traanhoek tot traanhoek. Dat ek “n meisie kon spyker soos wat ek veronderstel is om te kan doen. En dat ek 2.3 kinders en drie divorces in my lewe sou kon hê. Maar ek kan nie. Daai’s netjie ekkie.

Ek wens my vel was bietjie bruiner, dat my piel werk die oomblik wat ek dink aan hom gebruik, en dat ek ophou verlief raak op mense wat so ver weg is. Pappa is jy daar? Pappa is dit jou skuld? Pappa, kan jy my hoor?

My pa was “n emotionally absent father. Sy pa was “n physically absent father. Sy ma was “n secret slet met mooi skoene en die begeerte om elke Saterdag te gaan dans en vir al wat ons ooit sal weet, piele te suig (kry ek nou dan my streke by haar?).

Die punt is dat ek deur hierdie legacy van my familie se trauma opgeindig het om fokken aangetrokke te wees aan mense wat nooit vir te lank langs my kan wees nie. Dis sad maar dis waar. Is dit die ding wat ek rondom trippel maar nooit wil noem nie, is dit die waarheid wat ek sou uitblaker onder hipnose of sex therapy? Party mense sê jy spandeer jou hele grootmenslewe om jou childhood uit te figure.

Ek sê, as dit die meaning of life is, is dit ook maar fokken vevelig.

## **Teverneefs**

Ons stap na Elzette se huis toe. Elzette. Blonde hare en leë oë wat dink jou piel gaan haar lewe gee. Wat dink as sy jou kom proe dat haar pappaprobleme gaan verdwyn (vir 'n oomblik). Ek's jaloers. Ek hardloop by die deur uit en in die straat af toe ek Elzette se sletgiggel hoor. Die ene wat klink soos zips wat afzip, en spoegmonde met honger lippe en slangerige slaktonge wat binne hulle rondplak. Jy moet my agtervolg. Ek en jou broer is jou responsibility. Maar jy bly by Elzette. Ek huil. Daai fokken Elslet. Ons rook skelmpies in die boomhuis terwyl ons vir jou wegkruip. Jou ma kak jou uit. Ek voel kort daarna beter.



## Rakpakker

Ek't fokken lanklaas porn gekyk, maar ek is seker daarvan daar is al watse weird shit deesdae wat my heeltemal sal uitfreak. Ek't een aand fokken lank terug birthing videos gekyk. Geen grap. Fokweet hoe ek daarop afgekome het, maar nou ja dit is wat gebeur het. Ek en my pelle het dit die „birthing hour“ genoem omdat ek vir een of ander siek rede in daardie oomblik deur dit aroused was. En ek't toe obviously begin draadtrek.

“Jy's 'n siekfok, Neil!” het my tjom Denis gesê.

Ek't natuurlik net my skouers opgetrek en verder gerook.

Kyk, dis nie asof ek van weird kak hou nie. Daai was letterlik net 'n random one-time-only ding.

“Next customer please ...” is ek verplig om met 'n smile te sê.

Jirre kyk die fokken dom poes wat hier aangestap kom. Stuk kak uitgeblykte hemp en hamwange met 'n borselkop. Die doos bly nog seker by sy fokken ma.

“Will that be all for you, sir?” kont, ek't vergeet omvir die dipshit te vra asof hy 'n „Smart Shopper“ kaart het.

Ja ek werk by Pick 'n Pay en ek weet dis kak. Daar's nie veel anders wat ek kon doen sonder 'n matrieksertifikaat nie. En ek gaan ook nie in daardie hele boo-hoo „die land is gefok“ tirade ingaan nie.

My dag oscillate soos die, van „Next customer“ na kak commentaries en dan fokof ek huistoe.

“Holy fuck. Check dié dude,” dink ek vir die eerste keer in 'n week.

Dis min dat jy aantreklike mans kry. Voor ons aanfok gaan ek vinnig sê: ek mag dalk present of voorkom as straight en ek loop dalk soos iemand wat hulle heel kont lewe rugby gespeel het. Maar daai's fokkel waar nie. Niemand besef nie though. God, ek sal nooit ve iemand daai shit reveal nie. But as ek dit moet admit sou ek seker sê eks bietjie meer as bi-sexual. Ja ek weet daai is 'n kak verskoning en 'n domnaai cop-out maar dis nou wat dit is.

Ek't nog nooit 'n boyfriend gehad nie, wag sorry ...

“No problem madame, would you like a bag with that?” fokken ou tief wat drie sakke katkos koop.

Sy't seker 'n hele fokken hoerhuis van katte wat op haar banke pis en wat kak onder haar kussings.

Anyway. Ek't nog nooit iemand gedate nie maar ek weet waarvan ek hou. As ek porn kyk dan kry ek sensations en ek dit lei my soos daai waterstokke. Slap piel beteken, fokol interested. Semi beteken daar's iets wat my aandag trek. Harde horing beteken probably die meeste. Nou ek het vir 'n lang tyd try myself mislei en oorreed dat ek 'n fout maak of iets misinterpret. Ek was self so fokken erg dat ek afwank op mans en dan oorswitch op die eidne na vrouens toe. Dink daai's 'n form van mindfuck brainwashing wat die kerk jou leer in Amerika. Daai kak werk nie.

Vir nou is ek bi vir die blote feit dat ek nie weet wat die fok om vir my vriende of ouers te sê as ek die full transition doen nie.

So lyk die bra wat ek vroeër sien die gange op en af stap het, is terug. Ek sweer voor die jirre ek't hom al gesien, dalk nog in die fokken gym. Kort bruin hare, nie 'n langman nie maar stewig en fris gebou.

Nou jy gaan dink ek's seker die weierste fokker in die Pick „n Pay of dalk dink jy al klaar so omdat ek daai birthing-hour kak gedoen het. Maar ek hou van weier shit. Okay nou nie super weier goed soos leer en bondage en al daai fancy gimmicky shit nie. Ek't net soos fantasieë oor sekere goed.

“Hi there, um...” fok verloor ek my cool.

My hand gly vanself na my hare toe. Nee fok ek moet cool lyk dit lyk kak as iemand hulle hare vryf. Ek moet dalk try serious lyk. Jirre seriously. Die dude gaan dink ek's 'n malnaai.

“Hi there, can I have two bags?” fok sy oë is intens terwyl hy my die kak vra.

Groen of geel.

“Sure,” letterlik is ek nie 'n dompoes joke nie.

Dit is hoe ek altyd raak as ek met mense deal wat my slightly intimidate.

My gedagtes begint sommer vanself te float na snaakse kak. Partymal dink ek aan voete. Partymal aan reuke. Mens praat tog nie met jou pelle oor die tipe shit nie, dis weier. Mens moet darem slightly normal voorkom.

Die dude doen shit aan my. Ek dink aan die holte van sy arm en die diepte van sy armpit.

“Would you like to donate...” thank fuck ek hoef niks nuut te sê of op te maak nie.

Ek bly net met die standard script.

“No thanks.”

Hy loop weg met sy sakke en ek bly nogsteeds dink. Fok. Hoekom is hy so in my gedagtes in?

Die res van die middag dink ek vir een of ander rede aan die ou se post-workout arms. Die oomblik wat ek by die huis kom gaan ek definitely draadtrek, dis for-fokken-sure.

## Vettie-Hush

Ek lê in die tuin op my rug. Die lig sny deur die blink blare van die hol kriewelbos. Daar waar die bosselose bly. Die tuindienste is besig om die tuin te sny. En ek is besig om aan my piel te vat.

Hoekom doen ek daai? Wat's die aantrekking daarvan om in die bos te lê en amper gevang te word? My hart klop. My mond water. Ek sien iemand kyk vir my en ek kyk terug.

Dis jare later en ek stap in die botaniese tuin. Die natuurreservaat. Die enigste ander groen plek. As ek lank genoeg tussen bome is; wil ek bome klim, my broek aftrek, en my melkerige kom teen 'n boom af laat drip. Die ander dag het ek gestap en ek't my pielkop teen die growwe bas van die boom geskuur. Hoekom. Hoekom rape ek boombas en skaaf my piel stukkend teen plantegroei?

Daar's mense wat behep is met my voete. Ek stuur foto's van my hol, my boude, die sole van my voete. Die sole van my voete en my hol saam. My rug. Ek staan met my voorkop teen 'n muur op my knieë. Ek is 'n stoute kind wat die juffrou haar poes vertel het. Maar eintlik is ek self die onderwyser. En ek word gepunish omdat my piel nie kan styf raak nie. My gat word met 'n ysterliniaal gebliksem. Die einste een wat ek gebruik om die woorde te onderstreep op die kruitbord.

Daar is iets van pyn wat my arouse. Nie noodwendig dat ek hou van seerkry nie. Net die gedagte van my bene strek tot by 'n punt wat dit seer raak. Of om iemand anders se heupe af te druk totdat hulle seerkry. Is dit omdat ek as kind gebliksem was? Is dit omdat ek as kind liefde aan belthoue en pyn gekoppel het?

“Ruik hierdie fokken tekkie!” het my ouma eenkeer vir my gesê.

Dis haar skuld dat ek nou daarvan hou om mense se liggame te ruik, so aandagtig te snuif soos 'n hoërbrak op hitte.

Ek onthou die laaste keer wat ek release het, wat ek free-er gevoel het. Dit was toe iemand vir my gesê het „Pee on yourself“ hulle het gedink hulle was baie oulik. Asof ek nog nooit my eie pis op my liggaam gevoel het nie. Asof ek nie die kind was wat in 'n koppie gepis het en lou-hitte urine oor my piel gegooi het terwyl ek afgejerk het nie. „With your underwear on!“ Nou dit was anders, dit was interessant. Wel gedaan. Ekt gevoel of ek 2 jaar oud was met 'n nappie aan. En nee. Ek het nie baba fetishes nie. Although.

“Hush little baby don't you cry ...”

Nou dat ek mooi daaraan dink besef ek, ek hou nogal daarvan as iemand hard aan my nippels suig. Het ek dan 'n mamma fetish?

Ek kan nie dink aan enigeiets anders nie. Ek kan nie dink aan wat anders ek possibly as 'n fetish beskou nie. Behalwe vir die feit dat ek dit geniet om mense te kry om fotos van hulle piel aan my te stuur. Dit klink maklik. Maar dis soms moeiliker as wat jy dink. Dis juis wanneer dit moeilik is wat dit lekker raak. Party ouens speel sport, party ouens gaan gym toe, ek ... ek hou van kopfok en draadjies span. Is ek dan 'n tannie Lus-let? Of is ek dalk net 'n volgroeiende Kleurboog kind?

Of is ek net my ma se kind wat moes vroeg leer het hoe om kop speletjies te speel?

## Moederbaar

Ek hoor die rukkende eggo van my verlede in skulpe wat ek langs die kus skop. Ek loop op en af met die strand, en wonder hoekom die see so fokken koud is hier. Ek voel die bries wat sand in die lig opswEEP en dit voor my laat uitsprint. Daar's haibaba-sakkies wat uitgespoel lê en stadig verbokkom.

„Hoekom is “n kombes die gemaklikste ding op aarde?“ dink ek soos wat ek my baadjie styf teen my vashou en my hande dieper in my sakke in gawe.

Een keer “n maand voel ek buite my eie liggaam. Ongemaklik en ongepas. Ek voel te groot. Ek voel te klein. Ek voel glad nie soos Goldilocks in die middel-bed, smullend aan “n middle-ontbyt, wat op die middle-stoel staan terwyl die TV Saterdag oggend KTV cartoons speel nie. Daar's niks wat vandag *net-reg* voel nie.

My asem wil nie kom nie; by die huis skuif ek die stoel nader aan die groot houtraam venster. Die bries wat inwaai ruik soos koeimis, die spasie tussen my bed en die kombuis ruik soos “n hotel ontvangs. Die koue lug wat inkom herinner my aan die winter. Buite raas bruin blare ritselrig in die wind. „Moet ek die venster toemaak?“ Ek druk my neus by die venster uit. Seisoensverandering. Dit soen die spasie tussen my haarlyn en nek, sagte donsiehare staan penoerent en my vel verrimpel in see-pampoentjie tekstuur.

Sondaemiddae is die lug warm. Die lug vou en draai om my soos a pasgeborene wat gemak vind in stywe lapdrukkies. Partymaal, soms, voel Sondaes soos “n donkiebyt. Ek het eenslag toe “n vriend my arm soos ou lap gedraai en „donkiebyt“ gegil het, my moer heeltemal gestrip.

“n Emosionele lekkerte het toe, amper soos wolsokkies, my oorweldig.

„Klein doos.“ Dit is die woord wat ek spesifiek gebruik het al was ek te jonk. Ek het mooi gedink aan die woord. Die letter „d“ vet en rond, boepenserig. Die twee „o“s wat mooi langs mekaar pas en lyk asof hulle “n tweeling is wat by “n heuwel af bollemakiesie. En „s“: „S“laat dink my aan slange en mense wat sukkel om te praat. Ek het die eerste keer wat ek die woord gebruik het dit by my pa gehoor, „hy“s “n regte fokken doos!“

Maar ek mag dit nie sê nie want dis “n grootmenswoord.

Na dit as “n stout kind hardloop ek elke keer sitkamer toe as ek kwaad raak. En dan skree ek daardie woord onder die turkoois banke in. Dit raak my magic incantation om die woede uit te kry. Om die warm lug uit my bors te uiter. Soos iets wat in “n skulp weergalm of wat voor my die bries in blaas.

„Kleindoos“ Karel was my bestevriend. Ek het sy potlood uit sy spacecase gevat en dit afgerasper en gevyl en skerp gemaak totdat dit by die laaste nippertjie van my vingerpunt was.

“Hier's jou potlood!“

“Jy's kak!“ Het hy vir my gesê.

Ek dink aan hierdie tipe goed en wonder hoekom ek ophou kak aanjaag het. Hoekom ek ophou kanse vat het. Hoekom ek die een is wat opsoek is na iets wat „net-reg“ is. Die een wat

nie meer ou beskuit aan die bure try smokkel, of toktokkie in die cul-de-sac speel nie. Dat ek die een is wat op die strand gaan stap en my gemoed met sandkorrels deel.

Die aarde plak teen my voete vas. Die sand raak dik en omhelsend. Dit raak insluitend en gevaarlik. Ek val soos 'n toring potlode op my bed. Ek kleef vas aan die duvet. My liggaam is swaar. My liggaam is te groot. Die bed is te klein.

Ek besluit om te reset. Om in my gemakdoos, persoonlike spacecase, in te kruip. 'n Sanderige bruin kombers. Baarmoeders. Een en dieselfde en dieselfde in een. Ek kyk skuldig na die dak. Ek lê. Ek trek die sagte wollerige magicdoek soos siemalabium van hakke tot hare.

Ek krul op en draai en krul verder op. Ek worstel 'n rukkie lank soos 'n kluisenaarkrap wat sy nuwe dop uittry en beproef. Ek raak bewus van myself en van my vel. Is ek 'n kluisenaar of is ek 'n krap? Ek raak bewus van my asemhaling wat in-en-uit en dan bedaar. Die reuk van die see kleef aan die kombers. Langnaweke in Bettiesbaai. Ek maak my oë toe en trek my tone net-net onder die kombers in. Hulle kriel soos klein krappies op die kuslyn.

Die kombers ruik na alles wat ek al ooit in my hele lewe ervaar het, maar ook, soos die eerste ding wat my styf vasgedruk en omhels het.

## Helder Oë

Ek sluit my oë vir 'n kerktiens-oomblik en sien 'n kinderlike weerkaatsing teen die vel skerm.

Stoutgat half-grootte dis 'n mens-wordende. Kruip en kriel deuroorvloed en die Adam-Eva sweetbos.

Groot mure en glinsterende diamantperfeksie'n tiener in 'n mondlose toring 'n oranje gaping wat soos 'n ongeluks-inhaal-aseem, tyd in stilte laat uitrafel. En selfverteer.

Ek voel 'n diafragma-deuntjie. Ek proe droogte. Ek ruik trane. En verwerk hartseer.

Daar's 'n kraak in die muur en 'n man loer deur, verlig.

### 33 Abelia

Ek het “n glimlag wat stadig begint huiwer. Met elke woord wat ek skryf oor die verlede grawe ek “n dieper gat. Dril. Dril. Dril. Tril. Tril. Tril.

Lyk my bolip al soos “n jackhammer? Lyk my onderlip al soos die grond? Lyk die traan wat souterig proe al soos “n mynskag wat van bo tot onder sny en frack? Of verbeel ek my?

In my trauma speel huise “n belangrike rol. In my lewe vat die vier mure van skuiling die vierde trap van vergelyking se plek oor.

Ek skryf altyd met plek ingedagte. Met huis op die vingerpunte. Ek weef woorde met familie as die verbindingsvou; met die boek se gomrug.

“Ons trek die naweek!” skree my ma soos wat sy boeke en borde en baadjies in bokse in smyt. Sy verskeur 15 pseudo-perfekte jare in twee dae. Die “n emergency. Dis die Titanic. Dis: “Ons gaan nie “n fok onder met die skip nie!”

Ek sien bome wat flits en skoelappers met groot oë en glimlagte op hulle ruë onderstebo draai en vrek. Buite in ons perfekte tuin.

Ek vat aan die ou mure waar ek leer val het. Ruik die geur van elke kamer vir “n laaste keer:

Potpourri-kaneel vir ouma s“n. Tienerseun angst vir myne. Opgewonde adrenalien vir my suster s“n. En 18 jaar van asynwoorde vir my ma en pa.

My extended familie het Desember vakansies hier kom kuier. My oupa is hier dood. My suster is hier gebore.

Toe ek alleen was was, was die vier mure my enigste geselskap. Toe my pa my gevra het, „Wil jy hê moet ek jou ma skei?“ het ek eers die omhelsende glinster teëls gevra. Toe ek jonk was, was hulle vier vrouens wat my oral agtervolg en opgepas het. Toe ek ouer geraak het, was hulle oupa wat altyd vir my kyk. “n Ogie hou. Soos wat iemand altyd gesê het.

Vyftien jaar later, hierdie jaar, gaan ek op Google Maps se streetview in en ek sien iets wat my asem wegslaan. Ek sien die dag wat ek met my silwer Toyota Tazz by die groot swart hek uitgery het. Vir die laaste keer. Daardie Vrydag voor die naweek wat als verander het. Wat maak die foto hier?

In die agtergrond is “n huis met vol oë en kamers vol herinneringe.

“n Huis met seuns wat deur krielbosse kruip, wat met swaarde op die voorste yard speel. Daar is twee honde wat blaf en lawaai. En “n groep mense wat rugby kyk en gil en skree van die sitkamer se kant af. Daar is “n huishulp wat “n part-time ma was. “n Ouma wat altyd aan die kook was.

En “n boom wat in die wind waai, soos “n oupa se hare.

Part B: Portfolio

**Portfolio**

Submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree of

**Master of Arts in Creative Writing**

of

Rhodes University

by

**Deon Claudius Visser**

November 2020



Deon Claudius Visser

Portefeulje ter ondersteuning van *Hierdie keer gaan nie maklik wees nie.*

*Die portefeluje is word in drie dele aangebied. in Deel Een plaas ek my kortverhaalbundel, Hierdie keer gaan nie maklik wees nie, binne die konteks van trauma en traumaverwerking en ondersoek presies hóé ek as skrywer die afgelope jaar ontwikkel en verander het. In Deel Twee ondersoek ek hoe my leeswerk en my skryfwerk in gesprek met mekaar is. In Deel Drie bespreek ek die lesersverslag oor my bundel.*

## **Inhoudsopgawe**

Deel Een.....	59
Inleiding .....	59
Die Skryfproses as ‘n Meganisme vir Traumaverwerking .....	60
Nadenkingsjoernale oor traumaverwerking: .....	72
Deel Twee .....	78
Inleiding .....	78
Boekresensie: Chokers en Survivors (2013) .....	79
Boekresensie: Ons is nie almal so nie (1990) .....	81
Nadenkingsjoernale oor my leeswerk: .....	83
Deel Drie.....	92
Inleiding .....	92
Afrikaans Lesersverslag respons.....	93

## **Deel Een**

### **Inleiding**

As skrywer stel ek belang in trauma as 'n tema en in die wisselwerking tussen die skryfproses en traumaverwerking. Trauma beïnvloed die skrywer en sy/haar werk. Terselfdetyd word die skrywer deur sy/haar eie skryfproses beïnvloed. Die afdeling wat volg bestaan uit 'n opstel wat die stelling b6 krities ondersoek en uit nadenkingsjoernale oor my skryfproses en traumaverwerking.

## **Die Skryfproses as 'n Meganisme vir Traumaverwerking**

### **Wat is trauma?**

Elke mens het 'n ander perspektief en uitkyk op die lewe. I.t.v dit het elkeen van ons ook 'n ander manier waarop ons goed prosesseer en verwerk. In ons daaglikse lewens ervaar ons verskeie stimulasies en situasies: d.w.s dat ons goeie sowel as slegte ervarings het. Dis juis omdat ons almal anders is, dat ons sekere goed minder of meer of intens kan ervaar weens ons geskiedenis en sensitiwiteit. Daar is sekere ervarings wat traumaties mag wees vir party van ons, maar vir ander van ons dra hierdie gebeurtenisse geen gewig nie. Dit beteken nie dat die sneller (d.w.s. dit wat die trauma-reaksie begin, die "trigger") as sulks minder of meer beteken nie. Dit beteken net dat dit traumaties vir 'n sekere individu is weens hulle geskiedenis of hulle gesindheid.

Wanneer ons praat van trauma, kan ons ook aflei dat nie almal bewus is van hulle traumas of wat die presiese effekte daarvan op hulle daaglikse lewens mag wees nie. Ons ervaar iets, onderdruk of verwerk dit, en dan vergeet ons weer daarvan. In die verloop van 'n normale dag is daar nie tyd of die instelling om elke aspek van ons psiges te analiseer of te bepeins nie. Dis ook ewe waar dat ons nie altyd presies kan uitwys wat vir ons traumaties was of is nie. Dan kan trauma ook verskeie maskers dra, asook verskeie boksies beset. En dis juis omdat trauma, of wat presies traumaties vir ons is, nie ooglopend of voor die hand liggend is nie, dat dit soms moeilik is om vas te stel wat ons individuele traumas is of mag wees.

Met betrekking hiertoe, kan ons ook sien dat ons trauma fragmentaries is. Ons geheue en herinneringe daarvan is soms verdoesel en agter rooskleurige brille versteek. Die waarheid is soms 'n leuen, en die eintlike ervaring is soms nie so onskuldig as wat dit geblyk het die oomblik toe ons dit ervaar het nie. Ons kan verskeie voorbeelde uitlig – soos die effek van verbale mishandeling van 'n ouer af. In die oomblik is die mishandeling normaal. Die persoon wat dit ervaar weet dalk nie van beter nie, maar soos tyd verloop en soos ons ouer raak, kan ons die ervaring herraam as verkeerd of beledigend.

Dit wil dan verder sê dat ons fragmentariese traumas wat in rooskleurige herinneringe wegkruip, iets is wat aktief uitgesoek, en ondersoek moet word, deur ons as individue. Ons moet die werk doen om hulle te ontbloot en te uiter. Maar hulle maak seer, so ons vermy en onderdruk hulle. Ons bou mure om die plekke wat ons seermaak sodat ons hulle nie hoef te voel nie. Ons gooi matte oor probleme of uiteringe en verdoof hulle sodat ons hulle nie meer hoef te hoor of te sien nie.

Hierdie onderliggende traumas wat wegkruip agter mure en matte, is die dinge wat ons dan in die hede beïnvloed. Dit is die dinge wat ons blok en laat afsny, laat kwaad of geïrriteerd raak met die lewe. Die oomblik dat iets te naby kom aan die doring, bars ons uit om onself te beskerm. Maar mens kan nie so deur die lewe gaan nie. Die trauma moet uit, die wond moet genees, en ons moet ons huis bou waar dit ons pas, en op die manier wat ons wil of goed dink.

En dit beteken dat ons diep moet graawe en die trauma, wortel en al, uitgraawe en baasraak.

### **Hoe gaan mens te werk?**

Almal hanteer goed anders en almal het hul eie maniere om traumas te verwerk. Ek voel dat kreatiewe pogings, soos skryf, ons seker die naaste aan ons traumas kan bring, maar daar is ook ander maniere. Ons kan byvoorbeeld met 'n sielkundige of vriend oor ons probleme praat. Ons kan sport speel en die onderliggende stres en spanning 'n kanaal gee om te uit.

Maar ek glo mens moet meer doelgerig wees wanneer dit kom by hierdie tipe self-kennis en persoonlike bevordering.

Om te praat maak ons bewus, om iets te skeep laat ons met die probleem speel (meeste van die tyd onbewustelik), maar om te skryf doen iets heeltemal anders. Wanneer ons oor ons probleme skryf, gee ons hulle konteks en karakter. Ons gee hulle 'n vorm, 'n lewende lyf wat ons kan aanskou en bewonder.

Ek glo skryf is die werklike poort na die diepere vlakke van ons bewussyn. Daar is natuurlik faktore waarbinne die skryfproses moet plaasvind. Daar is werk wat voor die tyd ingesit moet word om die platform te skeep waarop ons die boksies kan uitpak. Mens kan nie in 'n deurmekaar kamer orde skeep tensy jy nie 'n oop spasie het om te begin mee nie. Jy kort daardie plek om al die goed in vrede en met die nodige spasie tot jou beskikking te kan ondersoek.

Ek sou daarbenewens sê, voor jy die diep-duik in jou persoonlike geskiedenis en die dieper vlakke van die bewussyn (en die onderbewussyn) moet jy jou verstand voorberei. Mens kan dit begin doen met meditasie of bewustheidsoefeninge wat jou na die hede toe bring. As jy hierdie oefeninge doen, behoort jy binnekort die verstandelike spasie en kalmte hê om te werk te gaan.

### **Skryf en die traumaverwerkingsproses**

Nie alle traumas is verstaanbaar as 'n alleenstanende lewensgebeurtenis nie. Sekere traumas is tussen-generasie traumas. Hulle word oorgedra deur die stories wat ons oorvertel of gehoor het as kinders. Hulle word voortgebring in die patrone waarin ons ouers en hulle ouers verval. In baie opsigte beteken dit ons word van vroeg af aan traumas wat ons nooit eers eerstehands ondervind het nie, blootgestel. En dit maak dit selfs moeiliker om hulle te verstaan of te verwerk.

Ek voel skryf, meer as enige ander kreatiewe proses, gee vir ons die geleentheid om struktuur of lyf aan ons probleme te gee. Die eerste stap is om bewus te raak van die emosie of gevoel wat jy ervaar. Tweendes, gee dit 'n naam of etiket. Derdens, vermy die neiging om dit te wil onderdruk of verontagsaam. En laastens moet jy dit laat gaan.

Dis juis hierdie laaste stap wat dit so moeilik, of liever, interessant maak. Hoe laat ons iets net vaar? Hoe kom ons oor iets wat ons pla of hinder? Dís waar skryf inkom. Dis die meganisme wat ons kan gebruik om die tou te ontrafel. So dis ná hierdie bewusrakingsproses wat die vêrdere werk eintlik begin. Hierdie laaste stap is inderdaad die mees aangrypende en mees tydsbesettende deel. Ek wil hierdie die stap verder uitpak en analiseer.

Gedurende my eie skryfproses die afgelope jaar, het ek agtergekom dat my stories se kwaliteit en struktuur verander het. Dis nie net dat ek trauma verwerk het nie. Dis asof ek nader aan myself kom soos ek nader aan die trauma kom. D.w.s die trauma lê só diep dat dit eintlik langsaan my ware self lê. Agter die mure en matte waar die trauma skuil, kan mens dan jou regte self tot 'n mate vind.

Ek wil d.m.v 'n voorbeeld wys hoe ek meer outentiek in my skryfstyl en uitdrukking gegroei het:

**'n Uitreksel uit Opdrag Drie vir die Fierce Writing seminaar aangebied deur die digter, Kerry Hammerton:**

*Ek het die nuus gekry die ander dag. Jou been gaan afgesit word. My hart klop en ek wonder wat gaan gebeur. Gaan jy wat so oud is dit kan oorleef? Gaan jy wat jou drie seuns verloor het kan opstaan, na hiërdie slag? Ek luister dieselfde liedjie oor-en-oor. Dit laat dink my aan jou. Nie omdat jy dit al ooit gehoor het nie. Nie omdat dit praat van oumas en oupas en mense soos daai nie. Nee. Liewer omdat die klavier se melodie net iets vir my fluister en communicate in dié bedompige plek.*

In Kerry Hammerton se seminaar was ek vir die eerste keer bewus gemaak van “n emosie of “n gevoel wat ek het. En dat ek hierdie moet ondersoek en nie bang moet wees vir wat onderliggend gevind kan word nie. In hierdie uittreksel onthou en herhaal ek hoe ek gevoel het toe ek uitgevind het dat my ouma se been afgesit gaan word. Maar as ons die sinne dieper analiseer, kan ons waarneem dat daar “n tipe vrees en teruggetrokkenheid in die skryf is. Mens kan waarneem dat ek die tweedepersoon gebruik. Daar is “n distansie tussen „ek” wat skryf en die onderwerp. My taal gebruik is ook meer formeel en gesensuur. Is dit omdat ek bang is vir wie dit mag lees? Is dit omdat ek wonder wat die mense gaan dink?

Dit bring my dan tot “n ander punt: dit wat mens kan waarneem wanneer jy begin bewusraak van “n trauma. Mens moduleer en verander jou reaksie sodat jy die leser of die gehoor kan bevredig. Mens doen dit omdat jy skaam is, of dalk omdat jy as kind geleer is om emosies te onderdruk. In my geval is laasgenoemde wat ek aan dié tipe moduleering heg.

In hierdie selfde seminaar druk ek myself verder. Ek besef dat ek agter taal en woorde en gekose onderwerpe skuil.

Soos waargeneem kan word in hierdie uittreksel uit dieselfde opdrag:

**Undelivered letter of complaint (Afrikaans)**

*Ons, wat die community is, wag in angs.  
Dis “n tipe shock-therapy of water-torture  
hierdie, dag ná dag.  
Ons, die community, se borste is warm  
En ons koppe is boos befok.  
Ons wat die beacons of hope is  
wag patiently in die skaduwees vani dag.  
Maar dit sê jy, is mos goed.*

In hierdie stuk begin ek woorde aan my emosies gee. “Befok” word byvoorbeeld gebruik om te wys hoe kwaad ek is. Dit is “n woord wat ek op daardie punt nog nooit in enige skryfstukke gebruik het nie. Mens kan weereens aflei en dat ek wegkruip. Ek gebruik “ons”. Die probleme van die gemeenskap is nou myne. Dis nie ék wat kwaad is nie, dis hulle, en ek is tot “n mate hulle mondstuk. Dis waar dat ek as mens kwaad is oor wat in ons gemeenskappe aangaan. Dis waar dat as ek as mens “n natuurlike geneser is. Maar is hierdie probleme werklik waaroor ek moet skryf? Dalk in die oomblik, ja. Maar wat lê dieper en onder die oppervlak? Hulle sê mens moet vyf keer „hoekom” vra voordat jy by die regte, ware, antwoord kry. En ek dink as mens hierdie raad volg, sal mens by die kern van jou probleem of trauma uitkom. Dit is inderwaarheid hoe mens dieper kan grawe en dieper jou eie psige in kan delf.

As ek na die *Fierce Writing* seminaar kyk, sien ek dit as “n lem wat die wonde oopgesny het. Dit was d.m.v skrywers soos Jose Olivarez wat ek in Hammerton se seminaar teëgekom het, dat ek begin besef het wat die rol van taal in skryf speel. Maar dit was ook in sy *Mexican American Disambiguation* dat ek besef het hoe mens persoonlike trauma in jou skryf proses kan gebruik. Die trauma van wat dit beteken om “n Meksikaanse persoon in Amerika te wees, en die eerlikheid wat hy oor sy lewenservaring skryf, was vir my baie insiggewend.

Dit was ook in hierdie seminaar wat ek Vangile Gantsho se *Red Cotton* raakgelees het en besef het hoe mens oor verkragting kan skryf. Hoe mens as skrywer die trauma kan baasraak.

“two beautiful men push me onto a bed. one puts his knees on my wrists ...”

Daar is “n eerlikheid in hierdie uittreksel wat ek nie op daardie punt in my eie skryfwerk gevind het nie. Daar is iets wat so basies en reguit in die aanhaling bo is dat dit universeel raak. Ek het tot-en-met hierdie punt gedog dat mens moet skuil en verdoesel as jy skryf. Dat jy jou woorde moet gebruik en metafore skep waar jy óm jou probleme hardloop, waar jy “n ding uitwys maar nie noem op sy naam nie. Dalk is dit “n wit Afrikanerman ding, “n element wat ingebore is in ons kultuur. Die begrip dat mens ten alle tye Calvinisties en sterk moet voorkom, dat teerheid “n swakpunt is. Maar dit is glad nie waar nie, intendeel is dit die teenoorgestelde wat waar is. Mens kan nie sonder teerheid braaf wees nie.

Dit is dan waar ons as skrywers moet floreer en ons huise bou. Ons moet vreesloos skryf. En as ons dit nog nie kan doen nie, dan is dit wat ons moet oefen. Elke stappie wat ons nader skyf aan die waarheid, elke steen wat ons uit die muur uithaal, bring ons nader aan die waarheid en aan onself.

Die bogenoemde kan “n aanvaardingsproses begin. Ons kan begin leer hoe om trauma te laat vaar. Skryf en lees kan die bewusmaking en realisering wees van presies wát ons pla. Dit is wanneer ons ander mense se traumas en hulle eerlike, outentieke, verslag-lewering lees, wat ons begin leer wat ons sêlf moet doen. Die seminaar *Fierce Writing* was vir my die beginpunt. Ek het hier besef dat ek nie “n idee het waarom ek wil skryf nie. Waaroor ek moet skryf nie. Maar dit het baie gou begin duidelik raak dat waarom ek voorheen geskryf het, nie die regte onderwerpe was nie.

### **Jou gemors is jou boodskap**


Ek het kort na Kerry Hammerton se seminaar begin om lyste te maak van dinge wat my pla. Dinge wat ek dink my traumas kan wees. Dít is waar ek die eerste stap begin gee het, naamlik: raak bewus van jou emosies of van dít wat jou pla.

Ek het bewus begin raak van die volgende onderwerpe en dit begin oorweeg om oor hierdie temas te skryf:

- My moeilike verhouding met my pa
- My verlange na my ou huis
- Die feit dat ek nog nooit in “n langtermyn verhouding was nie
- Gay-wees
- Algemene angs oor die lewe en my eie dood
- My psigiese toestand en beheptheid met fantasiewêreld
- Die feit dat ek nie kan huil nie
- My ongemaaklikeheid met seks en die verskillende fetishes wat bestaan
- Taal en wat dit beteken om tweetalig te wees
- Wit en Afrikaan wees en wat dít beteken

Ek het verdere ondersoek ingestel en in ou dagboeke begin navors. Ek vind toe “n ou dag boek van 21 Maart 2017 en ek lees “n lys raak. Soos ek genoem het, kan trauma soos dorings wat in ons vassteek wees. Toe ek my ou dagboek lees, begin ek iets op te merk: dít wat my in 2017 gepla het, is dieselfde dinge wat my nou pla. Die ou huis, my verhouding met my pa, langtermyn verhoudinge en seks. Is hierdie my traumas? Is hierdie my gemors wat in my boodskap in verander moet word? Die antwoord was “n duidelike en klinkende “Ja!”.

Figuur a):



As ons na die diagram verwys, kan ons sien hoe die eerste figuur onbewus is oor sy probleme. Kom ons sê die eerste figuur stel “n skrywer voor. Die skrywer in hierdie kondisie skryf bloot oor enige iets wat vorendag kom. Dit mag kom uit lees of klasse bywoon of bepeinsing oor homself dat hy aanbeweeg na die tweede figuur toe. Hiêrdie skrywer begin “n baie beter begrip te kry rondom wat hom pla en hoe dit hom laat voel. Hy begin al hoe meer bewus te raak van sy probleme en traumas en hy kan hulle, soos wat ek voorheen self gelys het, begin uiteensit. Soos wat die driehoek aandui, gaan sy oë oop en sy psige maak oop. Die stap wat ek dan daarna sien, is “n diep-duik in “n groot spasie van kreatiwiteit in – waar die skrywer homself en sy trauma al hoe dieper en dieper kan begin ondersoek. Dit wil uit my eie ondervinding voorkom, dat hierdie fase manies kan wees. Dit kan ook wees dat traumas nie as stories uitkom nie, maar doodgewoon as herinneringe wat op die blad aangebring kan word. Dit kan in “n joernaal-formaat wees of selfs as gedigte of stories wat nog nie hulle ware vorm aangeneem het nie.

In hierdie middel fase begin daar ook al hoe meer konneksies gemaak word tussen vandag en die verlede. Stories se tydlyne mag oorvleuel en dit kan ook wees dat daar “n verdoeseling tussen die bewussyn en onderbewussyn is.

Ek het tydens hierdie proses berading gekry omdat ek besef het dat daar “n psigiese aksie aan die gang was. Die trauma wat nou wil uit, begin al hoe meer uit te spoel en oor die blaai te was. Dit kan te veel te vinnig raak. Dit kan heeltemal oorweldigend wees. En soms kan die emosies wat ontluik nie beheer word nie. En hulle moet ook nie. Dit is juis hoekom berading tydens hierdie fase so noodsaaklik is. Die skrywer raak die medium vir sy eie traumavrylating. Hy braak letterlik dít wat hom vir jare al pla op “n bladsy uit.

Met betrekking tot dit, sien ons ook dat die psigiese toestand of welstand kan verswak of heeltemal kan breek. Ek het tydens hierdie fase my eie ineenstorting beleef en eers na die tyd besef wat eintlik aan die gebeur was.

Maar die stories wat hier uitgekome het, was waar. Dit was ek, dit was die werklike probleme wat my as mens tot op “n diepere vlak pla. My taalgebruik het ook tydens hierdie proses heeltemal verander en die manier wat ek Afrikaanse sinne skryf, het ook verander. Ek het al hoe meer begin skryf soos wat ek dink en praat. En ek het ook probleme en traumas reguit begin uitwys.



Met behulp van die skrywer Stacy Hardy se *Writing the Body* seminaar kom ek nader aan my sintuie.

Ons kan hierdie ondersoek met behulp van die volgende uittreksels uit “n opdrag vir Hardy se seminaar-reeks:

*Hoekom kyk hulle my skeef aan en fluister kak met hulle oë vir mekaar?” dink ek.*

*Ek muse verder, „Hoekom draai hulle neuse op hemel toe asof my aura Chanel No.5 is?” lag ek soos wat ek partially realize dat ek mag vrot na laasnag alkohol scent.*

*„Hekom raas my ore soos Sparkles-lekker papiere?” Grrts grrtss grrrtss.*

*„Hekom is die bloed wat by my neus af drip warm en vriendelik?” diefamiliar hitte is seemingly die enigste ding aan my kant.*

Ek begin om taal te meng. Ek gebruik meer sintuie wanneer ek skryf. Ek herleef die trauma en verwoord dit as sulks op die bladsy. Wat is die trauma hier? Dalk alleen-wees, dalk die verlange na kinderdae. Daar is iets rou omtrent die kwaliteit van hoe die sintuie verweef word met “n storie. Ek het in my persoonlike dagboek gedurende hierdie tyd die verlede intens begin ondersoek. Ek skryf oor hoe ek die ou huis mis. Hoe ek die sorgelose dae van kind wees wil herleef. Ek droom in die aande van my ou huis en oor hoe dit werklikwaar gevoel het om kind te wees. Die trauma bloei en borrel uit die onderbewussyn uit en ek skryf dit neer in my persoonlike dagboek. Ek gebruik dan onbewustelik hierdie as inspirase vir stories wat deur die tema van die week se seminaar aangevuur word.

Die trauma raak as’t ware die brandstof vir “n storie wat ek vir die digter, Mxolisi Nyezwa se seminaar *Writing silence* skryf.

In die volgende uitreksel vir Nyezwa se seminaar sien ons hoe dít wat my pla nog verder en dieper ondersoek word:

### ***Kombuiskas***

*Daar’s “n balletjê op my tong. Hy sal seker later afbeweeg na my vingerpunte. Dalk as ek my oë toe maak kan ek “n mot wees, dan sou ek kon wegvlieg, en die familie skeiding sou my nie spin nie.*

*My ouers hardloop en skree agter “n geslote kamer deur. Alles is onderstebo. My last refuge is die kombuis kas. Die plek tussen plekke. Die plek waar stilte druis en grits-grits en waar die wêreld reduced word na dit wat ek deur die horisontale gleef in die kas kan sien.*

*Ek sien niks. Ek hoor niks. Ek hoor eintlik meer as niks. Ek hoor die geluid wat jy hoor as jy te lank luister na niks. Die geluid wat party mense bang maak en dryf na die skougronde.*

*Die siren se sagte suig van fokol.*

Ek begin om te besef dat ek diep gevoelens van wrok en hartseer het oor die ou huis. Ek skryf oor myself as kind in my dagboek en die stories wat uitkom gaan oor waar ek my laaste veilig gevoel het. Ek verwys na “die plek tussen plekke” en dis relevant dat ek op my skrywersreis myself in hierdie plek bevind. Ek is in die middel van die sirkel besig om in my eie gedagtes te swem. Ek is besig om stelselmatig die boekrak van herinneringe op die vloer uit te smyt.

Hulle val voor my verbeeldingsvoete en ek tel hulle een vir een op en skryf oor hulle. Ek skryf oor “my last refuge” wat noodlottig aandui hoe bang en onseker ek eintlik oor my eie lewe is. Dit is op hierdie oomblik wat ek besef, nog nie ten volle nie, dat ek moet skryf oor my ou huis. Dis eers maande later dat ek “n droom het oor die huis, en rooi energie om my sien. Ek begin besef dat my gevoel van ont koppeling verwant is aan die feit dat ek na my ou huis verlang. Die trauma kom uit op die bladsy en affekteer waaroor ek droom en dink. In hierdie uittreksel skryf ek oor ontvlugting en weghardloop. Dit maak nou vir my al hoe meer sin dat ek daarvan hou om fantasie te skryf. Dat ek myself van realiteit af wil ont koppel want realiteit maak seer. Ek skryf vêrder in die uittreksel hoe ek met al my sintuie die oomblik ervaar. Dit wil vir my sê dat ek in die oomblik van skryf heeltemal aanwesig was. Dat ek in die oomblik was en dit alles weer gevoel het. Dis deel van die stappe wat ek voorheen genoem het. Jy moet jou gevoelens voel, jy moet die trauma herleef om dit te kan baasraak.

In die skrywer, Paul Mason, se seminaar begin ek te eksperimenteer met wat my pla en met my eie traumas – maar uit die oogpunt van my protagoniste. Ek speel met die idee dat ek my eie ondervindinge kan oordra en gebruik om my karakters meer lewe en lyf te gee.

Die volgende uittreksel vir Mason se opdragte demonstreer die bogenoemde:

### ***Tussen Tyd***

*„Mense stroom in en uit die klein boks van ’n kamer. Links sit daar twee rye van holle wat wiplank ry uit frustrasie. Die lug is gevul met stof donse en die klank van ou asem wat dreig om in neuse in, in te slurp en sinusse te lek. Daar is „n foon wat lei. Trieng. Trieng. Trieng. Trienggggggg. Dis altyd so in „n regeringskantoor.“*

...

*“I dreamt of scary snakes” tik hy ’n boodskap soos wat sy eie hol nou wiplank begin ry. Hy stuur die boodskap aan sy boyfriend wat iewers besig is om ’n vrou te spyker, nie net enige vrou nie ... sy geliefste trou-vrou. Die boodskap gaan deur maar niemand antwoord nie.*

*„Where’s Jhan?” dink hy soos wat die diep donker pit van doubt en despair oopmaak en hy in die blackhole ingesui word. Hy gaan nou weer vassit in die pit vir „n week. Hy onthou dat die slange hom gejaag het. Ja. Hulle het hom gejaag en hy het die hele aand lank gehardloop, dis presies hoe dit gebeur het. Hy het toe wakker geraak in „n koesweet net na die pofadder hom gebyt het. Drome het gewoonlik nie klank nie, maar hulle het baie kere ’n bækenis. „This dream has meaning” dinkhy aan homself. Hy besluit dadelik om sy persoonlike psychic „n boodskap te stuur, terloops loop sy presies op daardie oomblik verby die klein regerings kantoor. Sy kyk nie eers in die gebou in nie. Mense mis soms plekke. Jy ry dieselfde pad en dan sien jy na die twintigste keer „n boom of „n huis vir die eerste keer eers raak.*

*Die man langs Estelle die husky tannie stuur dan nog „n boodskap.*

*„Wow” dinkJanien wat nou op daardie oomblik die pad tussen Somerset en Stellenbos ry vir die negentiende keer. Sy wil haarself oor die kop moer omdat die realisasie van die nuwe draai in die Stellenbos pad haar bewus maak van hoeveel sy eintlik miskyk. Maar sy ontvang op daardie oomblik ’n boodskap*

*van haar beste vriend af wat sê, "I think Johan is cheating". Wat haar ore warm maak, omdat sy die trou-vrou is wat vir Johan gebruik om op 'n weird manier by haar beste vriend uit te kom. „Sick bitches word gevang” sing haar engelike jonger self op haar linker skouer. Op haar regte skouer is daar 'n duiwel wat draad trek en fantaseer oor "n engel.*

Op hierdie punt begin ek om werklike gesprekke te verdraai en te verdoesel. Ek begin om my eie drome in die koppe van my karakters in te plant. My vrees vir slange, 'n tipe angs en trauma, raak deel van die storie. Die gevoel wat ek het dat iemand my verkul raak deel van die skryfstuk. In die uittreksel bó is ek besig om trauma wat in die hede plessvind, en waaroor ek reeds in my dagboek geskryf het, in die storie te verwerk. Ek is nie hier besig om te vêr in die verlede se traumas in te delf nie. Ek is besig om wat nou werklik aan die gang is in my eie lewe deel te maak van my eie verhale. Dit bring my dan na die volgende punt: mens hoef nie noodwendig skryf net te gebruik om in jou verlede in te gaan nie. Mens kan dit ook gebruik om wat nou, vandag, aan die gang is te verwerk. Jy kan dit vang voordat dit onder die mat ingestoot word, jy kan dit verwerk en laat vaarvoordat jy dit op jou psigiese boekrak pak. Omdat ek nou my eie boekrak leeg gestort het, kan ek voortaan meer noukeurig wees oor wat ek waar wil sit. Dit kan dus wees dat ek nou gebeurtenisse vinniger kan prosessee omdat ek die spasie het om dit te kan doen.

In elke opeenvolgende seminar word verskillende temas uitgelig en ondersoek. In die skrywer, Chwayita Ngamlama se seminar word ek vir die eerste keer met seksualiteit gekonfronteer.

Hier volg 'n uittreksel uit 'n taak vir haar seminar:

### ***Rakpakker***

*Ek't fokken lanklaas porn gekyk maar ek is seker daarvan daar is al watse weird shit deesdae wat my heeltemal sal uitfreak. Ek't æn aand fokken lank terug birthing videos gekyk. Geen grap. Fokweet hoe ek daarop afgekom het, maar nou ja dit is wat gebeur het. Ek en my pelle het dit die „birthing hour” genoem omdat ek vir een of ander siek rede in daardie oomblik deur dit arouse was. En ek't toeobviously begin draad trek. "Jy's a selfok Neil!" het my tjom Denis gesê. Ek'tnatuurlik net my skouers opgetrek en verder gerook.*

*Kyk dis nie asof ek van weird kak hou nie. Daai was letterlik net "n random one-time-only ding.*

*"Next customer please ..." is ek verplig om met "nsmile te sê; jirre kyk die fokken dom poes wat hier aangestap kom. Stuk kak uitgeblykte hemp en ham wange met'n borsdkop. Die doos bly nog seker by sy fokken ma.*

Hier gebruik ek wat ek van my gedagtes geleer het en plaas dit in die koppe van karakters om my eie seksualiteit en fetishes te ondersoek. My taalgebruik verander ook. Ek voel vir die eerste keer asof ek 'n karakter kan inneem en my eie gedagtes uit die karakter se mond uiter. Dit begin ook te speel op die seksuele trauma wat ek as kind ondervind het. Hierdie onderwerp, en trauma, raak iets wat ek in baie meer diepte analiseer en uitleef. Ek skryf in my dagboek oor dit, ek skryf gedigte en ander kort stukke wat hierdie trauma stadig naam en fatsoen gee.

In die skrywer, Jo-Ann Bekker se *Tell it Slant* seminar voel dit asof ek nader aan myself kom. Ek vertel in hierdie uittreksel 'n ware verhaal wat tot 'n mate gefiksionaliseer word. Maar dit is grooteendeels die waarheiten dit word as sulks geskryf.

“n Uitreksel uit my taak vir die *Tell it Slant* seminaar:

### **Troufoto's**

*Ek't gøsien dis 'n email van my pa se girlfriend af, maar dit het net na haar naam kort gesny. Vreemd. Maar. Dis nie juis buitengewoon dat sy met my kommunikeer nie. Ons het net 'n paar maande gelede op haar verjaarsdag toe hulle vir my kom kuier het hier in Thailand, soos hoere gedans. Ons het die aand cocktails gedrink en toe ek warm genoeg is toe propose ek dat ons by die escalator moet opgaan. Die klink amper soos 'n eufemisme vir iets.*

*Dis presies wat ons daardie aand gedoen het. Ons het saam met 'n klomp ladyboys gedans wat dit vreeslik geniet het toe ek soos een van hulle die paal met 'n aggræssie beklim. My pa se girlfriend het dit gelove. Sy het saam kom dans en geld soos sout rond gegooi om my pa se norske energie te laat wyk.*

*My pa het soos 'n Calvinistiese pruim sy afstand gehou. Hy het geglimlag en sy gholfhemp angstig verstel. Maar ek't geweet daai glimlag was so aangeplak soos my eie liefde vir gholf. 'n Sport wat na jare se struweling stof vergader in die garage saam met die ander nuttelose kersgeskenke wat ek oor die jare stilletjies opgegaar en van „vergeet“ hã.*

In hierdie stuk raak ek diep verstregtel in my eie herinneringe van die tyd toe my pa vir my in Thailand kom kuier het. Ek skryf hierdie storie as “n verdieping van “n gedig wat ek jare vroeër vir/aan my pa geskryf het. Dit was dan juis hierdie gedig wat uit “n oomblik van nood om die kwaad en wraak wat ek teenoor my pa voel die beginpunt vir hierdie storie was. Ek het klaarblyklik die trauma gevat en dit gefiksionaliseer om “n storie te maak. Kort nadat ek dit gedoen het was dit ook moontlik om vir my met my pa direk te praat oor die probleme wat ons tussen mekaar het. Die redes vir die aarseling en sukkel van ons twee se verhouding. Dit wil voorkom of ek die trauma oorkom het. Ek het dit terselfdertyd met “n berader bespreek en het besef ek hou vas aan die idee van klarighied. Die idee om goed te wil voel en die verlede agter my te sit. Maar op hierdie punt hou ek nogsteeds vas aan die idee dat ek klarigheid oor sake nodig het. Ek besef nog nie op hierdie oomblik dat my herskrywing my tot “n mate reeds klarigheid gegee het nie.

In die stuk *Moederbaar* kom ek vol sirkel met my bewusraking van my traumas en die goed wat my pla. Dis my studieleier, Henali Kuit se seminaar, *Motif* wat my bewusmaak van die feit dat daar verskeie motiewe in my skryfwerk is. Daar is goed waaroor ek herhaaldelik skryf of oor wíl skryf. Hierdie is my traumas en ek dink op hierdie punt raak ek ten volle bewus dat ek my tesis oor my ou huis wil skryf, sowel as die verhouding tussen my en my pa, asook my eie verhouding met seksualiteit.

“n Uitreksel uit my taak vir die *Motif*-seminaar:

### **Moederbaar**

*Ek hoor die rukkende eggo van my verlede in skulpe wat ek langs die kus skop. Ek loop op en af met die strand, en wonder hoekom die see so fokken koud is hier. Ek voel die bries wat sand in die lig opsweep en dit voor my laat uitsprint. Daar's haatbaba-sakkies wat uitgespoel lê en stadig verbokkom.*

*„Hekom is “n lombers die gemaklikste ding op aarde?“ dink ek soos wat ek my baaitjie styf teen my vashou en my hande dieper in my sakke in grawe.*

*Een keer "n maand voel ek buite my eie liggaam. Ongemaklik en ongepas. Ek voel te groot. Ek voel te klein. Ek voel gladnie soos Goldilocks in die middel bed, smullend aan 'n middel ontbyt, wat op die middel stoel staan terwyl die TV Saterdag oggend KTV cartoons speel nie. Daar"s niks watvandaag net-reg voel nie.*

Die verteltrant van hierdie stuk dui ook vir my aan dat ek nou "n tipe kalmte in die storm van my gedagtes ervaar. Ek soek klaring asook rustigheid oor sake. Ek dink op hierdie punt wil ek nie meer baklei nie. Ek sien nou myself en wie ek as mens is en ek begin ook te besef dat daar intra-generasie traumas bestaan. Ek besef mens erftrauma by jou ouers kry sonder dat jy daarvoor beheer het.

Die laaste noemenswaardige les wat ek leer, kom uit Stacy Hardy se *On Memoir* seminaar. Ek begin hier met styl te eksperimenteer asook "n nuwe tipe topografie m.b.t die uitleg of uiteensetting van stories. Ek begin te speel met fragmente en diep gekondenseerde stukke. Dit is iets wat ek raakgelees het in die leesstof wat in Jo-Ann Bekker se seminaar was. Die feit dat ons stories nie noodwendig net standaard formate hoef te hê nie, word weereens by my tuisgebring.

"n Uitreksel uit my taak vir die *On Memoir* seminaar:

1. *Rooi leer. Harde rubber sool. Vuil. Ek ruik jou voet vir "noomblik in dit. Die reuk, én jy, pis my af. Ek haat jou. Soos "npappegaai wat in "nsekonde sy pupil kan verklein en "n mens pik, besluit ek. Emosionele-wipplank-ryer. Dis ek. Vergrotende pupil. "n Kalm pappegaai. Jou skoen lê in die ou oom met die verhoringde vingers se yard. Ek lag. Jy huil.*
2. *Jy loop op en af. Iets pla jou. Die yskas maak oop. Die yskas maak toe. Fok. Die yskas se deur staan al vir 2 ure oop. Jy hoor die borrel van karre buite. Jy hoor "nhomeless wat met homself praat "Ghala ma ghala. MA GHALA MA GHAL. Ghala ma ghala ghamma ghalla maghal!"*
5. *Die cul-de-sac-seuns het altyd sonder my in die straat gespeel. Leon se vel het altyd gestink. Dis asof sy ma nie omgee het dat hy soos rugby, en gras, en hondepis ruik nie. Ons hoë mure het hulle uitgehou en my ingehou. Karel en Reinhard het kom swem. Reinhard het sy swembroek uitgetrek en na die anderkantse wal toe gegooi. „Kom ons raë vir swembroeke" het hy opgewonde gesê.*

*Matriek het Reinhard volpunte en sewe A's gekry. Hy het die aand voor die punte en rapporte uit is by „Irene" afgejaag in sy ma se ou rooi kar. Hy het die kar om die dunste boompie by die straatelmbaag omvou. Hy het op die agterste sitplek gaan lê en verdwyn.*

*Hy het daai dag by die swembad heel eerste sy swembroek gekry as dit saakmaak.*

Hier bring ek alles wat ek die afgelope paar maande geleer het saam. Ek gaan met die eerste stuk diep in my geheue in en ondersoek my nefie en my verhouding. Die verteltrant dui ook aan dat ons op hierdie oomblik sukkel om met mekaar te praat. Kort kragtige sinne, asook "n kilheid wys dat ek kwaadgevoelens teenoor hom dra. Ek kan hierdie as "n oomblik gebruik om te besef dat ons oor goed moet praat. Maar ek doen nie. Ek reik nie uit nie. Ek staan in die pad en blok die energie of emosie wat wil uitkom.

In nommer twee in die lys in die uitreksel hierbo, skryf ek oor iets wat presies in die hede gebeur wat my pla. Dit irriteer my dat die mal man heeldag lank en elke dag buite my venster aangaan. Ek skryf en verwerk die irritasie voordat dit "n emosie kan raak wat dieper gaan lê.

In nommer vyf in die aanhaling hierbo, ondersoek ek vir die eerste keer my gevoelens oor iemand wat in my klas was se dood. Ek gebruik dit ook om terselfdertyd my gevoelens oor seksualiteit te ondersoek. Daar is iets van hierdie samevleuling van idees wat vir my interessant en innoverend is. Ek skryf daarna meer stories wat van só 'n aard is. Ek glo dit is vir my makliker om die trauma te verwerk as ek dit saam met iets anders kan ondersoek en ontbloot.

Ek besef op hierdie punt dat Sandra Cisneros se *House on Mango Street* 'n groot rol in my eie skrywersreis gaan speel. En ek begin dit deeglik deur te lees en na te vors. Ek begin uitvind hoe sy haar traumas verwoord, asook hoe sy haar kort hoofstukke struktureer. Ek besef op hierdie punt dat ek d.m.v fragmentariese vignette my eie storie wil vertel. Maar ek het tot op hierdie oomblik nog nie myself aan 'n onderwerp vir my eie tesis gekies nie. Dit is eers toe ek ons laaste seminaar (Stacy Hardy se seminaar) klaarmaak dat alles in plek val.

'n Uitrekseluit my taak vir die seminaar:

### **33 *Abelia***

*Ek het 'n glimlag wat stadig begint huiwer. Met elke woord wat ek skryf oor die verlede grawe ek 'n deper gat. Dril. Dril. Dril. Tril. Tril. Tril.*

*Lyk my bolip al soos 'n jakhammer? Lyk my onderlip al soos die grond? Lyk die traan wat souterig proe al soos 'n mynskag wat van bo tot onder sny en frack?*

*Of verbeel ek my?*

*In my trauma speel huise 'n belangrike rol. In my lewe vat die vier mure van skuiling die vierde trap van vergelyking se plek oor.*

In hierdie stuk noem ek my trauma op die naam. Ek is nou gereed om die proses van vergeet en vergewe te ondergaan en dit is hier waar ek besluit dat ek alleenlik die verlede gaan kan verwerk en verwerp as ek my tesis skryf oor my ou huis met al die ander stories wat kleiner traumas en lewenservarings ondersoek.

## Die storm na die reis

Figuur b):



Ek wil ter slotte praat oor wat na die tyd gebeur. In die figuur hierbo word ons verskeie reaksies op angstigheid uitgelig en geïllustreer. Dit is die punt waar ons die tweede driehoek in *figuur a*) bereik – waar ons die boek oor ons traumas toe maak.

Wanneer ons skryf oor ons traumas, herleef ons hulle. Dit beteken dat ons weer deur die veg of vlug of vries respons gaan. Dit is my eie ondervinding dat ek ná die skryf van my eie tesis self deur hierdie siklus gegaan het. Dit inderwaarheid só intens dat ek ’n senuwee-ineenstorting gehad het wat met ’n psigotiese onderbrekinggepaard gegaan het. Dis nou maar ’n paar weke nadat ek dit ondervind het, maar ek kan wel sê dat as mens begin diep delf in jou eie psige en begin skryf oor dinge wat jou pla of getraumatiseer het, is daar ’n groot moontlikheid dat jy kan ineenstort. Wat die diagram in *figuur b*) vir ons aandui is dat dit normaal is. Ons kan egter die diagram gebruik om ons deur die proses te lei.

Ek wil bylas dat daar ’n sterk moontlikheid is dat die stories wat uitkom geopaard kan gaan met die verskillende emosionele toestande. As jy oor die hede skryf, voel jy goed en deugsam, maar soos jy dieper in jou trauma en angs in delf, kan jy kwaad of paniekbevange voel. D.w.s dat jou stories ook tot ’n mate sal verander. Hoe jy hulle skryf en vertolk sal weens hierdie psigiese toestand die aard van die storie beïnvloed.

Mens sal dalk ook vind dat die stories wat jy uit die vries stadium skryf, meer dissosiatief mag wees. In die geval kan ek *Moederbaar* as ’n goeie voorbeeld uitlig. Wat ek op die eerste lesing as rustig sien, mag dalk eintlik afsnyding van realiteit wees. Die feit dat die storie van só ’n aard is dat die leser voel asof hy en die protagonis in niks en nêrens rondryf nie is van belang. Maar des nie teen staande kan ons (met die regte ondersteuning) die proses vertrou en ook baarsaak. Dit is dalk slegs die eerste keer wat jy die waarheid skryf, dat jy só geaffekteer word. Dit is dalk slegs as jy te veel en te gou tyd wil verwerk, dat jy inmeekaarsak.

Die proses wat voorlê is dan ’n proses van sin-maak asook nadenking. Om aan die anderkant van die driehoek in *figuur a*) op die regterkant te wees, beteken dat jy deur jou vrese en traumas gegaan het. Jy kan hulle gebruik om stories te skryf en sodoende sal jy hulle verwerk. Maar dit is ook net so belangrik om te besef waardeur jy gegaan het en daarvoor na te dink – sodat jy jou boekrak weer kan regpak, by wyse van spreke. Sodat jy die herinneringe, ervarings, en fragmentariese stories wat jy vir jouself vertel, kan regpak en kies en keur wat jy wil behou. Hierdie nadenkingsproses is dan een waar jy skryf oor wat jy geskryf het, en diep dink oor wat dit eintlik alles vir jou beteken het.

## **Nadenkingsjoernale oor traumaverwerking:**

Ek het deur die loop van die jaar, as ‘n vereiste van die kursus, nadenkingsjoernale gehou. Hierdie joernale, wat informeel geskryf is, help my om my eie proses as skrywer te ondersoek. Veral wat traumaverwerking betref. Hoewel die joernale ‘n informele trant het, is hul krities en ondersoekend en help my dus om te verstaan presies hóé skryfwerk die afgelope jaar ontwikkel het.

### **Week 7**

#### **Woensdag, 12 Februarie 2020**

Een van die belangrikste gedagtes vir my tydens hierdie sessie, was hoe mens tolerance en understanding in jou skryfwerk kan incorporate. Hoe mens ook context-shift en in sekere groepe of omstandighede sekere weergawes of maskers van jouself oproep en paradeer.

Ek het ook die klem wat ons op kragwoorde, en woorde wat sekere mense kan seermaak, lê interessant gevind. Ek dink dis belangrik om die woorde neer te skryf en dan déúr hulle te skryf. Om hulle so te sê agter die blad te kry.

Die gedig, *Wit Meisie Trane*, deur Ronelda S. Kamfer, was interessant en dit het my op ‘n snaakse manier laat dink aan Olivia Gatwood se werk. Nathan Trantraal het ons gelaat met die idee dat ons responsibility moet vat vir dít wat ons skryf.

### Week 8

#### **Woensdag, 19 Februarie 2020**

Ek het die Afrikaanse sessie baie interessant gevind. Ons het oor identiteit gepraat. Ons het Adam Small bestudeer as ‘n Kaapse digter – hoe hy van die buite af oor die gemeenskap skryf. Hoe dit ook soms voorkom asof hy half patronising is of disingenuous is. Ons het oor J.M. Coetzee gepraat en hoe hy as „styf“ in sy skryf voorkom.

Ek dink die bogenoemde aspekte is belangrik om te bestudeer want dit kommunikeer baie oor jou as die skrywer en oor jou identiteit. Hoe jy jouself in jou woorde invleg en hoe die leser dit ervaar.

Ons het weer teruggekom na ‘n probleem of konsep wat soos ‘n groot tema bo my skouers gehang het van die begin af van die kursus: vertaling. Ons het *The broken string* gelees en ook die vertaling daarvan deur Antjie Krog. Ons het toe die oorspronklike teks gebruik en vertaal. Dit was baie insiggewend hoe ons almal kon bydra en hoe die betekenis sommer ook verander het en helderder geraak het.

### Week 9

#### **Donderdag, 27 Februarie 2020**

Vandag was ek by my berader. Ons het gepraat oor: commitment issues, traumatiese events, my onlangse argumentmet my ma wat gegaan het oor goed wat ek vir maklik twintig jaar lank onderdruk, die feit dat ek nie juis weet wat ek met my lewe wil doen nie.

Ek dink elk van hierdie is belangrike goed om oor te skryf. Ek dink hierdie emosionele issues waarmee ek sukkel en wat vir my soveel anxiety gee, is juis



waaroor ek moet skryf. Ek gaan volgende week weer vir ‘n sessie en ek wil dieper delf en kyk wat ek kan ontgun of explore.

Week 10

### **Woensdag, 4 Maart 2020**

Hierdie afgelope week voel ek onsettend snaaks. Ek voel by tye asof ek myself van lank gelede is. Ek voel soos Deon van laerskool, of dalk selfs hoërskool. Ek weet nie of dit die stuk wat ons gister gelees het, *Hunt Mountain* deur Alison Townsend, die sielkundige sessies by die counselling centre, of dalk omdat ek griep gehad het is nie.

Die gevoel wat ek het, voel baie soos my ou self. Ek voel lus vir skryf en idees explore. Ek het al vantevore hierdie gevoel in Thailand gehad, maar ek voel nou al ‘n hele week só. Dit is by tye so erg/intens, dat ek rondom my kyk en wonder waar ek is en wat ek „hier“ maak; asof ek wakker geraak het uit een of ander diep slaap.

Ek dink *Hunt Mountain* het my geïnspireer om my gevoel of my herinnering van childhood vas te vang. Ek dink ek moet regtig meer oor hierdie onderwerp skryf. Dit kan dalk wees hoekom ek kinderstories en fantasie skryf vir jonger ouderdomsgroepe. Dit kan ook dalk wees dat ek rondom daardie periode ‘n tipe trauma gehad het.

### **Kaaps/Afrikaans Seminaar**

Ek wil graag memory van plekke en objects explore. Die rede hoekom dit vir my uitgestaan het, is omdat ek die vakansie gedink het aan die volgende: wat as ek sou terug gaan na my ou huis waar ek gebore was, wat as ek daar aankom en die kas wegskuif en al die ou papiere en goed wat ek agter die kas ingegooi het kan uitgrawe? Ek het ‘n baie sterk gevoel as ek dit voorstel. Ek voel asof daar klomp goed gaan wees wat my (in die hede) gaan link met die weergawe van myself uit die verlede.

Ek voel soms asof ek in delay reageer. My klasmaat, die digter Loit Sols, deel hierdie sentiment as hy my werk lees. Hoe beïnvloed dit my skryf? Hoe affekteer dit my gevoelens? Beteken dit ek is altyd laat? Kan ek hierdie eienskap gebruik en ‘n storie daaruit maak?

Soms as ek skryf, wil ek die punt obfusate en twice remove. Ek wil dit aspris vër weg van my af hou. Hoekom doen ek dit? Dít is iets wat ek laasweek in my sielkunde sessie ook agtergekom het. Ek dink dit is omdat ek bang is vir die gevoelens en wat dalk mag gebeur. Ek is so gewoond om alle emosie te onderdruk. Ek dink dit is tyd om deur daardie moeilike onderwerpe te skryf.

Die woord “metamoffies” het by my opgespring toe ek die woord “metamorphosis” hoor. Ek wil iets oor hierdie skryf omdat ek die woord (moffie) gereeld as kind moes hoor.

Ek het ‘n belangrike memory onthou terwyl ons in die terugvoergroep gepraat het. Ek het gedink dit sal iets normaal wees, maar dit het uitgedraai in iets wat almal in die groep uitgefreak het. Ek het vertel dat, toe ek jonk was, het my ma en ouma my geslaan met ‘n tekkie of belt, totdat ek byna uitpass. Gevolglik het Nathan Trantraal vir my die prompt/storie-begin gegee: “Almal wat my gebliksem het as kind, het hulle eie manier gehad (begin dan die storie met jou ouma wat jou forseer om haar tekkie te ruik ...”.

Ek dink hierdie memory was/is baie traumaties vir my en dit maak sin dat ek deur dit moet probeer skryf.

Week 11

### **Donderdag, 12 Maart 2020**

Voor ek onlangs vir ‘n beradings sessie gegaan het, het ek ‘n uittreksel uit *HOGG* deur Samuel R. Delaney gelees. Ek wil definitief hierdie boek kry en deurlees. Dit lyk presies soos die temas waarvoor ek moet oplees. Die topics van seks en fetishes en die lost innocence van kinderdae, is dinge wat in hierdie eerste paragrawe al vir my uitgestaan het.

Hierdie week se beradings sessie het goed gegaan. Ek voel week-op-week dat ek breakthroughs maak by die centre. Wat hierdie week die meeste uitgestaan het, was my eie self-editing en hoe ek myself voorkom om hulp te kry of om myself toe te laat om swak te wees of voor te kom. Een van die groot goed wat ek agtergekom het, was hoe ek deur my kindertyd se speletjies en behaviours vandag nog negatief affekteer word. As kind was ek vreeslik lui vir werk en daar was iets lekker daaraan om nie my werk te doen nie. Hierdie is die muur wat ek voor my sien wat my voorkom om te doen wat ek moet doen, en te skryf wat ek moet skryf. Ek moet deur hierdie muur skryf.

Week 12

### **Donderdag, 19 Maart 2020**

Ek het hierdie week tydens my beradings afspraak frenetic en energetic gevoel. Ek het myself as hiper-aktief ervaar. Dit was asof alles geel en oranje was. Die vorige week was al net normaal en en die week voor dit was als grys en ek’t gevoel asof ek in ‘n ditch is. Dit is moeilik om vas te stel, maar elke week het anders gevoel. Ek dink self dit is belangrik om in ag te neem hoe my moods en gevoelens verander week-tot-week. Hoe affekteer dit my persepsie van my skryfwerk? Skryf ek anders? Sien ek dalk ander goed raak? Belemmer dit op enige manier die tipe werk wat ek voortsit?

Ons het gepraat oor die muur wat ek ervaar. Die blokkasie. Sy het my gevra waar my fear of angs vandaan kom. Ek moes hard dink om uiteindelik ‘n antwoord vir die vraag te kry. Toe ek jonk was, was ek fearless, en nou is ek bang ... hoekom?

Ek het ‘n memory recall waar ek as kind na die Randse Paas Skou toe gaan. Ek was seker vyf jaar oud. Ek het op my swart enjection mold fiets geklim en ek het rondgery. Ek het altyd vir ander mense gaan hallo sê en gevra hoe dit met hulle besighede gaan. (Nou soos wat ek hier sit dink ek, wonder ek ... moet ek nie dalk al hierdie klein familie stories as vignettes saam met mekaar string nie?) Ek het een slag weg geraak. My ma het die polisie geroep. Ek dink daarna, toe hulle my uiteindelik gevind het, die vrees begin voel. Ek dink my ma of ouma dalk het my dalk bang gepraat oor “die mense”. Het hulle vir my hierdie storie vertel? Of maak ek dit net op?

Die sielkundige het vir my juis gevra “wie is hulle?”, wie is “die mense” en ek dink dit was ‘n baie belangrike vraag. Ek dink ek moet meer oor “die mense” skryf.



**Donderdag, 26 Maart 2020**

Ek het vandag Chris Barnard se *Mahala* klaar gelees. Ek het nogal vinnig in die boek ingekom, maar ek het gesukkel om my entoesiasme vir die boek te behou. Dit het vir my van die middel af moeilik gegaan. Ek voel asof die taal ook te oud is. Dit is “n probleem vir my as die Afrikaans in “n boek uit die oudedoos kom. Ek wil glad nie so skryf nie. Dit voel vir my hopelooste styf en formeel.

Die skrywer het nogal baie gebruik gemaak van sintuie behalwe vir bloot sig en gehoor. Daar was nogal baie fokus op tas. En ook die liggamlike gevoelens. Ek moet dit gebruik as “n reminder dat ek moet nie net sig en gehoor gebruik as ek skryf nie.

Die lyn, “jy lewe net twee keer ... jou eie lewe, en die lewe waarvan jy droom,” het vir my uitgestaan. Hoe die skrywer truisms en filosofie in sy storie ingewef het deur dit deel van “n karakter te maak. Ek dink soms ek kan nie hierdie tipe goed ondersoek in “n storie nie. Maar ek dink as mens dit reg gebruik, kan dit werk. Wanneer werk dit nie? Wanneer is dit forced?

Ek het ook van die sin, “niks gebeur te vroeg nie, en wat te laat gebeur, gebeur nog steeds betyds,” gehou. Dit het my dadelik herinner aan iets wat Gandalf in *Lord of the Rings* gesê het, “A wizard is never late, nor is he early ... he arrives precisely when he means to.” Ek hou regtig van hierdie sin. Dit het “n waardigheid en “n krag aan dit.

Daar is “n woord-kombinasie “verdwaalde blankes” wat ek absoluut gefokken love het. Dit amper presies soos ek dit soms ervaar. Ons, as blank Suid-Afrikaners, is verdwaald. Ek voel self verdwaald. Hoe skryf mens oor dit? Hoe asem ek die onsekerheid in “n karakter en in “n storie in? Dit laat my maag kriel om te dink aan hierdie storie. Hierdie introspektive verhaal wat daardie woord-kombinasie encapsulate.

Barnard het cliffhangers effektief gebruik om die storie voorheen te druk. Ek moet dit onthou. Hy het ook die taal op “n snaakse manier gebruik wat leegte en leemte oorgedra het. Ek weet nie presies wat hy gedoen het nie. Maar die teks het dor en leeg gevoel. Daar was ook baie min karakters. Drie of vier hoof karakters. Die storie het meestal oor die protagonis en sy introspeksies gegaan.

Die dialoog in die boek was vir my verskriklik swak. Byvoorbeeld:

“Waar was jy?”

“Ek dink ek was by die huis?”

“Hoekom het jy teuggekom?”

“Daar is niemand mee by die huis nie.”

My vraag is: wat was die punt van hierdie dialoog? Ek dink dis belangrik dat ek so sterk oor dit voel. Dit moet my herinner om my eie dialoog mooi, fyn dop te hou en nie onnodige stront te skryf wat die leser dalk kan verveel nie.

Dit is belangrik dat ek die voël naam „hamerkop” bly raaklees het. Die hamerkop speel “n groot rol in my eie fantasie boek. Is dit “n teken? Dalk “n herinnering of “n aanhutsing?

My laaste idee oor die boek is oor dié aanhaling: “ons is twee, ek en ek”. Ek dink hierdie kon beter geformuleer word. Die einde van die boek het ook afgerammel gevoel. Daar het amper niks gebeur nie. Dit was ’n totale anti-klimaks. Dit laat dink my aan die Margaret Atwood boek *Surfacing* juis omdat dit ook so anti-klimakties eindig.

Week 14

### **Dinsdag, 31 Maart 2020**

Ek het ’n Spaanse series gekyk wat oor hoërskool kinders gegaan het. Die series se naam is *Elite* en dit het my baie laat dink aan *Euphoria*; wat my nou weer baie laat dink het aan die boek *HOGG* deur Samuel R. Delaney.

Ek was nog altyd deur die hoërskool periode gefasineer en ek dink ek moet iets skryf wat in hierdie periode afspeel omdat dit so ’n belangrike periode vir my was. Dit is seker die periode wat ek die meeste aan terugdink. Ek wil graag iets vat wat die rou en lelike dele van hierdie ouderdoms periode explore.

Wat ek interessant gevind het in *Elite* was dat dit baie kontekste saam geveg het. Dit het muslim, gay, ryk, en arm alles saam geveg deur middel van ’n moord. Ek het dit geniet en ek wil dink aan my eie ondervindings en hoe ek dit sal integrate in my skrywerk

### **Vrydag, 3 April 2020**

Ek het die afgelope week die preview vir die film *Moffie* gesien. Ek vind dit interessant dat dit die tweede movie is wat die gay-lewe in Suid Afrika deur die lens van ’n oorlog en soldaat situasie portray. Hoekom? Ek voel asof daar dalk ’n klomp gay mans is/was wat vasgevang was in die weermag in daardie tyd. Dit is amper asof die fliëks daardie ou wond probeer oopmaak. Is dit die rede hoekom daar so ’n groot vrees/haat vir gay-mans in Afrikaans kultuur is? Alhoewel goed verander, kom ek in sekere familie kontekste agter dat hierdie nie die geval is nie. Ek dink dit kom terug na die hele idee van apartheid wat alles onderdruk het. Die kalvinistiese houding van Afrikaanse mense, maak dit moeilik om buite die boks/gemeenskap te lewe. Hierdie sin maak my ongemaklik soos wat ek hom skryf. Dit is amper asof ek vir die eerste keer besef dat ons diere is. Dat ons mekaar sosialiseer en soos krappe in ’n hok vashou.

Dit is tog die punt van sosialisering en kultuur op sekere vlakke. En ek besef nou, asof ’n lig in my kop aanskakel is, dat ek vasgevang is in die Afrikaanse konteks. Dit is die ding wat my bang maak en waarvoor ek soms wil weghardloop of vlug. Hierdie is iets waarvoor ek moet oor skryf, bloot vir die feit dat dit my hierdie week so geslaan het.

## **Deel Twee**

### **Inleiding**

Wat ek lees beïnvloed noodwendig my styl en benadering. Dit is belangrik dat ek hierdie invloed ondersoek. Ek sluit boekresensies en nadenkingsjoernale in die afdeling wat volg in. Die resensies en joernale ontbloot vir my hoe my lees- en skryfwerk integraal van mekaar deel gevorm is.

**Boekresensie: Chokers en Survivors (2013)** deur Nathan Trantraal

Resensent: Deon Visser

Nathan Trantraal se debuut bundel, *Chokers en Survivors*, is meteens biographical asook, dalk opsetlik, anti-establishment. Die bundel spreek familie en die narratief van grootraak op die Kaapse vlakke aan. Die leser word vooraf, deur die voorblad, gewaarsku dat hierdie bundel “dirty laundry” gaan ontbloot en ontmasker. Soos wat die leser in die gedig *Woensdag, 16 Februarie 1988* kan raaklees.

“Jou liewe isse klom dae wat niks gebee nie.  
Ek stap narie wasgoed wat oppie lyn hang,  
ek sit my hand tien “n nat handdoek  
en ek dink ek gan nooit die dag vegetie.”

Dié vuilwasgoed is soms moeilik om te sluk en bitter op die tong en alhoewel die leser “n rof en rou perspektief kry, kry die leser definitief “n outentieke oorvertelling van die skrywer se persoonlike ervarings. Vir on-ingewydes mag die bundel die gordel en skrop sommer terselftertyd gryp, dis tog wat goeie poësie moet doen, en dit mag die leser lank na die tyd nog wakker hou, maar dit is wat hierdie bundel so roerend en ontugterend maak.

*Chokers en Survivors* se fearless styl wat diep grawe en alles op die tafel uitgooi, is hoogs katarsies vir die leser, en seker só omdat dit vir die skrywer ook moes wees. Trantraal se stem is skerp en sy woorde brand en vir die leser kom dit nooit voor asof jy verlei word nie. In die gedig *tot hie en nie vëderie* word die leser herinner aan familiewyshede en word vermaak deur Trantraal se skerpsinnige waarnemings en wyskede:

*“Wies careful van mense wat hulle harte op hulle moue dra wan sukke mense wysie  
altyd vi jou hulle regte hartie. Hulle regte hart is weggevou inne kissingsloep onnerie  
kooi.”*

Trantraal het die vermoë om jou as die leser op “n ongemaklike plek te los, op jou gunsteling stoel.

*“En moenie goed wat jy langsie pad optel hys toe bringie wan somtyds los ieman vi jou  
dai goed langsie pad en da kô jy en dra it in jou hys in.”*

Trantraal is ook uiters bewus van die Standaard Afrikaanse literêre kanon soos bewys in die gedig *Groot Verseboek*, en die standaard tegnieke wat die digter tot sy beskikking het in sy verbeeldingsboks. Hy gebruik hulle en misbruik hulle met “n vernuf wat soms lees as careless of incompetent, maar as jy die strofe oorlees dan kyk jy verby die soms opsetlike slorderige hand.

Dit voel intendeel baie kere in Trantraal se bundel of jy saam met “n pël sit en praat. Trantraal se gedigte vloei in mekaar in met die titels uitsluitlik as pouses of asemsbreke. Kyk byvoorbeeld na die oorskakeling tussen die volgende twee gedigte:

*Carlos* se laaste strofe:

*Hy vetel ôs van toe hy jonk was  
wat weird is, wan dan realise ek wee  
dat ek fokkol van hom af wietie  
en hoe mee hy vetel, hoe mee grateful is  
ek wietie.*

vloei in *gelykenis* se begin in:

*My pa sit een aan saam ôs  
en vetel vi ôs iets fuckin weird.*

En dít maak dat Trantraal se bundel gemaklik lees en dit verdiep die gevoel van gemaklikheid en vertrouenheid met die skrywer en wat hy oorvertel en weergee. Trantraal se bundel is definitief uniek en gedagtesuitlokkend; dit is Kaaps, dit is slim, die observasies is 'n verrissende wysigings, en die perspektief is 'n noodsaaklike toevoeging tot die Suid-Afrikaanse literêre landskap.

Nathan trantraal se slotstrofes, en slotsinne, slaan hard huis toe en soek die plekke uit waar jou ma en pa was. Die enigste kritiek is dat die leser die perspektief met self-bewussyn m.b.t die gemeenskap as 'n geheel moet in ag neem, die stories lees soms doom-en-gloom en die leser moet versigtig wees om nie Trantraal se ervarings en opvattinge te veralgemeen nie.



**Boekresensie: Ons is nie almal so nie (1990) deur Jeanne Goosen**

Resensent: Deon Visser

Jeanette (Jeanne) Helena Goosen is in 1940 in Kaapstad gebore, sy volg “n wye verskeidenheid beroepe tydens haar jonger jare en eindig laastens as joernalis en skrywer op. Sy word deur die jare beïnvloed deur anti-apartheid aktiviste soos Mary Benson en ons sien hierdie onderliggende temas in haar werk. Sy debuteer as digter met haar bundel *Uil vlieg weg* (1971) en as prosa skrywer met *Om ’n mens na te boots* (1975) en in 1990 wen sy die CNA-, Rapport- asook die M-netpryse vir *Ons is nie almal so nie*.

Hierdie belangrike en insiggewende stem vir die Afrikaanse literatuur sterf af 3 June 2020 maar haar werk wat; sosiale klas, rasse verhoudings, en die Calvinistiese patriargiese bestel bevraagteken en ondersoek lewe voort. Haar werk is nog net so relevant vandag as wat dit toe was, gevolglik dien dit as “n bepeinsingsbaken vir die Afrikaner, en die hededaagse Afrikaner mentaliteit.

Jeanne Goosen se *Ons is nie almal so nie* is “n novelle wat in “n gekondenseerde en digte 145 blaaie “n reeks temas en Afrikaner-sake, asook Suid Afrikaanse milieu elemente, ondersoek (soos reeds genoem). Die verhaal speel af tydens die vyftiger jare en vind ditself in die ongemaklike tydperk net na die Nasionale Party aan bewind gekom het in Suid-Afrika.

Die verhaal word in vier dele vertel. In die eerste deel word familie probleme bespreek en waargeneem deur die verteller Gertie van Greunen (5 – 6 jaar oud) en haar jeugdelike perspektief. Dit is deur haar onsensuurde waarnemings en afleidings wat die leser die familie dinamika en sosio-politieke konteks leer ken. In hierdie afdeling vergemaklik Goosen die leser deur middel van die gebruik van die kinderlike perspektief. Die leser word geflous en ingeneem deur Gertie se naïwiteit, met uitlatings en insae soos:

*“Op die ou end het hulle Spider Lady ook gevang. Al was sy sleg, was ek nogal jammer, want ek het van haar gehou, miskien omdat sy soos my ma gelyk het.” (bladsy 48)*

In die tweede deel van die boek vind die leser verwysings na verskeie historiese gebeurtenisse asook apartheidswette soos die Grondgebiede wet, iets wat later sal lei tot die uitlating wat die titel van die boek inspireer:

*“My ma hardloop agterna met die koek en skree: “Ons is nie almal so nie!” maar die vrou draai die venster in haar gesig toe. (bl. 112)”*

Tussen hierdie feitlike agtergrond word die leser ingetrek deur die alledaagse gebeurtenisse van hierdie armoedige werkersklas gesin. Die leser vind Afrikaner kulturele instellings soos die ATKV ((Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging) en verwysings hulle doene en late by Strandoorde in Hartenbos. Op hierdie manier kommentaar Goosen op die eng, en nasionalistiese agenda van die Nasionale Party en vervolgens ook die Afrikaner volk.

*“Sien, dit moet Afrikaans wees. Dit is “n Afrkanerkonsert waar ons ons eie bevorder.” (bladsy 64)*

Gertie bly saam met haar ouers en aan die begin sukkel haar pa Piet om werk te kry maar kry na lank se gesukkel “n werk by die spoorweë. Haar ma Doris werk by die bioskoop en haar vriende Mavis en Tank kom kuier gereeld by die huis, wanneer hulle kom kuier is dit “n gerook en “n gedrink wat Piet nie as gladnie mee saamstem nie.

*“Ek wil jou reguit sê ek is daartéén dat daardie twee mense bedags hier rondlê terwyl ek by die werk is.” (bladsy 36)*

Dit is juis die oomblik wat Piet ‘n werk kry dat Mavis en Tank meer kom kuier. Goosen gebruik ook Mavis en Tank om die vermenging van Afrikaans en Engels in die alledaagse spraak van Afrikaners te beklemtoon. Dit is in die dialoog van hierdie karakters wat ons nie net fisiese rebellie teekom nie, maar ek die taal rebellie en Afrikaans beleid wat deur die ATKV en die NP bevorder word. Goosen kry dit reg om karakters en perspektiewe saam te kook in ‘n interessante en werklike manier. Die leser kan tussen die lyne lees wat Goosen se tong in die kies ondermyning van die historiese werklikheid. Die leser word deur uitlatings soos volg herinner aan idees wat in party dele tot vandag nog voortleef.

*“Jy kan gerus nou daaraan begin dink om die bioscope op te gee. Jou plek is in jou huis. Dis waar ‘n vrou behoort.” (bladsy 101)*

Dit is hierdie druk en Piet se afwesigheid wat lei dat Doris besef haar huwelik is nie so bevredigend nie (die tema van ontvlugting word hier bevorder), en sy eindig op om ‘n buiteegtilke verhouding met een Bernie Truter aan te knoop. Selfs Gertie tel op dat haar ma gelukkig is vir die eerste keer in ‘n lang tyd.

*“Een keer het hy oorgebuig en iets in my ma se oor gesê. Sy het skaam gelyk en rooi geword. Toe weet ek, sy is gelukkig.” (bladsy 98)*

Dit is nie lank nie wat Gertie hulle in die hitte van ‘n seksuele interaksie sien, Goosen se meesterlike gebruik van die kinderlike perspektief en eerstpersoonsverteller verhoog hierdie skokwekkende gebeurtenis, en die leser word uiters met ‘n kriewel in die kies gelos. In die uiteinde is dit hierdie verhouding wat lei tot die tragiese klimaks van die verhaal asook wat lei tot Doris se handomkeer bekering en karakter verandering. Tydens hierdie tydperk sien ons die tema van „godsdienst“ nie net as Christenskap nie, maar ons sien ook mediums, hipnotiste en ander kwaksalwers wat Doris mee te doene kry. Uiteindelik is dit is haar gevoelens van skuld en rou wat haar op ‘n nuwe pad sit, wat op ‘n manier siklus terugkeer na haar kinderdae wat deur haar haar konserwatiewe vader en die godsdienst oordonder was.

In terme van hierdie vind mens ook dat Gertie ontnugter word deur die gebeurtenisse in die storie. Ons kan aflei deur haar stem en haar uitkyk wat effens verander dat sy „grootword“ en dat sy anders is as die Gertie wat ons aan die begin ontmoet het.

Ons word nooit as ter ware vertel presies hoe Gertie lyk nie, en dit is egter die verskil in roman en novelle se eienskappe. Ons leer wel goed waar die verhaal plaasvind:

*“Sy het hom in Woodstock gaan sien, later in Soutrivier, toe in Maitland, Goodwood, later in Parow en toe tot in Bellville”. (bladsy 23)*

Bogenoemde verwys na Doris wat „Gone with the wind“ oor-en-oor gaan flik het. Dit is ook belangrik dat ons weet waar die boek afspeel omdat dit die leser bewus maak van die feit dat Gertie-hulle op ‘n mindergegoede plek bly. Dit bring ook die tema van apartheid en die geforseerde verskuiwing van die Williams gesin, hulle, bure, weens die groepgebiede wet, wat ook die naam van die boek uitlig.

*Ons is nie almal so nie* ondersoek temas wat soms moeilik kan wees vir Afrikaners om in die oog te staar. Dit is deur Gertie se jong oë wat die leser hierdie moeilike tydperk herleef of ervaar. Die interne asook eksterne ontwigting maak hierdie novelle aangrypend en ‘n verhaal wat gekompak en dig gedruk met informasie en Suid-Afrikaanse werklikhede. Van ryk tot arm, van man tot vrou, van Engels tot Afrikaans, en gelowig tot besetene. Jeanne Goosen se *Ons is nie almal so nie* se boodskap is een wat ons nogsteeds vanaf kan leer. Dit is ‘n verhaal wat jou soms sal skok en wegdruk en vergal, maar dis ook ‘n verhaal wat jou sal aangryp en by jou sal bly.

## **Nadenkingsjoernale oor my leeswerk:**

Die volgende nadenkingsjoernale handel oor dit wat ek op die kursus gelees het. Ek skryf oor beide die voorgeskrewe werk en dit wat ek op my eie stoom uitgesoek het. Die joernale wys hoe ek dit wat ek lees krities kan benader en hoe ek dit na my eie werk toe terugbring.

Week 16

### **Donderdag, 16 April 2020**

Ek het hierdie week vir my skryfstuk probeer om so vêr as moontlik buite my gemakzone met Afrikaans te strek. Ek was moeg daarvan om te sukkel met die taal en die woorde te try kry wat my toelaat om te sê wat ek wil. Ek dink daar was “n punt wat ek net fed-up was vir mooi praat en ordentlik wees. So toe het ek die stuk geskryf wat ek op die ou einde van die dag geskryf het.

Ek het dit vir my vriendin gewys en sy het vir my drie gedigte van Loftus Marias gestuur as verdere lees materiaal en inspirasie. Die manier waaropdit geskryf is is moerse uncensored en unfettered maar terselfdertyd is dit ook op “n manier aanvaarbaar. Ek dink mens moet versigtig wees wanneer jy skryf. Nie dat jy jouself censor nie, maar dat jy respekvol bly.

Ek kyk na voorbeelde uit Loftus Marais se werk om hierdie vêrder te illustreer.

Met lyne soos “ek”s gedeeltelik draadtrekker en dief” in *Op Soek* sê Marais moontlik dat wanneer ons skryf, ons goed opmaak en goed steel. Dit wys hoe hy “n relatief-groot konsep, wat ek al baie kere in meer akademiese kontekste gelees of bespreek het, kan afbreek na sy vlak toe. Na sy eie waarheid of gedagtes daaroor toe.

In *Die digter as rockstar* is “paparazzi splitsekondes” só “n goeie manier is om “n glefie tyd te beskryf.

“Ek dra my punctuation as piercings,” het nou weer “n ander kwaliteit wat vir my die vryheid wil-wil gee om werklik te kan skryf soos ek praat. Meng die taal, maar in matige hoeveelhede wat sinvol is.

Daar is klomp woorde in hierdie gedigte wat ek nog nooit gebruik het nie, maar baie like. Woorde soos “loer hoer” was “n brilliant manier om “n voyeur te beskryf.

Die imagery is ook baie sterk in die gedigte. Ek sal oor die algemeen graag meer soos dit wil skryf. Maar ek dink ook nie nêr so nie. Ek wil graag my eie manier van expression vind wat so waar as moontlik aan wat my werklike stem is. Maar ek dink ook ons kan chop-en-change en verander. Dís vir my die lekkerte van skryf.

Week 17

### **Donderdag, 23 April 2020**

Ek het *Die Boek van Toeval en Toeverlaat* deur Ingrid Winterbach begin lees. Ek hou van hoe die boek so vêr verloop. Daar is baie nuwe woorde en uitdrukkings wat ek neerskryf en van notas maak. Ek is nie seker of dit “n goeie boek gaan wees nie, maar ek geniet op die oomblik van die scenes verskriklik baie. Ek hou van hoe sy plekke beskryf en hoe sy iets arbitrêr, soos die protagonist se werk, met die storie integreer.

“Dood is “n drumpel wat ek nie kan oorsteek nie,” was “n baie mooi sin en ek dink dit pas so goed in met hierdie week se skryf opdrag en seminaar.

Week 18

### **Vrydag, 1 Mei 2020**

#### **Gedagtes op *Elders* deur Erns Grundlin**

Ek hou van hoe die whatsapp boodskap deel van die narrative gemaak was. Maar dit voel tog vreemd. Dit voel amper soos hoe dit voel as jy met ‘n Afrikaanse vriend Engels moet praat. Weird. Maar ek dink dit is belangrik om maniere te kry om dit te doen. Hierdie tipe artifacts is deel van ons hedendaagse maniere van communicate. Ek dink as ons kyk na meeste TV series, sal ons sien dat hulle dit ook al hoe meer en meer begin doen het. Die ding is net om die regte standaard te kry.

Dit val my altyd as braaf op as daar Engels in “n stuk ingemeng is. Ek voel glad nie dat dit forced is nie.

Die deel by die lughawe staan uit. ““n Stem maak aankondigings in Arabies en Engels. Die veiligheidsgordel liggies skakel af.” Ek hou daarvan omdat ek vir “n lank tyd gedink het my eie experiences was nie “strange” of “special genoeg nie.

Ek het ook daarvan gehou as daar elke nou en dan van die main storie af geside-step word. Ek voel dat ek dit baie doen in my skryf en dit is lekker om te kan sien dat dit deur gepubliseerde skrywers gedoen word.

Die feit dat die stuk ook sulke menslike gewoontes en vices soos procrastination in het, is ook vir my bevredigend. Juis omdat dit iets is waarmee ek verskriklik baie sukkel.

#### **Gedagtes op *Op pad* deur Dana Snyman**

Ek hou van hoe die stuk sekere South Africanisms in het:

“Jy sien dit aan die plakkershutte buite die Paarl en aan die spesiale aanbieding in die slaghuis op Rawsonville: “Varkkoppe! Slegs R18 stuk!” Jy sien dit aan die ry mans op die sypaadjie oorkant die Golden Valley Casino by Worcester, party met “n verfroller of “n waterpas in die hand, wagtend om weggevoer te word na “n los werkie iewers.”

Mens probeer soms verby die Suid Afrikaanse werklikhede te kyk. Maar ek besef nou al hoe meer en meer mens ontnem jouself en jou skryfwerk as jy nie authentic en real is nie. Dis soos om jouself te misrepresent.

Ek voel asof ek regtig op “n werklike Suid Afrikaanse road trip is as ek die stuk lees. Hierdie is die tipe plekke wat mens sal sien soos jy ry. Hierdie is ook die tipe mense wat jy sal sien. Ek moet meer notas maak wanneer ek travel.

Daar is ‘n groot gedeelte van my wat suiwer uit reis bestaan. Ek het as kind baie gereis. Hoekom het ek nog nie hierdie ten volle embrace en in my skryf ingemeng nie?

### **Gedagtes op: *Wit issie ’n Colour ie deur Nathan Trantraal***

Ek het baie aanklank met die line gevind: “die kôt mensie wie nie wiet hoe om haa gevoelens te wysie.”

Ek het ook baie van die imagery in: “Is te veel gevoelens wat yt hang” gehou.

“Ek sneak weg tewyl ammel slaap,” voel letterlik soos die story of my life. Ek dink hierdie gee my ‘n idee om oor al daai verlore goodbyes te skryf.

Week 19

### **Woensdag, 6 Mei 2020**

Ek het uiteindelik *Die Boek van Toeval en Toeverlaat* klaar ge lees. Ek het amper moed ogeege halfpad deur, omdat die boek regtig waar baie eentonig geraak het. Dit het tussen die protagonis se gesteelde skulpe, haar werk met die biblioteek, en ‘n ander tema heelyd rondgewentel.

Ek het die dictionary en woordelyste aan die begin baie interessant en dalk aanvullend tot my eie woordeskat gesien, maar later het dit net simpel en afgesaagd geraak. Daar het letterlik niks in die boek gebeur nie. En toe naby die einde gaan haar kollega dood. Dit was vir my regtig klaar te laat omdat ek teen bladsy 100 belangstelling begin verloor het.

Ek het aan die begin besef dat sy baie kort sinne gebruik. Dit het ‘n spannende effek gehad. Ek gebruik reeds dikwels korter sinne wanneer ek skryf so ek kan sien watse effek die afwisseling van sin-lengtes op die leser het.

“Skropvrou” was vir my ‘n goeie woord vir ‘n huishoudster, ek het nie voorheen hierdie woord gesien nie. So dit was lekker om te sien mens kan dit anders verwoord.

“Konterige moerskont” – was ook vir my ‘n lekker woord-kombinasie

Dit was vir my goed om te sien hoe sy ander tekste en mediums in die teks inweef. Dat mens ‘n tipe doolhof/maze kan maak van references.

Sy het baie dikwels die kamers en plekke baie mooi beskryf. Ek het nie gevoel asof daar te veel beskrywing was nie. Ek sukkel soms met die soort balans. Ek sukkel ook om aan goed te dink wat nuut of anders is. Ek dink wat ek kan doen wanneer ek sukkel is om ‘n lys te maak van goed en stuk-stuk daarop te bou. Ek het gesien dat Joyce Carol Oates hierdie tegniek gebruik.

Daar was vir my baie dele wat lekker, in die sin van hoe tipies Afrikaans/Suid-Afrikaans hulle was. Ek shy often weg daarvan om South Africanisms te integreer. Daar is ‘n tipe skaamte of denialism wat ek oor my erfenis het.

Die woord “vertroebel” was ook ‘n woord wat ek nog nooit van te vore raakgelees het of self gebruik het nie. Maar ek hou daarvan.

Daar was “n baie kort gay scene in die boek. Dit het vir my onverwags plaasgevind en het by tye bietjie forced gevoel. Daar is baie dele van die boek waar ek nie eintlik verstaan het wat die punt of nut van die scene was nie. Ek dink dit is net weereens “n herinnering vir my dat ek slégs wat nodig is in “n boek moet probeer om sit . Dit kom terug na daardie gedagte van as dit nie bydra nie, wat maak dit in die boek? Hoort dit in die boek?

Sy het baie rase tension ook in die boek ingeskryf. Ek het dit belangrik gevind want ek voel baie dikwels dat ons wanneer ons skryf nie die volle waarheid mirror van die South African condition nie. Ek dink dit is belangrik om die lig op hierdie onderwerpe te skyn.

**Gedagtes op *Die Volk is in die Kak*** deur Toast Coetzer/The Buckfever Underground. (Nathan Trantraal het hierdie liedjie vir my aanbeveel.)

Ek hou dadelik van hoe hy oor die land praat . Ek het al baie hierdie gevoel gehad – dat ek presies weet wat fout is met die land. Dat ons almal om die probleme trippel en regtigwaar net te bang is om ons bekke te rek oor die goed wat die wêrklike probleme is.

“Trippel trappe trone die volk is in die kak,” was vir my “n goeie manier om dit huistoe te bring. Die idee van kinder rympies maar ook die gewig van die werklikheid saam is vir my aangrypend.

Ek dink hierdie stuk wys my ook hoe om oor tipiese Suid Afrikaans artifacts te skryf. Ek dink dit is iets wat my skryf inaccessible kan maak. Maar dit is belangrik om hierdie tipiese Suid Afrikaanshede nader aan die leser te bring. Ek dink ek wil die week wat kom try om iets te skryf wat meer doelbewus die Suid-Afrikaanse milieu inweef in my skryf in.

Week 22

### **Donderdag, 28 Mei 2020**

#### **Gedagtes oor *Die moeder* deur Elisabeth Eybers**

Die titel wat “die” gebruik voel onpersoonlik. Dit wil vir my voorkom asof hierdie gedig die ma op “n afstand gaan aanskou.

“Soos lig deur “n kristal deur my gevloei,” was vir my lig en effektief. Ek het gehou van hoe in-motion dit is.

In “wonderlik gevorm het en gevoed?” val die missing „het“ my op. Dit los my met “n gevoel van longing en deurmekaarheid. Ek weet nie of dit die doel was nie maar dit maak my bewus hoe mens soms met taal mag speel.

“Met die onsigb“re naelstring wat nie breek,” was vir my baie mooi en ek dink dit het baie effektief daardie verbintenis en connection tussen ma en kind oorgedra en gewys.

#### **Gedagtes oor *Ma* deur Antjie Krog**

“Net sommer „n kaalvoetgedig,” is “n mooi manier om te praat van iets wat effortless is. Iets wat kinderdae saamvat met die hede.

Vêrder het die laaste strofe soveel emosie in. En ek kon ten volle by die skrywer se sentiment aanklank vind.

“Ek is so jammer mamma

dat ek nie is

wat ek graag vir jou wil wees nie”

Die feit dat die titel net eenvoudig “Ma” is gee ook “n layer – mens verwag dat die gedig iets serious gaan oordra.

### **Gedagtes op *Gertruida* deur Ronelda S. Kamfer**

Hierdie was tot dusvêr vir my die beste gedig in terme van hoe ek oor my eie ma sou wou skryf. Ek dink die feit dat daar geen leestekens of hoofletters is nie gee vryheid.

Ek hou van al die vergelykings en ek dink hulle is almal nuut op hulle eie manier. Ek hou van hoe van die images van een tot die volgende lyn strek. Dit maak die pas en ritme interessant.

“Met ’n stukkende hart

ek tel die glasstukkies op

en begrawe dit onder my vel”

Hierdie laaste deel het by vêr die meeste uitgestaan. Dit was visceral en lewendig en letterlik onder my eie vel. Ek kon dit voel en sien. En ek kon verstaan hoe ons deel is van ons ouers en hoe ons iets van hulle saam met ons dra. Ek dink die glasstukke wys daar die ongemaklikheid uit.

### **Gedagtes op *Hammie* deur Nathan Trantraal**

Ek vind dikwels aanklank by Nathan Trantraal se werk. Die Kaapse Afrikaans is iets waarmee ek grootgeword het. En daar was altyd “n tipe seperation vir my met Kaaps en Standaard Afrikaans. Ek dink dit is iets te doen met die verhouding wat ek met mense van ander kultuur groepe het. Ek dink die feit dat ek in “n predominantly blank skool, skool gegaan het het dit moeilik gemaak. Maar terselfdertyd het ek as kind grootgeword in ons familie fabriek. En meeste van ons werkers het Kaaps gepraat. So ek het tot “n mate met die woordkeuses van kleins af al te doen gehad.

Nathan Trantraal se werk is baie keer vir my vriendskaplik. Dit is asof ek met “n vriend praat wat vir my iets vertel. Inderwaarheid herinner die digter se observasies en perspektief my aan van my goeie vriende s“n.

Sinne soos:

“It is by haa wat ek gelee et

hoe om te hustle.

Nie dai gangsta-hustle ie,”

laat dink my aan jonger dae saam met vriende by die skool. Ek vind aanklank weens die gevoel dat ek as leser direk in die stuk deelneem. En die feit dat dit in Afrikaans/Kaaps is bring dit nader en maak dit persoonlik.

Ek hou van hoe honest en gespreklik die gedig is met sinne soos:

“My ma het my gelee  
ommie sentimental te wiesie.  
Die eeste ding wat sy gepawn et  
was haa trouinge”

Ek het gevoel asof ek daar was. Ek het gevoel dat trouinge en die feit dat die ma hierdie gedigte moes pawn iets verskriklik intimate was. Dit herhinner my aan goed in my eie familie geskiedenis wat moeilik is om oor te skryf.

Ek skryf dikwels met dialoog in gedagte, meeste van die tyd in Engelse gedigte. In Afrikaanse prosa hou ek gewoonlik die dialoog kort. Ek vind dit help my om my stories so oor te dra. Ek kan sien hoe dit in hierdie gedig ook net “n ander layer by die gedig bysit. In die gedig vind die leser hulself in die oomblik wat die aksie gebeur het deur middel van die dialoog. Maar dan sidestep mens ook amper dadelik terug in die herinnering en bepeinsing/rumination van die ma en wat sy doen. Mens kan jouself verbeel waar die skrywer homself vind, dat hy ouer is, dat hy nie meer dieselfde mens is nie. Daar is “n seperation of skeiding van tyd en plek, maar daar is ook iets baie naby aan die rumination. Daar is ook oomblike wat die stuk advies en meer lewenslesse aandui. Ek dink ek doen nie dit gereeld genoeg in my eie skryfwerk ne. Of dalk doen ek dit maar nie so direk nie. Ek weet nie. Ek sal moet dink daaroor en my skryfwerk dophou.

Dis ook snaaks want ek voel dikwels so oor my eie skryfwerk. Dat ek nie sekere goed kan skryf of sê nie omdat my ma of iemand ander dit gaan lees. Ek dink Hammie is unapologetic. Dit sê presies en direk wat dit is. Ek het die slagspreek “op die nommer” en “prontuit” in gedagte wanneer ek dit lees. No holds barred. Toe ek die volgende lees:

“Sy roek drie pakkies êntjies “n dag as sy het  
en as sy nie hettie, dan tel sy toppatjies op  
en swai vi ôs pilletjies mettie phonebook.  
As jy heeldag nie geroekittie  
dan voel elke puff soese man-sized hit.”

Het ek nogal geskok gevoel. Ek het dadelik gevoel asof iemand hulle “bek verby gepraat het”. Ek dink dit is “n teken vir my oor hoe afgesny en self-censored ek mag wees. Ek moet meer hierdie tipe goed wat my so laat voel explore. Ek dink nie altyd dit gaan oor die emosionele, vreesaanjaende goed nie. Dit gaan ook daaroor om die werklike verlede in so “n manier te kan incorporate dat jy “trots” of ten minste sonder skaamte daaroor kan praat. Ek dink een van die groot goed wat ek nog nooit oor geskryf het nie was die slow motion specatator wat ek was toe my ouers geskei het. Daar is baie memories wat daaraan gekoppel is. Daar is baie gedagtes en mini-realizations wat ek as kind klaar gehad het. Ek dink ek kan presies onthou toe ek elf was dat ons oorsee gaan en dat ek vir myself “n mental nota gemaak het wat sê “hulle doen nou net die om goed te probeer laat werk”. Die rede wat ek so voel is omdat ek vividly kan onthou toe ek agt was dat my pa my gevra het “wil jy hê ek moet jou ma



skei” wat nogal “n skok was. Maar ek dink dit het die onsekerheid van ons familie in my gevestig. Jare later het ek met my pa hieroor gepraat en hy het eenvoudig net gesê dat dit nooit gebeur het nie. Maar ek weet vir “n feit dit het. Ek onthou die plek, die tyd, wat ek gedoen het, en die kleur van die mure self. Ek onthou wat my pa gedoen het. Waar my ma was. En selfs watter tyd van die jaar dit plaasgevind het.

Ek kan ook voel as ek die lees hoe dit verskil van die ander gedigte. Dit is nader. Dit is dalk meer persoonlik?

“My ma groet gangsters en kêkmense dieselle

wan sytie kêkmense geken

voo hulle gangsters geraak et

ennie gangsters voo hulle

hulle harte virrie Here gegie et.

My ma respek nieman te veel of te min nie”

Ek moes die strofe “n paar keer lees omdat daar soveel vir my daar was. Elke strofe is amper soos “n nuwe vignette. Dit is nie net die kulturele insae nie. Dit is die taal. Die plek. Die gewoontes. Dit is wat hy van sy ma af geleer het. Maar dit is ook hoe dit was om groot te word in hierdie tipe situasie. Hoe vergelyk dit met my eie grootword proses?

Ek dink dit het “n vinnige vignette in my kop geskets van “n scene. Ek dink die gebruik van maklike woorde en well-contained vignettes in strofes is wat dit so effektief gemaak het. Ek dink ook die feit dat daar die golden thread van die ma is dat ons hierdie gedagtes kan anker en pen op iets. Dit wys hoe belangrik motief en deurlopende deel in “n stuk kan wees.

Ek kon die kerk met die mense en die neighbourhood met die mense sien en voel, ek het onlangs in my kort verhaal „Moederbaar“ dieselfde vivid imagery gebruik vat bv. Die opening paragraaf:

“Ek hoor die rukkende eggo van my verlede in skulpe wat ek langs die kus skop. Ek loop op en af met die strand, en wonder hoekom die see so fokken koud is hier. Ek voel die bries wat sand in die lig opsweep en dit voor my laat uitsprint. Daar’s haai-baba-sakkies wat uitgespoel lê en stadig verbokkom.”

Ek dink ek het alles wat ek voor bang was wat ek uit hierdie stuk geleer het gebruik in een van my vignette wat te doene gehad het met memory en memoir:

“Die cul-de-sac-seuns het altyd sonder my in die straat gespeel. Leon se vel het altyd gestink. Dis asof sy ma nie omgee het dat hy soos; rugby, en gras, en hondepis ruik nie. Ons hoë mure het hulle uitgehou en my ingehou. Karel en Reinhard het kom swem. Reinhard het sy swembroek uitgetrek en na die anderkantse wal toe gegooi. „Kom ons race vir swembroeke“ het hy opgewonde gesê.

Matriek het Reinhard volpunte en sewe A’s gekry. Hy het die aand voor die punte en rapporte uit is by „Irene“ afgejaag in sy ma se ou rooi kar. Hy het die kar om die dunste boompie by die straatelmsboom omvou. Hy het op die agterste sitplek gaan lê en verdwyn.”

Hy het daai dag by die swembad heel eerste sy swembroek gekry as dit saakmaak.”

Ek het vir “n baie lang tyd gesukkel om te skryf oor die mense wat in my lewe was, maar wat afgesterf het. Ek het die afgelope paar maande gedink aan hulle almal en hoe ek hulle sal kan vasvang. Ek dink ek het besef die oomblik wat ek try om oor hulle te skryf, dat ek uit respek uit die memory sal edit. En myself censor. Maar ek dink dit is juis die waarheid wat die meeste sin maak, en impak het. Ek sal die week meer probeer om daarmee te eksperimenteer en daardie stories te vertel.

Week 24

## **Tuesday, 9 June 2020**

### **Niggie – Ingrid Winterbach**

Ek het onlangs Ingrid Winterbach se boek “Toeval en Toeverlaat” gelees en ek het “Niggie” toevallig uitgeneem toe ek dit in die Rhodes biblioteek gesien het.

Ek het besluit dat ek nie hierdie hele boek gaan lees nie maar dat ek liever dit gaan scan en kyk of dit vir my werk of nie.

Die eerste ding wat my byval wanneer ek die eerste hoofstuk lees is dat ek nie van die taalgebruik hou nie. “Hy dring daarop aan dat hulle ...” daar is net iets van die vorgie sin wat my afsit. Ek voel “n bietjie asof ek die boek dalk sal mag geniet. Daar was iets wat familiar was van die manier hoe die exposition/beskrywing gedoen word. Ek dink dit vat my terug na plaas tye toe. My vraag is of ek met “n meer moderne Afrikaans kan skryf oor hierdie tipe goed. Dit voel soms vir my wanneer “n mens skryf oor plase en sulke Afrikaner plekke mens die taal moet mooi hou.

Ek sien hierdie in my eie skryfwerk, bv. In my familie stories, skryf ek in Standaard Afrikaans. Ek wonder as ek nou daardie stories sou skryf asof ek dit so sou doen.

Vat byvoorbeeld die volgende uittreksel uit “Ek praat maar net Afrikaans”

“Nou wat moet ek daaraan doen” vluister ek saggies maar wel hard genoeg om my eie stem te hoor. Ek besluit toe om te maak of ek slaap, dit werk gewoonlik, mense hou buitendien nie daarvan om slapende honde wakker te maak nie, en ek weet dit goed. Ek was, en is, een van daardie woedende besetene mense as hulle onverwags wakker gemaak word.”

As ek nou na hierdie stem kyk, herken ek nie myself nie. Dit voel nie vir my authentic nie. Dit voel baie soos iets wat ek weens ons voorgeskrewe werk op skool aangeleer het. Ek dink as ek nou moes skryf sou ek die storie anders vertel. Ek sou dit anders geskryf het, dalk meer soos wat ek hierdie week geskryf het in my stuk “Ouhuis”.

“Ek het “n glimlag wat stadig begint huiwer. Met elke woord wat ek skryf oor die verlede grawe ek “n dieper gat. Dril. Dril. Dril. Tril. Tril. Tril.

Lyk my bolip al soos “n jackhammer? Lyk my onderlip al soos die grond? Lyk die traan wat souterig proe al soos “n mynskag wat van bo tot onder sny en frack?

Of verbeel ek my?

In my trauma speel huise “n belangrike rol. In my lewe vat die vier mure van skuiling die vierde trap van vergelyking se plek oor.”

As ek na hierdie taal gebruik kyk wat ek in die aanhaling gebruik het is dit meer direk. Dit is meer soos wat my eie stem klink. Ek sukkel soms om oor te skakel in my skryfstem in. Ek sukkel om die regte woorde te kry en ritme wat ek sal gebruik soos wat ek nou skryf. Is dit omdat ek eers onlangs so begin skryf het?

Ek is baie keer bang dat ek hoe ek nou skryf gaan verloor en nooit weer sal kan regkry nie.

